

TAAALGENOOT

TAAALGENOOT IS DEUR DIE SA PUBLIKASIEFORUM AS DIE BESTE KORPORATIEWE PUBLIKASIE VIR 2019 AANGEWYS.



ATKV
LENTE 2020

R40 (BTW ingesluit)

NETWERK24

Alles op een plek

Word 'n Netwerk24-intekenaar en geniet jou gunsteling-Afrikaanse koerante en tydskrifte die oomblik wanneer die jongste uitgawes op die winkelrakke land!



Netwerk24 bied nuus soos dit ontvou, asook die beste leefstyl-inhoud in Afrikaans. Aangrypende ware lewensdramas, stories oor bekendes, beste raad, watertandresepte, reisgidse en slim styl- en dekorwenke – alles op een plek! Boonop het Netwerk24 elke maand 'n nuwe luisterboek waarna intekenare kan luister, interessante podsendinge en blitssepie met bekendes in die rolverdeling.

Laai jou blokraaisels gerieflik op een plek af vir ure se genot. Hope tuisvermaak in die gerief van jou eie huis.

Haak jy vas?

Kontak ons dienssentrum by:

Tel: 087 353 1300

e-pos: diens@netwerk24.com

Teken in
teen slegs

R99 p.m. Besoek

Netwerk24.com of laai die
app in jou app-winkel af.

Geniet die luilekker somersdae



KOMMERVRY



Nou dat die somer in volle swang is, is dit tyd om die braaier af te stof, die swemhanddoeke uit te haal en die lang, warm dae voluit te geniet. Doen dit sonder om jou te bekommer oor misdaad of die noodlot wat jou skade kan aandoen, want Auto & General Motor- en Huisinhoudversekering dek jou teen 'n verskeidenheid risiko's, soos:

- brandskade, vir as die braaivleisvuur groter word as wat jy beplan het
- diefstal van jou persoonlike besittings soos jou selfoon of kamera
- skade aan jou geboue en strukture, ingeval die somerswolkies in 'n donderstorm ontaard.



Vir **BESPARINGS** wat jou nie koud sal laat nie, skakel **0860 28 28 69** en kry 'n kwotasie.

INHOUD

7	REDAKTEURSBRIEF Die genot van wag	52	DEKOLONIALISASIE Slag die heilige koeie!
8	STANDPUNT Nuwe en ou uitdagings	56	BLACK LIVES MATTER Allermens 'short & sweet'
9	MARITA VAN DER VYVER My dogter, ek wil jou vertel ...	60	WETENSKAPONTKENNING Die mitologie van sekerheid
10	SOPHIA KAPP Kartonne met 'n "D"	64	IBOGAINE Die wortel van traumagenesing
11	KUNSTENAARSRESIDENSIES Van Guernsey na die Franse platteland	68	BOIKOTKULTUUR Woede van die kwaai massas
16	PEN AFRIKAANS Brian Fredericks	72	ARMOEDEKRISIS Die honger wolf voor die deur
18	NALN Jou Benz is my bakkie	76	HOËSORGSINDROOM Monsters op die smal weg
20	VERONIQUE JEPHTAS Dogter van Jephtas	80	AFRIKAAPS Hoo' ôs uniqueness
22	ZELDA BEZUIDENHOUT Kleefnotas wat 'n storie vertel	84	DIGIKUNS Wanneer kuns en die geskrewe woord trou
24	KLEUR IN POËSIE Wanneer reënboë grys het	90	DIGISKRYF Wie nie skryf nie, wen nie!
26	GREEN SCHOOL SUID-AFRIKA G'n 'papegaai' in dié klas	96	TAKKE 'n Vereniging beloon sy lede
28	OORLOGSMUSIEK Note van onsterflike waarde(s)	102	#WEESDIEVERSKIL Vars visie vir 'nuwe' SA
34	MEDIA-AFLEGGINGS Steeds vuur in hulle are	106	OORDE Kry jou bleek lyf in die ATKV-son
36	WILDTUINHONDE Oubaas se breker	109	WOORDPRET Blokraai
40	VOORBLAD Sekerheid in die hersenskim	110	KOOS KOMBUIS Die grens tussen praat en doen
48	GESTREMDHEID Die dag toe alles verander	111	FOURIE ROSSOUW Die bliksemse Goliat

11



36



40



68



80



96



106





**Ons sien die geheelbeeld,
jy geniet die voordeel.**

**Jou persoonlike behoeftes is ons eerste prioriteit,
sodat versekering die laaste ding is waarom jy jou
hoef te bekommer.**

Vir meer inligting, skakel 0861 774 665, e-pos CCCentral@psg.co.za of besoek www.psg.co.za om 'n adviseur naby jou te vind.

DIE GENOT VAN WAG



Die ander oggend, nadat ek my vyfjarige by die skool afgelaai het, besef ek opnuut hoe maklik dit geword het om na musiek te luister: Jy laai net wat jou hart begeer af op die rekenaar, stoor dit op 'n geheuestokkie en siedaar!

Sommige mense sal dink dit is ou nuus; hulle is op platforms soos Spotify, van waar hulle musiek via Bluetooth reguit na hul slimfoon stroom. Hoe het dinge darem nie verander sedert ek 'n tiener was nie. My seuntjie het nog nooit 'n kasset gesien nie (hy weet darem wat 'n CD is). Ek onthou hoe ek vir ure kon sit en die voubiljet bestudeer wat 'n mens saam met die kasset gekry het. Ek kon my verkyk aan die foto's, die lirieke en die kunswerk. Jy kon by jou vriende af-tape om die nuutste musiek te kry.

Dis die kontras – vandag het jy gemak en 'n magdom keuses. Maar dit kom teen 'n prys: Jy luister sommige liedjies nooit klaar nie; jy spring net na die volgende een. Dieselfde geld albums. Voer dit jou nie mee nie, vee jy dit sommer uit. Dit kry nie kans om op jou te groei nie. En wat van die omslae? Ek weet nie eens meer hoe lyk die albums se kunswerk nie.

Dis dieselfde met nuus. Sit jou selfoon aan en daar is alles wat jy wil weet met die druk van 'n knoppie. Ek probeer steeds Sondae die koerant koop, want wat is nou lekkerder as om by die kombuistafel te sit met 'n koppie koffie en die week se nuus? Maar nou ja, mense sal seker redeneer dis onnodige papier wat die lewe van 'n boom êrens gekos het. Ek oorweeg dit wel om weer 'n brief te skryf vir my ma. Al weet ek dat my "rekenaarfik" hand sal kramp van al die skryf. Dis dan soveel makliker om net 'n WhatsApp-videogesprek te voer.

Is dit regtig 'n goeie ding om alles te kry wat jy wil hê? Sonder om uit te sien na enigiets; sonder om te wag.

Soos baie lesers al weet is *Taalgenoot* nou ook in digitale formaat beskikbaar.

Ek verkies nog die gedrukte weergawe, of dit nou 'n tydskrif of 'n boek is. Ek is mal oor die reuk van papier en wanneer die foto's en illustrasies van die bladsye "spring". Ek sit heeldag voor 'n rekenaar en my idee van ontspanning is nie om nóg tyd voor 'n skerm deur te bring nie. Ander mense redeneer weer hulle kan honderde boeke op hul toestel laai en hoef nie stapels boeke rond te karwei nie.

Wil jy steeds die drukweergawe van *Taalgenoot* ontvang? [Klik hier](#) en laat weet ons gerus!

Ons sit met kitsoplossings vir alles, lyk dit. In die gemak van jou leunstoel en met 'n vingerveeg of twee is die wêreld tot jou beskikking. Ek het agtergekom ek moet waak daarteen – dit kan 'n mens verswelg. Die jaar het sy tol geëis; ek sien dit in mense se gesig. In die verkeer. Soms moet 'n mens net stil wees en asemhaal. Kyk wat jy steeds het. Onthou om dankbaar te wees.

Ek staan nou vroeër op en gaan sit met my koffie op die balkon. Daar is voëlgeluide wat ek nog nooit gehoor het nie. Ek sit my selfoon eers later aan en besoek die nuuswebwerwe om deur die (meestal somber) werklikheid begroet te word.

Ek raak soms weg tussen die kontras van gister se nostalgie en vandag se harde werklikheid. Kontras is nie net wit en swart nie; die geheim lê daarin om die middeweg te vind. Dis hopelik dáár waar jy ook vrede vind.

Geniet *Taalgenoot* se lente-uitgawe.

JOHAN JACK SMITH

REDAKTEUR Johan Jack Smith
PRODUKSIEREDAKTEUR Martie Swart
UITLEGKUNSTENAAR Marelise Scholtz
HOOF: DIGITALE MEDIA Reza Clifford
TAALVERSORGING Marli Swanepoel, Jacques Liebenberg
INTEKENARE Lillian Meyer 011 919 9112 of LillianM@atkv.org.za of Taalgenoot@atkv.org.za
BEMARKING & ADVERTENSIES
Johan Jack Smith: JohanS@atkv.org.za
Reza Clifford: Rezav@atkv.org.za

TAALGENOOT

Vir redaksionele of advertensienavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0208
Vrybelommer: 0800 00 2209
E-pos: JohanS@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

ATKV-HOOFKANTOOR

Vir adresveranderings of ledenavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0205
Vrybelommer: 0800 00 2209
E-pos: atkv@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

OORDE

Buffelspoort Die Oordbestuurder.
Privaatsak X222, Mooi-nooi 0325.
Tel: 014 572 1000 •
Faks: 014 572 1010.
E-pos: buffelspoort@atkv.org.za

Drakensville Die Oordbestuurder.
Posbus 53, Jagersrust 3354. Tel: 036 438 6287 • Faks: 036 438 6524.
E-pos: drakensville@atkv.org.za

Eiland Spa Tel: 015 386 8000 •
Faks: 015 386 8032
E-pos: eilandspa@atkv.org.za

Goudini Spa Die Oordbestuurder, Posbus 47, Rawsonville 6845. Tel: 023 349 8100 • Faks: 023 344 3158.
E-pos: goudini@atkv.org.za

Hartenbos Die Oordbestuurder.
Posbus 3, Hartenbos 6520.
Tel: 044 601 7200/19/21 •
Faks: 044 695 0770
E-pos: hartenbos@atkv.org.za

Klein-Kariba Die Oordbestuurder.
Posbus 150, Warmbad 0480.
Tel: 014 736 9800 • Faks: 014 736 3457.
E-pos: kariba@atkv.org.za

Natalia Die Oordbestuurder, Posbus 11, Winkelspruit 4145. Tel: 031 916 4545/6 • Faks: 031 916 2212.
E-pos: natalia@atkv.org.za

Besprekings vir enige van die ATKV-oorde kan ook weksdae vanaf 08:00 tot 17:00 by die sentrale besprekingsnommer op hoofkantoor 011 919 9076 of 011 919 9058 gemaak word

TG word uitgegee deur die ATKV, Posbus 4586, Randburg 2125. Die menings uitgespreek in TG weerspieël nie noodwendig die amptelike standpunt van die ATKV nie. Geen deel van die inhoud mag sonder die toestemming van die redakteur elders gebruik word nie. Alle medewerkers, fotografe en kunstenaars doen afstand van hul outeursreg sodra 'n bydrae in TG gepubliseer is. TG neem nie aanspreeklikheid vir die taalkorrektheid of voorkoor van die taal van adverteerders of advertensies nie. Die menings en standpunte uitgespreek deur lesers, skrywers en kunstenaars in TG is nie noodwendig die standpunt van die ATKV nie.

NUWE EN OU UITDAGINGS



Toe ek gaan sit en begin nadink oor waarom ek in hierdie uitgawe van *Taalgenoot* wil skryf, het ek geweet dat dit iets met uitdaginge te make het.

Dalk omdat amper alle uitdaginge wat ons deesdae in die gesig staar 'n direkte of indirekte gevolg van Covid-19 is, het ek besluit om dieper te gaan.

Ek wou skryf oor iets waarmee ons worstel. Omdat die dinge wat ons bevraagteken, gewoonlik die dinge is wat ons die meeste van weet, en in die algemeen die meeste oor omgee.

Die Covid-19-pandemie, 'n massiewe sistemiese skok, het 'n ramp in openbare gesondheid veroorsaak en hou 'n ernstige ekonomiese krisis vir ons in.

Dit bied 'n kritieke uitdaging aan regerings en multilaterale instellings om 'n effektiewe en samehangende reaksie te formuleer en toe te pas.

Maar dis ook hier waar nuwe en oue uitdaginge ons die geleentheid bied om te innoveer.

Sommige waarnemers het voorgestel dat die pandemie 'n portaal is, 'n poort tussen die een wêreld en die volgende, wat ons die keuse bied om óf te herstel op 'n normale manier, óf om te herbou deur met die verlede te breek en beter strukture en verhoudinge te bou.

Ons het nuwe vaardighede aangeleer. Dit het ons gedwing om vinniger as nog ooit tevore te verander en om verandering te omhels, al het dit aan die begin soos 'n ongemaklike drukkie gevoel.

Kleinkinders wat voorheen eers vir 'n Desemberavansie moes wag om by Oupa en Ouma te kuier, sien nou vir

Oupa en Ouma amper op 'n weeklikse basis, want digitale platforms het ons, jonk en oud, geleer om makliker met mekaar in kontak te bly.

Die buitensporige impak van die Covid-19-

virus op die benadeeldes het gelei tot 'n toenemende erkenning dat veerkrachtiger gemeenskappe minder ongelyk is.

In 'n baie onderling verbonde en geglobaliseerde wêreld, is die verantwoordelikheid om die armstes en kwesbares te help om die uitwerkinge van Covid-19 en die gevolge daarvan op menslike gesondheid en die ekonomie die hoof te bied, nie net 'n saak van humanitêre belang nie, maar is dit ook in die direkte

“ONS HET NUWE
VAARDIGHEDDE AANGELEER.
DIT HET ONS GEDWING OM
VINNIGER AS NOG OOIT
TEVORE TE VERANDER EN
OM VERANDERING TE
OMHEL, AL HET DIT AAN
DIE BEGIN SOOS 'N
ONGEMAKLIKE DRUKKIE
GEVOEL.”

belang van die meer bevoorregtes.

Veerkrachtigheid om toekomstige skokke te weerstaan, sal die fokus van wêreldwye pogings moet word op die kwessies wat onlangs deur Covid-19 en sy dubbele krisis nasionaal en internasionaal uitgewys is – omgewingsagteruitgang en klimaatsverandering, armoede en ongelykhede en broosheid en gewapende konflik.

Visioenêre denke en gekoördineerde optrede is van kardinale belang.

Dit lyk dus onvermydelik dat swart-en-wit oplossings nie meer bestaan nie, en ek sou argumenteer dat ons dwaas is om dit so te wil hê, omdat die lewe soveel beter is wanneer ons elke kleur en elke moontlikheid raaksien. ♡

SONÉL BRITS

Besturende direkteur van die ATKV-MSW

MY DOGTER, EK WIL JOU VERTEL ...

DEUR MARITA VAN DER VYVER

My dogter het in 'n ander wêreld grootgeword – en nie net omdat sy letterlik in 'n ander land grootgeword het nie. Al haar generasie Z-tydgenote in Suid-Afrika lewe ook nie meer in dieselfde land as waarin hul ouers gelewe het nie.

Regdeur die geskiedenis was dit maar moeilik vir een generasie om hom met vorige generasies te vereenselwig. Of hulle in die skoenlose voete van ons voorsate in te dink. Ek en my wit, Afrikaanse tydgenote het weliswaar sonder hongersnood grootgeword, maar groot hompe skuld is soos galsterige botter op ons daaglikse brood gesmeer. Al daardie arme oumagrootjies wat kaalvoet oor die Drakensberg moes trek, al die arme pa's wat kaalvoet skool toe moes stap – en dan durf jy kla dat jou skoolskoene lélik is?

Deesdae verander ons omgewing so vinnig dit verg 'n enorme verbeeldingsprong vir 'n X'er om haar ma se kinderskoene “aan te trek”. Die verskille is eenvoudig te groot.

Dis daardie kontras tussen alles wat was en nie meer is nie (van tikmasjiene en telefoonhokkies tot apartheid en die Ontugwet), tussen wat tóé nog nie bestaan het nie en nou onontbeerlik geword het (die internet, slimfone, blitsige kommunikasie met enigiemand oral op aarde) wat my aanmekaar in die bek ruk wanneer ek my storie aan my dogter wil vertel.

Ek skryf die afgelope jaar aan my jeugherinneringe, in die vorm van 'n baie lang brief aan my dogter, wat pas 20 geword het, om dinge aan haar te verduidelik wat ek soms steeds sukkel om aan myself te verduidelik. Daar is soveel kwessies wat niemand in my kinderdae bevraagteken het nie, maar wat nou heeltemal onaanvaarbaar geword het. Van al die plastiek wat ons so roekeloos weggegooi het tot al die kwetsende woorde wat so diep in ons taal wortel geskiet het. My een ouma het in Kafferboomweg gewoon, my ander ouma het langs die Kafferkuilsrivier in Stilbaai gaan aftree, en my ma het kafferwaatlemoenkonfyt vir ons gekook.

Die kwetsende woorde wat deel van my kindertaal was, bly vir my as volwassene 'n probleem – veral omdat ek 'n skrywer geword het, met taal as my enigste gereedskap. Veral wanneer ek fiksie oor die verlede

skryf en soms kleinerende woorde in 'n karakter se mond moet plaas om die dialoog lewensgetrou en oortuigend te hou.

En tog durf ek nie die verlede – en die taal van my verlede – in mooi geskenkpapier toedraai om dit meer aanvaarbaar te laat lyk nie. Uiteindelik is eerlikheid steeds die grootste toets vir wát ek ook skryf – en selfsensuur waarskynlik die grootste slagkat waarin ek kan val. As jy eers met selfsensuur begin, word daardie slagkat weldra 'n bodemlose put waaruit jy nie weer kan klim nie.

En dan is alle eerlikheid in elk geval daarmee heen.

Die pejoratiewe woorde wat vir my soveel probleme verskaf, het egter min invloed gehad op die ingewikkelde liefde-haat-verhouding wat ek teen my tienerjare met my moedertaal opgebou het. Sulke woorde vind jy immers in alle tale – ook in Engels, wat vir my van jongs af begeerliker as Afrikaans was.

My tienerjarige verhouding met Afrikaans sou vergelyk kon word met die sentimentele storielyn van al die soetsappige liefdesverhale wat ek en my maats verslind het (verkieslik in Engels). As die heldin in dié boekies van die eerste oomblik besef wie die regte man vir haar is, was daar nie 'n storie nie. Sy moes altyd eers sukkel en swaarkry en sterk staan in die versoeking, terwyl die verkeerde mans haar probeer verlei.

Afrikaans was klaarblyklik my man, maar ek was verlief op 'n *tall, dark and handsome* wreedaard wat “Engels” genoem is. Later het daar 'n buitelandse skarminkel bygekom, selfs meer onbereikbaar as Engels, wat my met sy stuitige tong verlei het. Sy naam was Frans. Die eintlike held van die verhaal, die gawe en betroubare kêrel met die naam Afrikaans, het geduldig gewag terwyl ek my *fling* met Engels en Frans geniet. Hy het geweet ek en hy sou uiteindelik – onvermydelik – by mekaar uitkom. Dis nou eenmaal hoe hierdie soort stories werk.

Vandag weet ek dat ek Afrikaans altyd sal bemin, al het ek in die ware lewe met 'n Franse man getrou en 'n Franse dogter gekry. En wanneer ek my storie aan hierdie dogter vertel – oor alles wat my trots én skaam maak om Afrikaans te wees – wil ek dit in Afrikaans doen. ♡

KARTONNE MET 'N "D"

DEUR SOPHIA KAPP

So 'n ruk gelede stuur 'n vriend uit die Kaap vir my 'n klankgreep aan van 'n ontstoke taxibestuurder wat skel oor passasiers wat ry en nie hulle gel' betaal vir die rit nie. Die skel duur 'n hele rukkie (die taxibestuurder is ontstoke) en die tirade is natuurlik gepeper, veral met die berugte p-woord.

Ons verwag hom mos nou al, daardie woord in Afrikaans wat uit die Kaap uit aangestuurd word. En die Kapenaars kan vir hom gooi op 'n manier waarvan die res van die land maar net kan droom, met 'n swier en 'n selfvertroue wat spreek van 'n ongebonde omarming van Afrikaans in sy volle seggingskrag. Daar is 'n buitengewone eksplosiwiteit aan die manier waarop hulle die woord uitspreek. 'n Soort ekspressiewe geweld wat maak dat elke gebruikslag soos 'n bokhaelskoot in 'n gesprek opklink en die toehoorders effe agteruit steier, oorweldig deur die reuk van kruut en woede en talige kragdadigheid. Ek staan ootmoedig voor soveel vloekvaardigheid, en voel myself arm gemaak deur my opvoeding waarin niks swaarder as "deksels" toegelaat is nie.

Sonder dat ek 'n studie daarvan gemaak het, kan ek met redelike sekerheid sê dat daardie woord nie met dieselfde uitbundige vrymoedigheid hier noord van die Vaalrivier aangewend word nie. Ons ken vir hom, maak geen fout nie, en ons kan hom afvuur as ons moet, maar dis nie ons verstekwoord nie.

Ons verkies die d-woord, daardie een wat gemaak het dat die Taalkommissie die woord "boks" in die AWS moes opneem net sodat fatsoenlike sprekers ten minste 'n woord tot hulle beskikking het waarmee hulle na die kartonhouer kan verwys waarin hulle Takealot-aankope afgelewer word sonder dat hulle fatsoenlike vriende se wenkbroue lig.

Het ek, as 'n taalwerker, 'n beswaar teen enige van die twee woorde? Nee. My werk is nie om die taal van onfatsoenlikhede te bevry nie, my werk is om raad te gee oor die doeltreffende aanwending van taal in 'n bepaalde konteks.

Ek kan vir jou sê dat jy 'n groot deel van jou

leserspubliek gaan vervreem as jy die woorde in 'n formele teks gebruik. Ek kan jou waarsku dat daar registers is waarin jy nie een van die twee woorde behoort te gebruik nie (dis dalk nie 'n woord wat jy in 'n gesprek met 'n dosent, die dominee of jou skoonma wil aanwend nie), en ek kan vir jou sê jy spel die een met een s en die ander een met twee o's. (Of met 'n w en 'n i as jy nou regtig nie van die referent hou nie.) Maar ek is nie die moraliteitspolisie nie, en Afrikaans behoort aan jou – jy mag hom gebruik soos jy goed dink.

Wat wel vir my krap, is die opvatting dat hierdie woorde 'n kleur het. Dat onfatsoenlikheid 'n kleur het. Dat armoede, of die gebrek aan opvoeding en woordeskat, 'n kleur het. Dat elke bruin spreker van Afrikaans onder 'n rok uit vloek en dat elke wit spreker klink asof hulle van 'n kansel af praat.

Dit is gewoon twak. Ek het bruin kollegas wat 'n Afrikaans praat wat ek laas gehoor het toe my oupa nog geleef het: soepel, suiwer, woordryk, beeldryk, met 'n uitdrukkingsvermoë en trefkrag waarvoor ek in eerbiedige (en jaloerse) verwondering staan.

Ek het wit taalgenote wat nie uit die kleinhuise kan kom nie, en wat Afrikaans verknoei en verwring dat dit klink na iets waarmee 'n mens geeste oproep. Afrikaans se kleur en krag en reikwydte het niks te doen met kleur nie, dit het te doen met die keuses wat taalgebruikers as individue maak.

Ja, ons leer die Afrikaans van ons gemeenskap aan, en ja, ons praat almal die een of ander variëteit van Afrikaans wat ons op 'n manier merk. Maar ons kan gerus begin erken dat daar sprekers van verskeie kleure aan albei kante van Afrikaans se ordentlikheidspektrum sit. Die luide en verontwaardigde (wit) tante wat ek die afgelope naweek hoor vloek het omdat haar 'koene haar gedruk het (en eers ure later nugter genoeg was om te besef sy het hulle in haar dronkenskap verkeerd om aangetrek) het nie veel fatsoenliker geklink as die taxibestuurder wat kwaad was oor die gel' nie. Hulle is albei ewe onfatsoenlik, en ewe Afrikaans. ♡

VAN GUERNSEY NA DIE FRANSE PLATTELAND

'N KUNSTENAARSVERBLYF GEE AAN SKEPPENDES DIE GELEENTHEID OM BUITE HUL VERTROUDE OMGEWING TE WOON EN TE WERK. DIS 'N KANS WAT TWEE PLAASLIKE KUNSTENAARS ONLANGS AANGEGRYP HET ...



ODETTE GRASKIE SE *FOUR PIED CROWS ANNOUNCED WHAT I DIDN'T WANT TO HEAR*, 2020. INK OP FABRIANO, NEPALESE WASHI EN INDIESE SUN-HEMPPIER MET GARING (150 CM X 150 CM).

Twee Suid-Afrikaanse kunstenaars, die een van Gauteng en die ander van die Kaap, was vroeër vanjaar op kunstenaarsresidensies in die buiteland – en in albei gevalle moes hulle hul verblyf weens Covid-19 kortknip.

Taalgenoot het tydens die grendeltyd in Maart en April met **Odette Graskie** en **Trude Gunther** gesels.

Graskie, 'n kunstenaar wat in August-huis in Johannesburg werk, het meer van haar verblyf in Guernsey gehad as Gunther, wat op die Franse platteland was. Gunther, wat 'n ateljee in Muizenberg het, was boonop in Parys vasgekeer voordat sy eindelijk 'n repatriasievlug na Suid-Afrika kon kry.



ODETTE GRASKIE. FOTO DEUR MONICA DRABOT.

OP 'N KANAALEILAND

Dit was 'n onlangse flik wat in Guernsey af speel wat **Graskie** oor dié eiland laat oplees het. Sy het begin rondkyk of daar 'n residensie kan wees en vind toe twee. “Ek het Adam Stephens by die Gate House-galery gekontak en my portefeulje vir hom gestuur,” sê sy. “Dit was alles heel gelukkig-toevallig, want dit was net voordat hulle begin soek het na 'n nuwe kunstenaar.”

Waarom wou jy op dié residensie gaan?

Ek was in Julie [verlede jaar] in Londen vir 'n London Summer Intensive Residency by die Slade-kunsskool en daar het my reis eintlik begin. Vir my was die twee residensies eintlik besonder vervleg. Terwyl Londen so 'n groot en besige plek is, is Guernsey 'n slaperige plekkie. Ek het dit nodig gehad om ná die gejaag van Londen na 'n stiller plek te gaan waar ek meer kon fokus op die werk waarmee ek in Londen begin het.

Guernsey het my aangetrek, want dit het 'n goed gedokumenteerde geskiedenis, wat verhaale insluit van heidene en heksevervolging; daar is die inval deur die Nore; verowering tydens die Napoleontiese era; en dan was die eiland die enigste Britse grondgebied wat deur die Nazi's beset is. Elke deel van die eiland het 'n ryk geskiedenis en dit het vir my gelyk of ek daar volop inspirasie sou kon kry. Hierdie verhalende wyse van dink oor die omgewing was vir my belangrik en dit het my visuele taal verder laat ontwikkel.

Waarom gaan kunstenaars op 'n kunstenaarsverblyf?

Ek was nou al op drie. As mense wat reageer op die wêreld om hulle is dit belangrik dat kunstenaars hul horison so ver moontlik probeer rek om 'n vollediger prentjie te kry van wat aangaan.

Meer oor Odette

Graskie het haar graad in visuele kunste in 2015 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Sy fokus op papier en teken en op menslike wisselwerking en verbindings. Teken is vir haar 'n manier om mense regtig te sien en sy skep só intieme oomblikke.

Sy het reeds solo-uitstallings in Pretoria en Kaapstad aangebied en haar onlangse uitstallings sluit in 'n groepuitstalling by die Camden-kunssentrum in Londen, #ARTladies by Berman Contemporary en 'n Jeugdag-uitstalling by Nedbank.

Ek dink my ervarings in dié drie plekke [Londen, Guernsey en Pole in 2017] het vir my gewys dat die kuns wat 'n mens in Johannesburg sien 'n klein druppel in 'n baie groot see is. Dit gee 'n mens weer dryfkrag om jou eie werk groter en meer “oop” te maak. My werk het 'n ander soort rigting in Guernsey ingeslaan. Aangesien dit baie koud was en ek nie kon uitgaan om mense te teken nie, moes ek op ander goed fokus. Ek het vir die eerste keer in jare met houtskool geteken.

Wat het uitgestaan tydens dié verblyf?

Ek het in Londen 'n nuwe wêreld van papier ontdek en baie gekoop. In Guernsey het ek dit aangedurf om my eie papier te maak. Elke stap was baie “doen dit self”, so ek het baie geleer.

Die Priaulx-biblioteek op die eiland spesialiseer in die geskiedenis van die Kanaaleilande en ek het opgelees oor die volksverhale en die heksevervolging.

Ek het selfs die geleentheid gehad om 'n oorspronklike *grimoire*, 'n boek met towerformules en -spreuke, asook 'n oorspronklike seewierversameling – 'n groot stokperdjie in die 19de eeu

ODETTE GRASKIE SE *LOOKING FOR MOSS II*, 2020.
TONNELBOEK MET INK OP SAUNDERS WATERFORD-
EN KATOENPAPIER (26 CM X 19 CM X 9 CM).



– te besigtig, en dit het ook my werk baie beïnvloed.

Die papier-ontdekkings het gelei tot 'n paar intense kunstenaarsboeke waarop ek baie trots is. Die boeke het geheime bladsye en klein, weggesteekte dele wat net gesien kan word as 'n mens behoorlik kyk en soek.

Was daar die een of ander “terugploeg” in die gemeenskap?

Ek was veronderstel om 'n werksessie en 'n uitstalling aan te bied, maar die koronavirus het veroorsaak dat ek vroeër moes terugkom. Ek het by drie kunstenaars gebly en is baie deur hul idees en werk beïnvloed. Ek het werk daar agtergelaat wat eendag uitgestal sal word, maar die meeste van die belangrike werk was nog nie heeltemal klaar nie. Dié werk word van 22 Augustus tot middel-September by Berman Contemporary in Johannesburg uitgestal. ►

“AS MENSE WAT REAGEER OP DIE WÊRELD OM HULLE IS DIT BELANGRIK DAT KUNSTENAARS HUL HORISON SO VER MOONTLIK PROBEER REK OM 'N VOLLEDIGER PRENTJIE TE KRY VAN WAT AANGAAN.”

TRUDE GUNTHER.
FOTO: ELDON VAN ASWEGEN



Meer oor Trude

Gunther het eers 'n graad in drama aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en in 2015 in visuele kunste aan dieselfde universiteit. Sy fokus op verf en druk haar groot houtskooltekeninge op linne sodat dit toeganklik is vir huishoudelike gebruik, al hang dit net as gordyn.

In 2019 was sy deel van Sasol se *Nuwe handtekening*-uitstalling in Pretoria en sy het 'n uitstalling by Design Indaba in Kaapstad gehad. In Augustus verlede jaar was sy deel van 'n Vrouemaand-uitstalling by Art@Africa by die Waterfront.

Gunther het as aktrise bekendheid verwerf in die rol van Ayla Adler in kykNET se dramareeks *Vloeksteen*.

OP BESOEK AAN FRANSE VOORSATE

Gunther is steeds besig met haar studie. Sy het verlede jaar aansoek gedoen om die kunstenaarsverblyf by Château Orquevaux, in die noordooste van Frankryk, en gevra vir Maart, want dit sou met die universiteitsvakansie saamval.

Waarom wou jy op dié residensie gaan?

Ek het 'n hunkering na Frankryk, 'n onbeskryflike verlange. Ver terug in die geskiedenis is een van my voorvaders deur koning Louis XIV laat onthoof ná die uitvaardiging van die Edik van Fontainebleau in 1685. Sy vrou en haar twee seuns het na Nederland gevlug en met 'n Kompanjieskip in 1714 in die Kaap aangekom. Dit was die aanloop tot my aansoek – 'n beplande ondersoek om die landskap weer te betree en vrede te vind en om met hom en haar "kontak" te maak.

Ek het gedink die residensie is 'n manier om te gaan soek na die oorsprong van die religieuse stryd en konflik wat ek ervaar. Hoe om die

TRUDE GUNTHER SE
E-LIZA-BETH, 2020.
OLIE OP DOEK
(80 CM X 120 CM).



onpeilbare te begryp en te verwerk is immers van die onderliggende temas in my werk. Op die ou einde het ek besef my voormoeder se trauma – sy moes alleen saam met haar kinders vlug na Suider-Afrika, 'n vreemde, wilde land, en van voor begin – het by my resoneer.

Die geskiedenis herhaal homself, sê hulle. Ek is in kwarantyn en dink, dankie tog, dis darem nie 'n konsentrasiekamp nie. My oumagrootjie en ouma-hulle was vir jare in konsentrasiekampe aan die begin van die 20ste eeu. Die vroue in my bloed is mense wat oorleef. Ek wou teruggaan Frankryk toe vir haar. Vir my. En toe kan ek nie die pandemie ontvlug en betyds, voor grendeltyd, tuis wees vir my kinders nie. Dis vreemd. En baie swaar.

Waarom gaan kunstenaars op 'n kunstenaarsverblyf?

Dit bied jou die geleentheid om weer vir 'n slag net te fokus op die prosesse van kuns maak en jou as 't ware oor te gee aan die ontdekking en ontwikkeling van konsepte. Tyd en ruimte om navorsing te doen en te eksperimenteer met materiale en kleure en teksture is kosbaar en 'n residensie is 'n ideale en gestruktureerde ervaring.

Die infrastruktuur is daar: 'n slaapkamer, 'n ateljee, ruimte, tyd, maaltye. Dit was 'n geleentheid om 'n lêertjie in 'n ander dimensie van dink oop te maak – dié van *extended intelligence* in die meditatiewe proses van kuns maak.

Wat is eie aan die verblyf by die Château Orquevaux?

Die kasteel is die hoofkarakter in dié kunstenaarsverblyfverhaal. Die Amerikaanse eienaar voer aan die rede vir die residensies is om die eensaamheid in 'n 18de-eeuse kasteel te verlig en om elke maand van die jaar omring te wees deur interessante kunstenaars van oor die wêreld heen.

Die Denis Diderot-beurs wat ek ontvang het, dek 'n derde van die koste. Dis afgestem op kunstenaars wat die lewe op die Franse platteland wil ervaar en deelneem aan gesprekke om 'n eettafel. Die enigste



TRUDE GUNTHER
SE II, 2020. OLIE
OP DOEK
(100 CM X 150 CM).

keer dat die fokus op kuns geval het, was tydens die “oop” ateljee, wanneer almal na jou uitstalling kan kom kyk net voordat jy vertrek. Château Orquevaux kies een van jou werke vir sy eie versameling in die Denis Diderot-gallery in die nabygeleë dorp.

Hoe was die wisselwerking met die mense/kunstenaars van die omgewing?

Dit was wonderlik om vir amper twee weke saam met mense van Amerika, party wat grootgeword het in Los Angeles en New York, en van Australië, Bulgarye, Rusland en Nederland te leef.

Ek en 'n Nederlandse skilder, ook 'n vrou en ma, was die enigste wat vir ons verblyf opgedaag het. Die res het


gekanselleer met nuus van die pandemie in die lug en ek het my ná tien dae uit die voete gemaak, omdat ek so gou moontlik in Suid-Afrika wou uitkom voor die grendelstaat. Die vlug waarop ek bespreek was, het egter vroeër vertrek en ek het dit verpas.

Die volgende vlug is gekanselleer en ek is nie toegelaat om met my laaste poging na Maputo te vlieg nie. Vreemd hoe dit “speel” met my voormoeder se storie 300 jaar gelede. Ek was eers in Parys gestrand en terwyl ek hier sit en skryf ná nog twee gekanselleerde vlugte en 'n suksesvolle repatriasievlug is ek in kwarantyn in Suid-Afrika, maar steeds nie tuis nie. ♣

DEUR JOHAN MYBURG

BOEKE WAT SKRYWERS LAAT SKRYF

DEUR BRIAN FREDERICKS



Ek is altyd verbaas wanneer ek hoor iemand sê fiksie kan nie 'n verskil in 'n ander se lewe maak nie. 'n Mens hoor ook dit het dalk in die verlede gebeur, maar nie meer nie. Ek stem nie saam nie, want boeke het my verander. Fiksie het my verander.

Die eerste boek wat gemaak het dat ek Afrikaans met nuwe oë sien, is *Die mooiste liefde is verby*, 'n kortverhaalbundel saamgestel deur Etienne van Heerden. Die sewe skrywers in die boek het die M-Net-beurs vir skeppende skryfwerk gekry.

Voor in die boek word genoem dat Van Heerden die sewe beursoes gedag het om twee verhale elk oor die liefde te skryf.

Die dag toe ek op die boek afkom, onthou ek baie goed. Dit was in die biblioteek. Dié spesifieke dag het ek lusteloos deur die afdeling vir Afrikaanse boeke geloop. Rye op rye boeke. Toe trek die blou-en-wit boek my aandag.

Op die agterblad is swart-en-wit foto's van die sewe skrywers. Daar's die paragraaf wat die uitgewer aanbring het oor die tema waaroor die boek handel, "Die liefde". Dit het vir my gevoel of dit 'n trailer vir 'n movie is. Toe ek die eerste kortverhaal, "Sweisbril" deur Jaco Botha, lees, toe lê ek in stilte en dink na.

Veel later sou ek uitvind die bundel het 'n slegte

reputasie gekry. Het dit my gevoel oor die bundel verander? Glad nie. Ek lees die boek steeds gereeld. Dit het my met nuwe oë na Afrikaans laat kyk. Dit het my anders na stories laat kyk. Toe ek die boek klaar gelees het, het ek vir myself gesê ek wil eendag só probeer skryf. Ek het dadelik my hand aan 'n paar kortverhale gewaag.

My volgende stap was om met een van die skrywers in die boek kontak te maak. Ek het besluit op Rachelle Greeff. Sy het destyds nog by *Rapport* gewerk.

Ek stuur toe vir Rachelle 'n paar van my skryfpogings en vra vir haar mooi asseblief om my mentor te wees. Sy was meer as gewillig om my te help en daarvoor is ek dankbaar. Op twee verskillende geleenthede was ek 'n student by die Breytenbachsentrum se skryfskool op Wellington. Onder Rachelle se mentorskap en die feit dat die sentrum-mense hul hart vir my oopgemaak het, het ek verskriklik baie oor die skryfkuns geleer.

Ek het geleer om op die uitkyk te wees vir die jakkalsies wat die wingerd deurmekaarmaak en hoe om fiksie te lees soos 'n skrywer.

My leesleerskool

As 'n nuweling moet jy altyd "oop" wees om te leer en jy moet nooit dink jy's 'n *know-it-all* nie. Jare gelede het ek nie

geweet Afrikaanse boeke kry literêre pryse nie. Toe kom ek af op Riana Scheepers se *Die heidendogters jubel*. Agterop die boek staan Scheepers is reeds bekroon as kortverhaal-skrywer. So, die mooi vrou skryf boeke en in Afrikaans kry die skrywers ook pryse? Scheepers is een van daai skrywers en met *Die heidendogters jubel* het sy nog 'n fan bygekry. Die leser proe, ruik, hoor, sien en voel alles van die eerste bladsy tot die laaste. Dis 'n storie wat jou wegvat army-kamp toe.

Dan is daar die James Baldwin van Afrikaans, Heindrich Wyngaard. Sy een boek wat ek oor en oor lees, is *Ons: Standpunte van annerkant die treinspoor*. Heindrich is 'n skrywer wat met sy rubrieke die bul by die horings pak. Toe ek die boek die eerste keer lees, sê ek vir myself hier's iemand wat dinge dink wat ek dink. Wat wonder waarom ek wonder.

Nou kom ons by die boek wat 'n brandsiek brak op die voorblad het – Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde*. Die titel is 'n halwe sin wat die leser self moet klaarmaak. Kamfer se *poems* slaan jou wind uit. Dis *poems* wat lees soos stories. Dis oor 'n wêreld wat ek aan my eie vel ken. Ronelda vat die materiaal van die *Cape Flats* en sy maak iets wonderliks daarvan.

Koos Prinsloo se *Slagplaas* is nog 'n boek wat ek gereeld lees. Dis 'n boek waar jy jou *safety belt* moet aansit, want in Prinsloo se kortverhale hou die karakters nie piekniek nie. Prinsloo wys jou skaamteloos die yskoue realiteit van die wêreld. Baie dae wens ek daar was meer sulke boeke. 'n Boek wat die waarheid praat en nie omgee wêreld sê wêreld. Stephen King sê in sy boek *On Writing* "... don't come easy to the blank page". *Slagplaas* het my laat besef dat ons almal pyn beleef. Dit maak nie saak wat die kleur van jou vel is nie. Dit maak ook nie saak of jy ryk of arm is nie. Die lees van die boek is ook 'n goeie leerskool vir iemand soos ek, wat kortverhale skryf.

Praat nou van 'n leerskool. J.P. en Ria Smuts se *Pylvak* is nog 'n moet-lees vir enige aspirantskrywer. Die bundel bevat Afrikaanse kortverhale en daar is ook vertalings van bekende skrywers van oor die wêreld heen. Ek het my eerste twee kortverhale met die hulp van hierdie bundel geskryf. My twee verhale is opgeneem in *Nuwe stories 2*, wat saamgestel is deur Suzette Kotzé-Myburgh en Leti Kleyn.

Elsies se wêreld oopgeskryf

Nog 'n belangrike boek is Nathan Trantraal se *Chokers en survivors*. Die digbundel is verdeel in verskillende tye. Dit dokumenteer 'n tyd wat verby is en 'n wêreld wat ek steeds ken.

Jare gelede, toe ek so 11, 12 jaar oud was, toe bly ek in Clarke Estate in Elsiesrivier. Ons het by 'n vrou gebly wat

almal "Mama Amerika" genoem het. Die *gangsters* die Americans het almal in haar huis kom rondhang. Sy hou die *guns* en die *bullets*. Die polisie *suspect* nie sommer vroumense is betrokke by sulke donker dinge nie. *Gangsters* is gewoonlik maar mans. Mama Amerika het *buttons* gerook soos die *gangsters* en selfs erger. Dis nou nie maklik om 'n Lion Lager se bottelkop stukkend te rook nie.

Sy't 'n mooi dogter gehad. Weet nie waar was die dogter se pa nie. Al wat ek onthou was dat hy nie dood is nie. So, ek *assume* dat hy soos my pa was, hy't eendag 'n brood gaan koop en nooit weer teruggekom nie. Eendag toe's Mama Amerika dronk gerook van die *buttons* en toe probeer een van die *gangsters* om met haar dogter te lol. Daai gebeurtenis het vir Mama Amerika verander, want sy was lief vir haar dogter, soos enige ma. Sy't die *drugs* gelos. Sy't haar *gangster*-naam gelos. Sy het die *gangsters* se *guns* en *bullets* teruggegee. Toe gee sy haar hart vir die Here.

Ek het in die voorkamer op die vloer geslaap. Toe ek een oggend wakker skrik toe lê Terminator langs my. Hy het dié *gangster*-naam gekry omdat hy so baie geskiet is, maar altyd oorleef het. Terminator het die oggend aan die deur geklop en slaapplek by die huisvrou gesoek. Sy't steeds 'n sagte plekkie in haar hart gehad vir die *gangsters* uit haar vorige lewe. Terminator is die volgende oggend met sy *gun* weg.

Twee weke later toe skiet hulle hom dood in Shoprite terwyl hy vir sy *groceries* betaal.

Nathan se boek laat my dink aan al hierdie dinge, want dis die brood met *peanut butter* en *jam* wat ons by die skool gekry het. Ek het altyd van daai brood huis toe geneem.

Met fiksie sal 'n skrywer miskien nou nie die wêreld verander nie. Sover ek weet kon Jesus dit ook nie regkry nie. Ek voel dat fiksie wel een persoon kan verander. Om een persoon te verander is meer as genoeg, want een persoon kan 'n wêreld se verskil maak.

Dis Terry Brooks wat gesê het: "If you don't believe there's magic in writing, you will never write anything magical." Ek glo daar's waarheid in daai woorde. ♡

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. Met die Boeke wat skrywers laat skryf-rubriekreeks nooi ons vooraanstaande skrywers om te vertel watter boeke hulle geïnspireer en as skrywer gevorm het.

pen
Afrikaans



JOU BENZ IS MY BAKKIE

DIE BEDREWE SKRYWER WEET HOE OM KONTRAS IN TE SPAN EN SPEEL
 UITEENLOPENDE WOORDE, BEELDE, PLEKKE EN SELFS TEKSTE TEEN MEKAAR AF ...

Die lewende taal, ons destydse Afrikaans-skoolhandboek, het 'n lang lys “teenoorgesteldes” gehad. Soos die twaalfmaaltafel (op die agterblad van 'n Croxley-notaboekie) moes 'n mens hierdie woordelys soos 'n papegaai leer. Dit het later jare goed te pas gekom, want kontras het toenemend belangrik geword namate leesvaardigheid en uitlegvernuif toegeneem het.

Die merkwaardige Mikro, skepper van onder meer Mattewis en Meraai se stories, vertel in sy outobiografie, *Hy koop toe vir hom 'n pen* (1968), hoedat sy voorliefde vir kwajongstreke tot sy bynaam gelei het. Hy daag op 'n dag laat op vir 'n praktiese klas. Aanval is beter as verdedig en met die intrapslag kondig hy aan hy het geen “mikroflooi” om mee te werk nie. Prof. Nel is kwaad en die klas aan die lag. En C.H. Kühn se bynaam word gebore. Haar pa was 'n lang man, het sy dogter, Corlia Fourie, vertel en sy bynaam het dié feit netjies weerspreek.

Arm en ryk is seker een van die mees basiese kontraste waarmee 'n skrywer kan werk. C. Louis Leipoldt se bekende gedig “'n Handvol gruis uit die Hantam” (*Uit drie wêrelddele*, 1923) vertel van verskeie soorte armoede – “arm in herinnering, arm in verbeelding, arm in onthou van die vroeër jare” – maar daar is rykdom te vind in die dinge van sy Hantamwêreld. 'n Handvol gruis, waboom- en ghnarra-bosblare en 'n handvol gras bring koning-rykdom en die oproep van ryk herinneringe: “Arm eergister en nou skatryk!”

Ook Uys Krige, Afrikaans se “goue seun”, soos J.C. Kannemeyer hom noem, herroep in “Tram-ode” stede, dorpe, plase en plekke waar hy eens was. Dit word 'n “wakker mars van name” wat deur sy gees stap:

“Daar is 'n haltjie Dwaal,
 te midde van die vale
 godverlore dor Karoo.
 En Arequipa in Peru.
 Granada is 'n sprokiestad in Andaloe.

Popocatepetl heet 'n berg se piek in Mexico.

Die laaste stasie voor my tuiste het die mooi

Xhosanaam, Waku.

Terra del Fuego, Tristan da Cunha, Put-Sonder-Water,
 Kilimandjaro en Ruitersbospas;

...

Wat het die vuur, die vlam gedooft?

Die sprakeloos verrukking en die lofsang wat loof?

Maar die hart ken sy verdriet

oral, in elk landgebied,


in Kaapstad sowel as in Madrid”

Wanneer die leser in gedagte hou dat Krige 'n wêreldreisiger was, met 'n korter of langer verblyf in Frankryk, Spanje, Italië, Egipte, Somaliland en die destydse Abessinië, maak hierdie gedig veel meer sin en dit gee betekenis aan sy emosionele ervaring. Krige, wat ook Frans, Italiaans, Spaans en Portugees magtig was, het onder meer tydens die Tweede Wêreldoorlog as oorlogskorrespondent gewerk.

Sy sketse oor ervarings in die hawestede Barcelona, Valencia en Almería word gebundel en uitgegee met die titel *Sol y Sombra*. Vir dié skrywer, wat bekend was om sy enersyds uitbundige lewensvreugde en andersyds romantiese beleving van dinge, was hierdie “son en skaduwee” 'n nommerpas beskrywing.

'n Tweegesprek

Van Krige tot twee skrywers wie se werk oor dekades heen met mekaar in gesprek tree. Toe Tryna du Toit se roman *Groen koring* in 1948 gepubliseer word, wêk dit veel belangstelling. Die omstrede tema van tienerswangerskap is gewaagd, maar die roman beleef verskeie herdrukke. Die flikweergawe, *Debbie*, word aanvanklik verbied, maar die vraag daarna ry hierdie stukkie sensuur in die wiele en dit word wel vertoon, maar mét 'n ouderdomsbeperking.



**“ARM EN RYK IS
SEKER EEN VAN
DIE MEES BASIESE
KONTRASTE
WAARMEE
’N SKRYWER
KAN WERK.”**

Toe die sogenaamde hygroman in die negentigerjare soos ’n veldbrand deur die Afrikaanse uitgewerswêreld versprei, skep dit ’n gulde geleentheid vir ’n tweegesprek oor die liefdesverhaalgenre. Joan Hambidge publiseer in 1996 die omnibus *Swart koring*, waarin sy aweregse hygverhale skryf in antwoord op *Groen koring*. ’n Groter kontras kon jy jou kwalik bedink.

C.M. van den Heever se klassieke roman *Somer* (1935) resoneer in André Letoit se punk-roman *Somer II* (Perskor, 1995). Van die idilliese Vrystaatse platteland, waar Wynand en Linda as hoofkarakters bewus bly van die goeie en heilsame plaaslewe, is dit ’n reusesprong na die grootstadkultuur en die werklikheid van ’n skisofreniese karakter wat in ’n gefragmenteerde werklikheid moet probeer sin maak van sy bestaan. Allerlei literêre geskrifte en dokumente word saamgesnoer in ’n teks wat die leser uitdaag om eksperimenteel en kreatief te lees. Radikaal anders as in Van den Heever se plaasroman het *Somer II* die voorkoms van verbrokkelende ervarings.

Een van die sterkste tekste in Afrikaans werk hoofsaaklik met die kontras tussen lig en donker. “Raka” (1941), N.P. van Wyk Louw se epiese gedig oor die stryd tussen die aapmens Raka en sy teenstander Koki, beklyk orde en chaos. Koki, die intellektuele leier en kultuurmens met sy liefde vir geestelike suiwerheid, moet die knie buig voor Raka, die leë domkop, die idioot, manipuleerder en verleier. Sy brute krag duld geen weerstand nie en die kraal se hek staan teen die slot van die gedig uitnodigend oop sodat die duisternis kan oorneem.

’n Interessante lees van “Raka” verwys na die Bybelse konteks van Matteus 5:22. Dáár word die woord Raka in sy Armeense en Griekse betekenis van “vloek” gebruik: “... elkeen wat vir sy broer sê Raka moet verantwoording doen voor die Groot Raad.” In teenstelling daarmee word ’n mens herinner aan ’n ander teksvers: “Die lig skyn in die duisternis en die duisternis

kon dit nie uitdoof nie.” Hoe ons ook na die teks “Raka” kyk, dit bly een van die grootste prestasies in die Afrikaanse letterkunde.

Twee bekende en geliefde skrywers het die laaste sê wanneer dit by leesgoed in Afrikaans kom.

I.W. van der Merwe, beter bekend as Boerneef, se prosa en gedigte is van die lekkerste en interessantste woordkuns. In die (titellose) vers “Jy kla dat ek en anner vir jou lag”, bely die spreker onder meer: “... ek is een van die wat voel na huil/wanneer ek lyk soos een wat lag ...” Hoewel die digter goed besef dat ons woorde “maar ammelee tekortsiet” en ons “ammelee by mekaar verbypraat”, het hy die kuns verstaan om met lesers se verstand én hart te praat.

C.J. Langenhoven, verskuil as Mr Quilliam, verwys ons “Trug na die Tug”:

“As ek al my perde opsaal en oor al my plase ry,
As ek al my broeke aantrek en na al my nooiens vry,
As ek al my paaie misloop en oor al my voete val –
Kan jy sien ’n man wat ryk is met sy armoede en al”

Dié gedig, somer ’n “ou bogdingetjie”, is ses vermaaklike, maar besinnende strofes lank. Dis die moeite werd om Langenhoven se skitterende kortverhaal *Sei Wén* weer te gaan lees. Jy sal alles oor arm en ryk, vernaam en beskeie, Afrikaans en Engels en nog ’n paar ekstra bekkevegte daarin vind! ♡

DEUR LEANA LATEGAN

Dié artikel word geborg deur die Vriende van NALN (Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum), ’n hulpgroep wat die werksaamhede van die museum ondersteun. Kontak vir Annelien Diedericks by annelien.naln@sacrf.s.gov.za vir enige navrae om jou by die Vriende van NALN aan te sluit, of om ’n finansiële bydrae te maak.



DOGTER VAN JEPHTAS

SY SKEP IN KAAPS, DIE
TAAL VAN HAAR HART,
SODAT DIE BRUIN KINDERS
WAT NÁ HAAR KOM NIE
VERGEEFS HOEF TE SOEK
NA STORIES WAT HÚL
VERHAAL VERTEL NIE ...

“Veronique is iemand wat
nie ’n wag voor haar
mond hettie, en as daa’ ’n
wag is, praat sy sy kop om en loep
verby hom,” skryf Veronique Jephthas
in ’n selfoonboodskap. “Die jeug moet
geraas maak. Ôs issie future leaders.
Ôs gannie vrugte oor vyftig jaar pluk

van whatever ôs nou plant.”

Geraas maak sy beslis. Waar sy haar
ook bevind, dié 23-jarige druk nie net
haar stempel op die kunste af nie,
maar doen dit boonop in Kaaps, haar
moedertaal.

“Wat reeds van my kinnerjare
uitstaan is sieke’ die feit dat ek
konstant baie gepraat et en baie vrae
gevra et. My liefde vi’ kunste et begin
op vier toe ek in my ee’ste
Krismiskonsert perform et. Ek et
gehou vannie feit dat mense lyste’. Ek
was oek al kind vi’ ampe’ tien jaar,
voo’ my sustertjie gebore was. So ek et
altyd characters create as ek met
myself praat.

“Ek is baie gelukkag as ek wiet
ammel is happy, maa’ ek dink daai issie

Libra in my wat lief wil wies vi’
ammel. En ek love dit om te sien hoe
vroue hulle self in spaces cement, wa’
hulle vi’ jare underestimate was.”

’N PRATENDE, SKEPPENDE DOENER

Aktrise, regisseur, skrywer, digter en
kletsrymer – dié boorling van die
Paarl is veelsydig. En besig. Jephthas
was een van ses opkomende skrywers
wat gekies is om in die Jakes Gerwel-

“SOSIALE KWESSIES RAAK ALMAL, AL WIL HULLE DIT NIE WEET NIE. EK DINK DIT SAL ONVERANTWOORDELIK WEES OM 'N PLATFORM TE HÊ EN NIE TE PRAAT OOR DIE SOSIO-POLITIEKE KWESSIES WAT ONS FACE NIE.”

huis in Somerset-Oos te gaan woon vir 'n Afrikaanse skrywersresidensie, 'n inisiatief van die Jakes Gerwel-stigting. Sy was skaars klaar daarmee toe sy moes aanmeld vir die Woordfees se skrywerslaboratorium, waar sy deur kenners soos Saartjie Botha, Lee-Ann van Rooi en Janice Honeyman touwys gemaak is.

Haar voete vat skaars grond, sê sy, dié dat sy in teks- en stembodskappe op vroeë reageer. Tussendeur, en ná haar oggend-Bybelstudie, stuur sy nog 'n stembodskap: “My kinnerjare was gevul met die wete dat ekke ienagiets ka’ doen.”

Jephtas het haar honneursgraad in drama en teaterstudie, met die fokus op skeppende skryfwerk, in 2019 aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy het al verskyn in teaterproduksies soos die Fiësta-bekroonde *Jakkals en Wolf Onbeperk* deur Malan Steyn en met regie deur Amelda Brand en in televisiereekse soos *Fynskrif* en *Arendsvlei*.

Die toekoms, sê sy hou “... 'n bietjie TV, baie skryf, 'n bietjie film, baie teater, baie leer, baie val, baie opstaan, maa’ ook baie lekker tye” in. Sy het vroeër vanjaar haar debuut as dramaturg op die Woordfees gemaak met die toneelstuk *Hoe change hulle* met Marlo Minnaar en onder leiding van Van Rooi. Dit was 'n hoogtepunt om saam met dié twee, asook Mannie Mannim, wat die beligtingsontwerp behartig het, te kon werk, sê sy.

Dit was eintyd Van Rooi wat aan haar gesê het “ken jou waarde”. “Sy herinner my altyd vannie waar’e wat binne-in my is. Is maklik om jou waar’e te ve’loo’ in die age van social media, en selfs nog makliker om validation te soek op social media.”

“Hoe change hulle” verskyn binnekort in die bundel *Staande ovasie* by Protea Boekhuis. Dit handel oor Shelly, 'n jong man in die tronk wat 'n

produk is van die wanhoop in sy gemeenskap. Sy hanteer graag kwessies soos geslagsgebaseerde geweld, vroueregte en menseregte; 'n kampvegter vir regverdigheid en iemand wat nie bang is om haar stem te laat hoor nie. Verlede jaar het sy nie geskroom om video’s van haar gedigte “Dear Mr President” en “The Apology We Never Got” – albei oor geslagsgebaseerde geweld – aanlyn te deel nie.

“Ekke moet praat,” verduidelik sy. “Die onreg en geweld innie land maak my kwaad. Ek dink soms maybe issit maklike’ om alles te ignore, wan’ issie lekker’ om sout op oep wonde te gooi nie. Maa’ dissie manier hoe ôs gaa’ beweeg. Sosiale kwessies raak ammel, al wil jy dittie wietie. Ekke dink dit sal onverantwoordelik wies om 'n platform te hê en nie te praat oor sosio-politieke kwessies wat ôs face’ie.”

SKRYF SOOS JY PRAAT

Dit is vir Jephtas belangrik om haarself eerlik uit te druk; daarom doen sy dit in Kaaps, haar hartstaal. “Afrikaans is mooi, maar Afrikaaps is my moedertaal,” laat sy hoor. “Is gemaklik. Ekke skryf mee’ vrylik as ekke in Kaaps skryf. Dit kô en vloei natuurlik.

“Kaaps is so diverse, en dit et soveel tekstuu’. Daa’ issie 'n regte of ve’keere manie’ om iets in Kaaps te doenie. Dialek veskryf van plek tot plek. Ekke is opgewonde oor die toekoms van Kaaps. Kaaps is aan die groei soesie dag aangaan en is mooi om te sien hoe mense hulself en hul taal ál mee’ embrace. Jy ka’ net jouself wies en daai

is genoeg.

“Toe ekke op skool was, et ekke nie van baie skrywers gewiet wat in Kaaps skryf. Ekke et net vi’ Adam Small geken. Dis ees late’ dat ekke meer mense on’dek et wat soes ek praat en skryf.”

Dis mense soos haar rolmodel, die digter Ronelda Kamfer, wat haar geïnspireer het om haar stempel in Kaaps af te druk. “Toe ekke Ronelda se wêk on’dek et ek dadelik gedink, “hie is ieman wat soes ek lyk en soes ek praat en skryf soes ekke wil skryf, eendag wanne ekke groot is.” King Kamfer se wêk is relatable. Sy is my mentor. My soul siste’. Ekke et by haa’ gelee’ dat ekke rêrag ienagiets ka’ doen as ekke kophou en aanhou.”

Jephtas streef daarna om Kaaps in die kunste te bevorder; wanneer “studente en leerders van kleu’ oo’ vyf of tien jaa’ 'n monoloog of prosa of gedig soek om op te voe’, hulle nie vêr hoe te gaan soek virrie stories innie taal wat na aan hulle se harte issie”.

“Ek dink ôs jeug se future is bright,” lui nog 'n teksbodske. “Ôs jeug is 'n bietjie mee’ relentless in hulle pursuit en question nou baie meer dinge, wat my excite. Ek hou van hoe ôs dikhou en antwoord’e demand. Is tyd. Tyd vi’ ve’annering. Selfs al kommie change net in jou mindset. My bodskap is eenvoudig. Marianne Williamson et gesê, ‘Ons grootste vrees is nie dat ons nie goed genoeg is nie. Ons grootste vrees is dat ons uitermate sterk is. Dit is ons lig, en nie ons donkerte nie, wat ons die bangste maak.’

“My message is in lyn met daai. Trap in jou lig. Staen in jou lig. Jy issie lig. Hou op terugstaan. Staen saam. Staen op. Staen.”

* Sien ook die artikel oor Afrikaaps op bladsy 76.

DEUR MARLI VAN EEDEN
FOTO DEUR JEREMEO LE CORDEUR

KLEEFNOTAS

WAT 'N STORIE VERTEL

SY HET VAN KLEINS AF GEVOEL SY HET 'N BOEK (OF TWEE) 'IN' HAAR EN TOE HIERDIE EERTYDSE ADVERTENSIEVROU EERS BEGIN FIKSIE SKRYF, WAS DAAR GEEN KEER AAN DIE INK IN HAAR PEN NIE ...

Parys in die Vrystaat, sê hulle, is 'n mikrokosmos van Suid-Afrika. Al die demografiese en psigografiese elemente sal jy in dié dorpie, op die oewer van die Vaalrivier, aantref. Zelda Bezuidenhout (58), 'n woordkunsenaar wat die afgelope drie jaar die een ná die ander suksesvolle boek op die rak laat verskyn, is een van Parys se inwoners.

Sy verwys al laggende na haarself as 'n “kleindorpse tannie”, maar jy besef gou dit is bloot omdat sy gemaklik voel weg van die stad se gedruis. Zelda is op 'n plaas net buite Lusaka, hoofstad van Zambië, gebore, maar het op Hennenman, nog 'n klein Vrystaatse dorp, grootgeword.

Sy het op skool reeds besef syfers is nie haar sterkste vaardigheid nie; sy sou iets met tale moes doen. Sy het 'n kommunikasiegraad aan die Puk verwerf en is deur 'n advertensieagentskap opgeraap. Hoewel sy 'n tyd lank heeltyds by agentskappe soos TBWA\Hunt Lascaris en die Grey-advertensiegroep gewerk het, het sy baie jare as vryskutkopieskrywer oorleef. Dis 'n beroep wat sy besonder baie geniet



het, sê sy, vanweë die skeppende proses wat voortdurend en vinnig moet plaasvind. Tog het die volgehoue druk om beter en beter kopie te lewer haar laat besluit om ander woordweë te volg.

SY KEN TIENERGEITE
'n Groot rigtingwyser op dié pad het

in 2017 gekom toe Bezuidenhout besluit het om vir die ATKV-Skryfskool by haar alma mater in te skryf. Een van die sprekers was die bekroonde jeugverhaalskrywer Fanie Viljoen. Hy het tien bladsye van die jeugverhaal onder oë gehad waarmee sy besig was en voor in die boek wat sy by hom gekoop het, het Viljoen

geskryf: “Jy gaan beslis publiseer!”

Dit was profetiese woorde, want daardie verhaal, *As mens geluk kon proe*, is as naaswenner in 2017 se LAPA-Jeugromankompetisie aangewys en in 2018 gepubliseer.

“Die wenk wat Fanie vir my gegee het – om ’n manuskrip vir ’n kompetisie in te skryf, want dan móét die uitgewers dit lees – het vrugte afgewerp en ek is hom baie dank verskuldig,” sê sy.

“My inspirasie vir hierdie verhaal lê by my dogter, Mia. Toe ek die boek begin skryf het was sy ’n gr. 10-leerder en die boek gaan oor kinders wat in gr. 10 is. My tweede jeugboek, *Die 6 weke van Thomas en Ella*, gaan weer oor ’n groep vriende wat in gr. 11 is en ek het dit geskryf in Mia se gr. 11-jaar.”

Die grensverskuiwende tienerverhaal *Toe ons oneindig was*, wat onlangs gepubliseer is, handel oor matrikulante en dit is in Mia se matriekjaar geskryf. “Noudat sy ’n student is aan die animasieskool in Kaapstad sal ek seker jongvolwassefiksie moet skryf,” sê Bezuidenhout.

Haar eerste roman vir volwassenes – ’n “ligte roman met ’n sterk vrouehoofkarakter”, aldus die uitgewer – is goed deur lesers én resensente ontvang. In haar resensie van *Die dekonstruksie van Retta Blom* skryf Joan Hambidge onder meer: “Dalk ’n moderne Griet skryf ’n sprokie?”

“’n Vriendin het my laat weet Joan het die boek geresenseer en ek het my wit geskrik,” sê Bezuidenhout. “So, dis hoe my skrywersloopbaan begin en eindig in dieselfde maand, het ek gedink voordat ek haar resensie gelees het. Toe het ek vreeslik gelei gevoel. Ek beskou myself as ’n Marita-groepie wat al haar skryfwerk verslind. Vroueskrywers wat boonop met humor kan toor en slim vrouefiksie sal altyd op my leeslys wees.”

RADIODRAMAS EN ’N DRAAIBOEK

Een ding waarmee Bezuidenhout haar

“’N VRIENDIN HET MY LAAT WEET JOAN HET DIE BOEK GERESENSEER EN EK HET MY WIT GESKRIK. SO, DIS HOE MY SKRYWERSLOOPBAAN BEGIN EN EINDIG IN DIESELFDE MAAND, HET EK GEDINK.”

ure lank kan besig hou is om mense en hul “akkeltjies”, soos sy dit noem, dop te hou. Parys, met sy interessante koffiewinkels, bied genoeg geleentheid dáárvoor. Tog is sy eintlik ’n introvert wat van stilte hou.

“Die grootste uitdaging in die grendeltyd was toe ek ons huis met my twee huismense, my man, Izak, en Mia, moes deel. Stilte is vir my baie belangrik en die tyd toe ons drie moes saamwoon in ’n baie klein ruimte en ek nie iewers in ’n koffiewinkel kon gaan sit en werk nie, was moeilik. Ek kan dae lank alleen wees en nie met mense praat nie. Dan skryf ek juis optimaal en is ek op my skeppendste.”

Gepraat van die skryfproses, Bezuidenhout se werkwyse is interessant. Die eerste stap is om op die soort verhaal te besluit. Dan neem sy haar hoofkarakter en skep ’n spesifieke toneel. Sy gebruik dié toneel soos ’n mens ’n stukkie Blitz sal gebruik – as die vlam wat die skryfproses aan die gang kry.

Mettertyd kom meld al die karakters hulle een vir een aan en wanneer sy so vier of vyf hoofstukke geskryf het, haal sy haar kleefnotas uit.

Dié plak sy op haar lessenaar – soms

strek die papertjies tot die vloer – en dan begin die storielyn vorm aanneem. Die kleefnotas werk goed, sê sy, omdat ’n mens hulle kan herrangskik as jy byvoorbeeld agterkom die storie bereik te vroeg sy klimaks of daar moet aan die verloop verander word.

Tyd vir stilsit is daar nie vir hierdie skeppende vrou nie. Sy het verlede jaar die radiodrama *As ’n kind kom kuier* geskryf en daarmee die tweede prys in die RSG en Sanlam Radiodrama-skrifkompetisie verower. Haar inskrywing vir hierdie jaar se kompetisie is lank reeds gepos!

Sy is besig met die draaiboek van ’n flik gegrand op *Die dekonstruksie van Retta Blom*. Sy het reeds drie weergawes geskryf en dit lyk of die vervaardigers en die regisseur nou tevrede is, sê sy. Bezuidenhout waarsku haar aanhangers byvoorbaat daar het baie tonele en karakters gesneuwel, maar die kruks van Retta se storie het behoue gebly.

Uiteindelik lê die vreugde van skryf vir haar in die terugvoering wat sy van lesers kry.

“Ek het ’n sagte plek vir die jeug en ek wil altyd weet wat dink hulle van ’n boek. Die skooltoere wat LAPA Uitgewers vir ’n skrywer reël, bied aan ’n mens die geleentheid om te sien hoe lyk die kinders vir wie jy skryf. Ek is mal oor hul eerlikheid, want dit is ontsettend belangrik om te weet wie hulle is en waar hul kop is en ook waarvan hulle droom.

“Met *Retta Blom* het ek soveel briewe en boodskappe gekry van vreemdelinge wat laat weet het hoe hulle met die karakter kon identifiseer. Die idee dat die woorde wat ek geskryf het vir iemand iets kan beteken op ’n diep sielkundige vlak is seker vir enige skrywer die eerste prys.” 🌸

DEUR ALITA STEENKAMP
FOTO VERSKAF

Om meer te lees oor Bezuidenhout en haar boeke besoek

<https://www.facebook.com/sienjounaskool/>



WANNEER REËNBOË GRYS HET

DANIEL HUGO STEL ONDERSOEK IN NA HOE DIE KLEURE SWART, WIT EN BLOU IN 'N PAAR BEKENDE DIGTERS SE POËSIE GEBRUIK WORD; NET OM TOT DIE GEVOLGTREKKING TE KOM DIT BLY 'N VAE BEELD ...

Antjie Krog het ons in 2000 daarop attent gemaak dat kleur nie 'n eiland is nie. Kleure dra onvermydelik konnotasies met hulle saam: polities, religieus en emosioneel.

Die politieke implikasies van wit en swart is in Suid-Afrika al eeue lank 'n ontstellende werklikheid. In die Westerse kultuur is swart ook die kleur van rou. In die Christelike ikonografie is wit die kleur van suiwerheid en blou die kleur van moeder Maria.

Hierdie drie kleure vind neerslag in talle gedigte. Dié gedigte staan in swart op wit gedruk. Maar die interpretasie van 'n vers is nooit enkelduidig nie, dit wil sê nooit net swart of wit nie. Dit is eerder 'n grysgebied, soos die lewe.

Die swart kraai van onheil

Die Sweedse Nobelpryswenner Tomas Tranströmer het nie om dowe neute gepraat van nagmotte teen die ruit as “klein grys telegramme van die wêreld” nie. Verder het George Weideman sy vierde digbundel die titel *Uit hierdie grys verblyf* (1987) gegee.

In die gedig “Kleurenstudie” (uit *Zolang er sneeuw ligt*, 1975) deur die Vlaamse digter Herman de Coninck behou hy die tradisionele assosiasie van die dood en gepaardgaande rou met die kleur swart, en hy beskryf ons vrees vir die dood as wit. Wit in hierdie konteks is eintlik voor die hand liggend, want mense van Europese oorsprong raak bleek wanneer hulle skrik. Wat dus normaalweg as 'n teenstelling of kontras ervaar word, naamlik wit en swart, word hier op

'n digterlike wyse versoen. Ek het die gedig soos volg in Afrikaans vertaal:

En die swart kraai kom toe
oor sewe berge gevlieg en
bring 'n brief in sy bek:

'n swart koevert met 'n swart
kaartjie met daarop in wit
letters die woord "swart".

So donker is die nag van die dood
en so wit is ons skrik.
(Uit: *Liefde, miskien*, Quiellerie, 1996)

Die swart kraai of raaf as boodskapper van onheil kom van die Noorse mitologie. Die god Odin het twee kraaie, Huginn en Muninn, gehad wat elke aand vir hom nuus omtrent die ellende op aarde gebring het. Die Skandinawiër Tranströmer wyk op 'n eiesinnige manier van hierdie tradisie af deur die motte sy boodskappers te maak.

In D.J. Opperman se gedig "Kantelkompas" (uit *Edms. Bpk.*, 1970), wat handel oor die verdrinking van die Franskraalse visserman Doors Dubbeldop, neem die draers van die doodsberig die gedaante van meeuë aan. Hulle word beskryf as "witswart roukoeverte". Die ooreenkoms met De Coninck se gedig is nogal opvallend, hoewel daar geen sprake van beïnvloeding kan wees nie. Die ooreenkomstige beelde van dié twee digters kom klaarblyklik uit 'n gedeelde kulturele oerbron.

Die blou van Sheila se onthou

Dit is te verwagte dat die kleur blou 'n rol sal speel in die werk van die Katolieke digteres Sheila Cussons. Sy gee egter nie die verwagte religieuse betekenis daaraan nie, hoewel sy ook gedigte oor Maria geskryf het. (In die gedig "Maria-beeldjie" word wel vlugtig verwys na "haar mantel en sluier blou", uit *Verfen vlam*, 1978.)

In die volgende vers is blou vir haar die kleur by uitstek van haar geliefde geboorteland, Suid-Afrika. As vrywillige "balling" in Spanje skryf sy:

Ek het jou lief my land
ek het jou lief om jou blou
ek het oor die aarde gereis
en oral gedink aan jou blou:
lokasies waar glas en sink en gruis
onder die son snou van blou
Klutskwyt en Witbewerasie
onder geswolle donderblou
en ek bid 'n potblou klein gebed
wanneer ek wakker lê vir jou.

Dit is besonder opvallend dat sy in hierdie gedig 'n sosiaal-politieke betekenis aan blou gee. Dit laat haar dink

aan die apartheidslokasies. Daarom dat dié woonplekke "snou van blou". 'n Snou is volgens die HAT (sesde uitgawe, 2015) 'n bitsige woord of afjak. Die bewoners van die townships was inderdaad afgejakte, verstote mense.

Die (fiktiewe) name vir die lokasies, Klutskwyt en Witbewerasie, bevestig dit. Om die kluts kwyt te raak is om in die war te raak – die effek van die sosiale onreg wat die swart en bruin mense moes verduur. Witbewerasie dui op die vrees wat hulle gehad het vir die wit heersers.

Net soos by De Coninck word die kleur wit dus verbind aan angs, dit wat jou laat bewee. En hier bevind ek my nou volledig in die grysgebied van gediginterpretasie.

Emosies in swart op wit

Terug by Krog se *Kleur kom nooit alleen nie*. Onlangs het daar 'n digbundel van Lynthia Julius verskyn, *Uit die kroes* (2020). In die gedig "Kleur kom tog alleen" nuanseer sy op 'n ironiese wyse Krog se uitspraak. Een van die voorbeelde wat sy in dié gedig noem van die uitsonderingsposisie waarin jou velkleur jou kan laat beland, is:

Kleuralleen kom met die dosent saam wat vir jou sê
jy moet jou werk na 'n sekere uitgewer stuur,
hulle soek bruin skrywers.

Gelukkig tog dat die emosies en politiek om kleur in gedigte gedokumenteer kan word – in swart op wit.

Gedrukte teks in swart ink op wit papier is natuurlik veel leesbaarder as wit skrif op 'n swart agtergrond. NP van Wyk Louw maak op 'n subtile wyse van hierdie idee gebruik in sy gedig "Ex unguine leonem" (uit *Tristia*, 1962). Hy sluit af met die beroemde reëls:

Iets staan in sterre-en-helderte geskryf;
en ek skryf na in stof.

God se skrif is dus die moeilik leesbare helderwit sterre teen die donker naghemel. In 'n ander *Tristia*-gedig, "Dood van die Heilige Biblis", sê Louw God het 'n "voorgeskryfde baan" vir die "son-stelsels en mane" daargestel. Die aardse digter kan dit slegs naskryf in stof. Maar in werklikheid is dit wat hy skryf verstaanbaarder, bevatliker vir die menslike verstand, want hy doen dit in swart op wit. Met dié kwalifikasie dat sy begrip van mens en God onhelder bly:

Wat ek van mense of van God wil meen,
word in my dofheid dof.

En daarmee is ons terug by die "grys verblyf" van die menslike bestaan. Die versoening van die twee uiterstes, die swart en wit, is juis te vinde in die tussengebied. ♡

DEUR DANIEL HUGO

G'N 'PAPEGAAIE' IN DIE KLAS

VIR ONS KINDERS – EN DIE MENSDOM EN DIE AARDE – OM TE KAN FLOREER HET DIE SAMELEWING DALK 'N NUWE SOORT ONDERRIG NODIG, EEN WAT 21STE-EEUSE VAARDIGHEDE INSLUIT. DIS WAT DIE STIGTERS VAN 'N NUWE PRIVATE SKOOL IN DIE PAARL BEOOG ...

'N Nuwe onderrigstelsel – gegrond in die oortuiging die mensdom se groei spruit uit die nuuskierigheid van 'n kind – het mense aan die gons. Green School Suid-Afrika maak jou opgewonde oor die onbekende.

Die 1960's se opvoedingsmodel is steeds die norm in die meeste Suid-Afrikaanse skole. Baie mense meen egter dié manier van skoolhou stagneer en is rede tot kommer in 'n wêreld waar nuutskeppings en innovering die pilare van baanbrekerswerk is.

Te danke aan die werk wat Green School Bali, die eerste in sy soort, die afgelope 12 jaar doen, kan Suid-Afrika binnekort met sy eie Green School spog, en dit boonop in die mooie Paarl.

DIE INSPIRASIE

Toe John Hardy, stigter van Green School Bali, die eerste keer na Al Gore se *An Inconvenient Truth* kyk, was sy aanvanklike reaksie dit het sy lewe verwoes. Hy het besef as selfs net 'n gedeelte van dié Oscar-bekroonde dokumentêre flik waar is, sal sy kinders waarskynlik baie min van die soort lewe geniet wat hy gehad het. Daar en dan het hy besluit om die res van sy lewe daaraan te wy om toekomstige leiers op te voed om anders te dink en te doen.

Green School Bali bied 'n model met drie eenvoudige reëls: "Wees" plaaslik; laat die omgewing jou lei; en voorsien hoe jou optrede jou kleinkinders kan raak. "Dit kom basies daarop neer dat ek van mense met 'n doel hou," sê Hardy.

Green School Suid-Afrika se hoof, Andy Wood, sê hulle wil die kinders leer hul optrede het gevolge. Volgens hom maak Green School se kinders 'n verskil in die omgewing en die gemeenskap en onder mekaar.

Die plaaslike stigterslede, Herman en Alba Brandt, se kroos het in 2017 ses maande in Bali skoolgegaan. Hulle het met 'n brandende begeerte teruggekeer en dadelik aan Green School Suid-Afrika begin werk. Een van die



V.L.N.R.: GREEN SCHOOL SUID-AFRIKA SE ADMINISTRASIEGEBOU; ANDY WOOD, GREEN SCHOOL SUID-AFRIKA SE HOOF; KINDERS SAL LEER DEUR TE DOEN.

grootste dryfvere was om aan hul kinders wêreldklas-onderrig ook in Afrikaans te kan bied. Hul skool gaan waarskynlik die enigste Afrikaans-Engels- internasionale skool ter wêreld wees.

DIE SPAN EN TERREIN

Saam met Wood, wat die afgelope 15 jaar internasionale skole in Dubai en die Bahamas, asook private skole in Suid-Afrika, bestuur het, is daar 'n groot span aan die werk in die Paarl. Al die onderwysers is reeds aangestel en gaan van Oktober tot Desember 'n opleidings-en-beplanningsprogram volg.

Daar word gewoel en gewerskaf om die skool se geboue en tuine gereed te kry sodat die deure in Januarie 2021 oopgegooi kan word. Daar is groot opgewondenheid oor die ontwerp, want die inspirasie daarvoor kom van Paarlberg, Simonsberg en die Drakenstein-bergreeks, wat die vallei omring. Die terrein is as "dorp" uitgelê, met groepies geboue wat elk sy funksie verrig.

Elke ouderdomsgroep het sy eie area, kompleet met tuinpaadjies wat tussendeur vleg. Die middelpunt van die bedrywighede sluit die kombuis, eetsaal, biblioteek en kuns- en musiekklassie in. Die administrasiegebou staan by die ingang en die *sangkep* (Balinees vir "bymeekaarkom") kyk uit oor die Paarlvallei.

DIE KURRIKULUM

Die Green School-kurrikulum bestaan uit drie komponente: Wát jy leer; hóé jy dit leer; en hoe dit getoets word. Dit is op erkende internasionale leerplanne soos dié van Singapoer, Brittanje en Nieu-Seeland gegrond en voldoen ook aan die Suid-Afrikaanse kurrikulumvereistes.

"Teen 2035 gaan die vermoë om 'n groot klomp feite te onthou en om rugby te speel nie die basiese vaardighede wees wat nodig is nie," sê Wood. Green School-kindere leer om met ander oë te kyk na dit wat in die wêreld aangaan.

Papegaaierk en kil klaskamers is taboe.

Wanneer kindere in gr. 5 byvoorbeeld van gesteentes en rotsvorming leer, vaar hulle die berge in om eerstephonds daarvan te leer – te voel; te praat oor hoe dit gevorm word; en hoe die klippe benut kan word. Daarmee saam vestig dié manier van leer vaardighede soos kommunikasie, samewerking, kritiese denke en probleemoplossing.

Nog maniere van toetsing sluit selfassessering en kwalitatiewe terugvoering deur maats en onderwysers in. 'n Green School-rapport beslaan 'n allemintige nege bladsye en bied aan ouers en kindere 'n omvattende prentjie van die kind se vordering.

JOU KIND

Daar is min, indien enige, skole wat werklik holisties 'n kind se ontwikkeling steun en aktief bevorder. Alba is veral opgewonde oor die "middelskoolfase", van gr. 6 tot gr. 8, wat ontwerp is om die emosionele, sosiale en sielkundige verandering tydens puberteit in ag te neem.

Met 'n verhouding van een onderwyser tot tien leerders en nie meer as 20 leerders in 'n klas nie, kry Green School-kindere meer eksklusiewe tyd saam met onderwysers en laasgenoemde kan die klas volgens vaardigheidsvlakke in groepies opdeel.

Volgens die Brandts behoort kindere maklik aan te pas wanneer hulle van 'n staatskool na Green School Suid-Afrika oorskui. Hulle beskryf die aanpassing as 'n gevoel van vernuwing. Hulle sê ook hoewel die skool groot vryheid bied, gaan dit met groter verantwoordelikheid gepaard. Kindere leer deursettingsvermoë en om die moontlike gevolge van hul besluite te deurdink en te aanvaar.

Green School-leerders is uit die staanspoor "trotse aktiviste vir onvermydelike sosiale verandering" om uiteindelik die omgewing en sy hulpbronne vir toekomstige generasies te bewaar. ♡

DEUR RENATE ENGELBRECHT



V.L.N.R.: DIE DORPS-GEVOEL VAN GREEN SCHOOL SUID-AFRIKA; PLAASLIKE STIGTERSLEDE, HERMAN EN ALBA BRANDT; 'N LUGFOTO VAN GREEN SCHOOL SUID-AFRIKA SE AANBOUINGS EN VORDERING.

NOTE VAN ONSTERFLIKE WAARDE(S)

DIE MUSIEK WAT IN DIE TWEDE WÊRELDOORLOG SE DOODSKAMPE GEMAAK IS, IS 'N HERINNERING – EN WAARSKUWING – DAT DIE MENSDOM NOOIT DIE ONREG MAG VERGEET WAT DAAR GEPLEEG IS NIE ...

In September is dit 75 jaar sedert die Tweede Wêreldoorlog amptelik beëindig is. In die Nazi's se gevreesde konsentrasiekampe, waar meer as ses miljoen mense dood is, was musikante en musiek eweneens 'n deel van die roetine. Hulle het nie net die marsjeerritme gestel nie, maar ook gespeel wanneer die gevangenes verwelkom of getel moes word. Vir baie gevangenes het dit uiteindelik ook redding gebring.

'n Kwarteeu later herleef daardie musiek danksy die Italiaanse pianis en komponis Francesco Lotoro se ywer om dit op te neem en oor die wêreld heen in konsertsale uit te voer. Lotoro het die laaste 32 jaar reeds meer as 8 000 musiekstukke versamel. Sommige is op toiletpapier, telegramme en aartappelsakke


geskryf.

Sy belangstelling is in 1988 geprikkel toe hy gehoor het van die musiek wat in die geheim in die Theresienstadt-kamp (sien kassie) gekomponeer is. Sedertdien reis hy wyd om die musiek op te spoor, in baie gevalle klaar te skryf en op te neem.

Wanneer jy in die snerpende koue en in 'n doodse stilte onder die "Arbeit mach frei"-teken in die Auschwitz II-Birkenau-uitwissingskamp in die suide van Pole staan, is die hoendervel wat op jou lyf uitslaan nie nét aan die koue toe te skryf nie. Neffens die hek sien 'n mens die eerste bord oor die kamp se orkes, met 'n foto wat in 1941 deur die SS geneem is. Nie ver van daar, aan die linkerkant, staan die gaskamers en krematorium. ▶



**“JY KOM IN
AUSCHWITZ
AAN MET DIE
VERWAGTING
DAT JY VERGAS
GAAN WORD.
DAN GEE
IEMAND JOU 'N
TJELLO EN JY
HET 'N KANS
OM TE LEEF.”**





SANTA PELHAM SE PASPOORTFOTO
HERINNER AAN 'N ANDER ERA.

Ons is 20 in die toergroep. Voor stap 'n gids wat al 30 jaar by die museum werk. Daar is 'n paartjie van Brasilië wat by een van Lotoro se uitvoerings in São Paulo was. Hulle neem foto's van mekaar by dié bord en skielik besef ek: Die verskrikking van die konsentrasiekampe strek oor die wêreld heen, oor generasies. Dié skynbaar gelukkige jong paartjie is in 'n konsentrasiekamp duisende kilometer van die huis, omdat die musiek wat hier geskryf is hulle gelok het.

SANTA SE STORIE

Die Kaapse operasanger Aviva Pelham se ma, Santa, het die Nazi-uitwissing oorleef. Pelham het haar storie in die eenvroustuk *Santa's Story* verwerk nadat Santa dit op 90-jarige ouderdom aan haar vertel het. Tydens die konserte het Santa in die voorste ry gesit en op die verhoog gestap om saam met Aviva die *encores* te sing. Pelham het daarmee tot in Londen, Helsinki, Melbourne, New York en Herzliya gedraai.

Santa is in 1918 in Duitsland aan Poolse ouers, Simcha Meilach en Maita Erder, gebore. Hulle en een broer, Chaim, is in Auschwitz vermoor. Deur 'n gereëde Joodse huwelik trou Santa



JODE KON HUL KOSBAARSSTE BESITTINGS EN 'N PAAR STUKKIE KLERE SAAMNEEM NA DIE KONSENTRASIEKAMPE. NET OM DAAR ALLES – OOK HUL LEWENS – TE VERLOOR.

met Jack Pelham, wat in die voormalige Rhodesië gewoon het, en reis alleen van Frankryk, waar sy geskuil het, om haar lewe in Afrika te begin.

Pelham het in 'n onderhoud vertel sy kan nog goed onthou dat sy ongeveer agt jaar oud was toe sy die eerste keer van haar ma se hartseerverhaal gehoor het. “Toe ek 16 was, het baie Hollywood-fliëks oor die oorlog begin draai en my ma wou elkeen sien. Ek het haar elke dag na die fliekteater gevat. Dis of sy moes sien wat sy self beleef het.”

Santa is in Desember 2015 in die ouderdom van 97 oorlede.

KINDERSANG IN DIE KONSENTRASIEKAMP

Dit was nie Pelham se eerste

kennismaking met die gruwels van die Jode se uitwissing nie. Sy was in 2011 regisseur van die kinderopera *The Brundibár*, wat in die Kunstekaap opgevoer is. Dié opera is 55 keer in Theresienstadt opgevoer. Dis deur die Joods-Tseggiese komponis Hans Krása geskryf, met 'n libretto deur Adolf Hoffmeister, en aanvanklik vir 'n kompetisie in 1938 geskryf. Weens die broeiende oorlog is die optrede gekanselleer.

Krásá en bykans die hele kinderrolverdeling is na Theresienstadt geneem en hy het die opera saamgeflans uit dié klavierbladmusiek wat hy kon bewaar en dit wat hy van sy oorspronklike komposisies kon onthou. Die opera moes ook aangepas word vir die instrumente beskikbaar in die kamp: fluit, klarinet, kitaar, trekklavier, klavier, perkussie, vier

viole, 'n tjello en basviool.

Wat die Kaapstad-speelvak sewe dekades later so spesiaal gemaak het, is dat Ela Stein Weissberger, wat die rol van die kat in die opera in Theresienstadt gespeel het, die gas van die vertoning was. Sy was 11 toe sy na dié Nazi-kamp gestuur is. Weissberger het tot haar dood in 2018 oor haar ervaringe gepraat. Ná die laaste vertoning is die hele rolverdeling na die gaskamers gestuur – net sy en nog 'n kind het oorleef.

“Wanneer ons gesing het, het ons vergeet waar ons was,” het sy gesê. “Ons het honger vergeet, en al die probleme wat ons moes ontbeer.”

Pelham sê haar jong spelers “was ekstasies om iemand te ontmoet wat in die oorspronklike produksie opgetree het”. Volgens haar het Weissberger vertel dit wat nie gesê kon word nie, is gesing. Die storielyn was eenvoudig: Twee kinders wil melk vir hul siek ma koop, maar die bouse Brundibár keer hulle voor. Dit is duidelik dié opperste boelie is die

versinnebeelding van Hitler. Danksy die hulp van 'n kat, mossie en hond samel hulle genoeg geld in, maar die boodskap is duidelik: Vermy boelies so goed jy kan.

Haar ontmoeting met Weissberger het aan Pelham 'n dieper insig in haar ma se ontberings gegee. “Mense wat sulke ewwels oorleef, weet waarlik hoe om elke dag na waarde te ag,” sê sy. “Die kleinste gebeurtenisse word met dankbaarheid gevier. Ten spyte van die verlies en hartseer wat sy moes ontbeer, was sy oorgehaal om 'n vol lewe te lei met baie vreugde, liefde en betekenis. En natuurlik musiek!”

VLUGTELINGSTORIE WORD RADIODRAMA

Nog 'n oorlewende wat in Suid-Afrika kom woon het, is Katja Kowelec, wat al dekades in Mbombela woon. Sy het eers in 2014, op 90-jarige ouderdom, haar lewensverhaal bekend gestel, *Those Miraculous Sunflower Seeds: A*

riveting story of faith, hope and love.

Kowelec het byna in 'n Siberiese konsentrasiekamp beland toe 'n Russiese soldaat haar 'n handvol sonneblompitte aanbied. Sy het dit oorbluf by hom geneem en geëet. Toe hy later weer verby stap terwyl die vroue op vragmotors gelaai word vir vervoer na die kampe, het hy haar nog aangebied. Sy het gevra of sy 'n draai mag loop. Dit was naby 'n veld waar werkers hoë koringgerwe geoes het. Toe sy by die rand van die veld kom, het die soldaat vir haar gesê om te hardloop.

“Ek het gedink hy gaan my in die rug skiet, maar begin hardloop en toe ek omkyk, was hy weg.”

Sy het 'n Suid-Afrikaanse soldaat ontmoet en as oorlogsbruid na Suid-Afrika gekom. Die huwelik het egter nie lank gehou nie. Kowelec is in 'n TV-onderhoud onder meer gevra hoekom sy op daardie ouderdom nog oor die verlede praat. Wil sy nie eerder vergeet nie?

“Ek wil vergeet, maar jy kan nie vergeet nie,” het sy gesê. “Ek wou vir die jongmense geskryf het, 'n waarskuwing, dat ons nie weer só 'n lewe moet hê nie. Mense moet in vrede lewe. Dis nie nodig dat ons mekaar haat nie. Liefde is die antwoord.”

Kowelec het haar 96ste verjaardag op 31 Julie gevier.

Haar storie het Roelf van Jaarsveld, 'n omroeper by die gemeenskapsradiostasie Radio Laeveld, so geïnspireer dat hy die *Sade van genade*-vervolgverhaal geskryf het. Dit was dié stasie se eerste radiodrama en het uit 50 episodes



DIE KOU EN GRYSE MURE WAT MET HAKIESDRAAD OMHEIN IS, LAAT JOU GOU BESEF HOE ONMOONTLIK ONTSNAPPING WAS.



RADIO-OMROEPER ROELF VAN JAARSVELD HET KATJA KOWELEC, SE AANGRYPENDE BOEK IN 'N RADIO-VERVOLGVERHAAL OMSKEP.

bestaan, wat laat verlede jaar ten einde geloop het. Roelf het intussen die laaste 70 episodes voltooi en die hele reeks word na verwagting volgende jaar uitgesaai. Kristen Raath van *7de Laan*-faam speel die rol van die jong Katja.

Die plaaslike musikant Natascha C het die temaliedjie geneurie. Roelf vertel hy wou musiek hê wat die luisteraars “onmiddellik terugneem” na die Tweede Wêreldoorlog, “maar ook iets wat jou aan die Suid-Afrikaanse platteland laat dink, omdat Katja uiteindelik op ’n plaas in die Laeveld eindig”. Die eerste lied was ’n maklike keuse, “Lili Marlene”, maar die tweede, “O, boereplaas”, het van Natascha en haar pianis, Hendri-John Williams, gekom. “Die twee temas gly so gemaklik in mekaar dat dit soos een komposisie klink. Ek het trane in my oë gekry toe ek dit die eerste keer hoor.”

Roelf het sover moontlik oorspronklike musiek van die oorlogsjare gebruik. “Outentieke oorlogsklanke, voertuie, treine, Big Ben, vliegtuie en omgewingsklanke soos treinstasies, plase en verkeer is ingesluit. Radioberigte deur Adolf Hitler, die Britse koning George, premier Chamberlain en hul eerste minister, Churchill, is almal werklike opnames.”

Roelf het ook “Czerwona Holota” (“Red Scum”), ’n Poolse antikommunistiese lied, en “Holocaust Song”, ’n onbekende komposisie wat “soveel trauma en weemoed bevat dat dit jou koue rillings gee”, ingesluit.

FLINKER NA DIE GASKAMERS

My gedagtes dwaal terug na ons besoek, skaars ses maande gelede. In die Auschwitz-Birkenau-gedenkmuseum se boekwinkel staan onder meer *One of the Girls in the Band. The Memoirs of a Violinist from Birkenau* deur Helena Dunicz Niwińska.

Sy was lid van die vroue-orke van Auschwitz wat in 1943 deur die SS gestig is. Die orke was vir 19 maande



aktief en het uit jong Joodse en Slawiese gevangenes bestaan. Hulle moes soms tot tien uur per dag speel om te verseker dat die kamp se verrigtinge vlot verloop. Hulle het ook Sondae konsert vir die SS-offisiere gehou.

Ons gids het vertel die Duitsers het die orkeste gestig as propaganda-middel – om aan die buitewêreld te wys dat die Jode in goeie omstandighede aangehou word en om die gees in die kamp hoog te hou sodat hulle harder kon werk. Maar dié musiek, wat voorheen dalk die siel geheel het, is uiteindelik ook gebruik om die kies van die gaskamer-slagoffers te laat vlot en hulle ordelik na die gaskamers te laat marsjeer.

Nog ’n oorlewende, Halina Birenbaum, is op 15 September 1929 in Warskou, Pole, gebore. Sy is internasionaal bekend vir haar skryfwerk en aktivisme nadat sy in die Majdanek-konsentrasiekamp aangehou is. Haar ouers, Jakub Grynyszajn en Pola Kijewska, is onderskeidelik in die gaskamers van Treblinka en Majdanek dood. Birenbaum was tydelik in laasgenoemde voordat sy in 1943 na Auschwitz oorgeplaas is. Sy het dié kamp, die dodemars van Januarie 1945 na Wodzisław Śląski, asook die rit na Ravensbrück en toe Neustadt-Glewe, oorleef.

Sy praat vandag nog oor die wêreld heen met jongmense oor die verskrikking van die oorlog en die konsentrasiekampe. Haar gedigte en

ONS GIDS TYDENS ONS BESOEK AAN DIE TWEË KONSENTRASIEKAMPE, AUSCHWITZ-BIRKENAU. SY DOEN HIERDIE TOERE AL VIR 30 JAAR.



HALINA BIRENBAUM.

prosa is emosiebelaaide herinneringe van die Nazi’s se wreedheid. Sy vier op 15 September haar 91ste verjaardag.

LAASTE OORLEWENDES

Birenbaum korrespondeer met my van Herzliya, Israel, waar sy die afgelope 73 jaar woon. Haar herinneringe van die musiek is effe anders. “In die barakke, saam met meer as 800 vroue ingedruk, was daar geen plek om te lê

“WANNEER ONS GESING HET, HET ONS VERGEET WAAR ONS WAS. ONS HET HONGER VERGEET, EN AL DIE PROBLEME WAT ONS MOES ONTBEER.”

nie en daar was geen plek vir sang nie. Toe my ma na die gaskamers is, was daar ook geen musiek nie. Alles het sy plek, sy posisie, sy rang – selfs in die hel.

“Die miljoene wat vermoor is – in hul huise; in treinwaens soos diere; in die gaskamers – het ook nie gesing nie, het geen digkuns of musiek in hul kop gehad nie. Ek onthou wel die beter ure in die kamp, wanneer ’n genadiger SS-offisier jou pad kruis, die son skyn en ’n liedjie van beter tye skielik in jou kop opkom en oor jou lippe ontsnap.”

Sy luister nog gereeld na die musiek van haar jeug. Dis musiek wat sy beskryf as die “liedjies wat gedurende die tragedie van die Warskou-ghetto of in die kampe gesing is”. Sy sê dit is ware kreatiwiteit wat in ’n see van ontbering gebore is. “Ek beskou hierdie gebeurtenisse as groot lewenslesse, oor mense, en dat waardes nie vermoor kan word nie.”

Dis stories soos Birenbaum s’n wat Lotoro aanspoor. Sy pad kruis in Londen met dié van Anita Lasker-Wallfisch, een van die laaste oorlewendes van Auschwitz se vroue-orkes. Sy het op 17 Julie 95 geword en vertel sy het toevallig in die orkes beland. “Terwyl ons in rye gewag het dat hulle ons nommer op ons arm tatoeër en ons kop skeer en ons registreer, het ek toevallig aan die vrou laat val dat ek voor die oorlog ’n tjellis was.”

Die vrou het gesê dis fantasies en Lasker-Wallfisch het gou agtergekom wat sy bedoel. Die lede van die orkes het almal saam gewoon en veel langer geleef. Hulle het in blok 12, bekend as “die musiekblok”, gewoon. Dáár moet ons toergroep laatmiddag ’n rukkie wag dat ’n ander groep kan deurstap.

Ek hoor weer Lasker-Wallfisch se opmerking dat hulle baie na aan die

krematorium was en daaglik die verskrikking daar gesien het. “Jy kom in Auschwitz aan met die verwagting dat jy vergas gaan word. Dan gee iemand jou ’n tjello en jy het ’n kans om te leef.”

In die Auschwitz-museum is daar van die instrumente wat orkeslede later uit die kamp gedra het, die bladmusiek versteek in die instrumenttassies. Dié musiek herleef in Lotoro se konserte. “Die wonderwerk is dat hierdie hemelse musiek vernietig en verlore kon wees, maar dit het ons wonderbaarlik bereik,” sê hy. “Musiek is ’n fenomeen wat wen. Dis die geheim van die konsentrasiekampe; niemand kan dit wegneem of toesluit nie.”

Geen spadorp nie!

Terezín (of Theresienstadt, soos dit tydens die oorlog bekend was), staan net buite Praag in die Tseggiese Republiek.

Dit was ’n konsentrasiekamp, maar het nie gaskamers gehad nie. Tog is meer as 33 000 mense daar dood. Dis deur die Nazi’s voorgelê as ’n “spa-dorp”, waar Jode behandeling kon ontvang en veilig sou wees en hulle het selfs die Rooi Kruis daarheen genooi. Van die Jode kon ondervra word oor hul lewe daar, maar hulle is voorgesê om die Rooi Kruis ’n rat voor die oë te draai. ♡

DEUR MARYKE ROBERTS
FOTO’S: VERSKAF



VAN DIE GEVANGENES SE SKOENE WAT VANDAG NOG TE SIEN IS.

STEEDS VUUR IN HULLE ARE

MEDIAGROEPE SLUIT HULDEURE. GELIEFDE TYDSKRIFTE WORD NIE MEER UITGEGEE NIE EN JOERNALISTE SIT SONDER WERK. DIS DIE DRUKMEDIA SE NARE WERKLIKHEID IN DIE TYD VAN COVID-19, MAAR DAAR IS STEEDS HOOP ...

Nog 'n tenderskandaal, maar dié keer in die kantoor reglangs dié van pres. Cyril Ramaphosa.

Khusela Diko, wat namens die landsleier verklarings moes skryf oor onder meer die vasvat van korrupsie en haar baas se goeie voornemens om die bevoordeling van ANC-kaders uit te roei, slaap toe al die tyd by 'n tenderpreneur, ene "koning" Thandisizwe Diko, wat hom en sy maatskappy met R125 miljoen se Covid-19-hulpgeld "geseën" het.

Seën, ja, 'n woord wat dikwels in die joernalis Adriaan Basson se boek *Blessed by Bosasa: Inside Gavin Watson's*

state capture cult opduik en uikers van pas blyk te wees in sy beskrywing van dié maatskappy se bedorwe verhouding met die staat. "Die woord het telkens in my navorsing opgeduik," sê Basson. "Politici en Bosasa-werkers het mekaar as 't ware geseën met staatsgeld."

Pieter-Louis Myburgh is nog 'n joernalis wie se boek, in dié geval *Gangster State: Unravelling Ace Magashule's web of capture*, opnuut tersaaklik is weens die druk op Ramaphosa om te sê waar hy met Magashule en dié se moontlike vervolging staan. Dan praat 'n mens nie eens van Jacques Pauw en sy onthullings oor oudpres. Jacob Zuma nie. En só kan 'n mens voortgaan om die name te noem van onverskrokke joernaliste wat help om Suid-Afrika se korruptes aan die kaak te stel.

Nie net op politieke gebied nie. Hulle krap ook aan gebrekkige munisipale dienslewering, omgewingsake (uraanontginning, droogtehelp en waterbestuur), kerken genderkwessies en selfs skandes in die regsomgewing (soos dié om regterpresident John Hlophe en die Kaapse hooggeregshof). Hulle is die bloedhonde wat 'n muishond se "klankie" op 'n afstand bespeur.

In die boek *Changing the Fourth Estate: Essays on South African journalism** skryf wyle Jakes Gerwel destyds: "Ná net meer as tien jaar van demokrasie in Suid-Afrika is die behoefte aan gehalte-joernalistiek dringender en belangriker as ooit."

Maar wat gebeur? Te midde van 'n horde gieriges wat die land stroop en soveel ander vergrype is dit dié beroep wat op korporatiewe vlak van sy ergste uitdunnings tot nog toe beleef. As daar nie genoeg joernaliste oorbly nie – ook jonges wat by die ervarenes kan leer – wie gaan ons land se politici in die spieël laat kyk? Die samelewing aan etiese gedrag herinner?



Bloed vloei op die mediaveld

Te midde van die Covid-19-isolasietyd en -werkverlies was daar drie groot slagtings in die media. Op 1 Mei is Associated Media, wat in 1982 deur die mediadoyenne Jane Raphaely begin is, se sakebedrywighede gestaak; die Caxton-groep volg met die aflegging van 150 werknemers en die sluiting van gevestigde en vertroude publikasies; en Media24 sny nog dieper met die verwydering van tot 660 poste en die sluiting van verskeie koerante en tydskrifte.

Al drie groepe skryf dié stappe toe aan 'n geleidelike afname in advertensiebesteding, 'n stadige proses wat weens die inperking momentum gekry het; die groei van digitale media; 'n ooraanbod van titels en mededinging; en die vrot ekonomie in die algemeen.

Die aankondigings is met skok en ongeloof begroet, maar dis al. Die besluite is onomkeerbaar. En dit wil voorkom of die maatskappybase nie van hül vergoeding inboet nie.

Dit staan in skrilte kontras met die briefie van 'n afgedankte wat ek onlangs kry: “Dis met swaar hart en groot skaamte dat ek vir jou skryf. Hierdie aaklige tyd het sy tol geëis. Ek is werkloos en geld is *non-existent*. Dit breek my hart en maak my naer om jou te vra, maar kan jy my help met 'n paar rand vir kos ensovoorts. Ek het nie meer *dignity* oor nie, soos jy kan sien, en my opsies is beperk.”

Leer jou eie potjie krap

Marianne Thamm vertel in die einste *Fourth Estate* oor haar vryskutlewe (van oor die 20 jaar): “Joernaliste dink in die algemeen nie soos sakemense nie. Ek het nooit geleer om myself te

bemark of vir myself te werk nie. Die besef dat ek nou my eie baas is en dat ek eintlik my eie klein onderneming bestuur, het my werkbenadering verander. Ek het leer fokus op my kernbesigheid, terwyl ek ook besef het ek moet my werkaanbod verbreed.”

Thamm het boeke begin skryf, ook haar eie lewensverhaal. “Ek redigeer, gee klas, tree soms as openbare spreker op, doen navorsing vir dokumentêre, tree soms as spookskrywer op. Ek het dinge soos boekhouding geleer, kantooradministrasie, hoe om self vir my mediese en pensioenfondse te sorg. Die mite bestaan dat vryskutwerk ook te doen het met stadiger werk, om na 'n laer rat oor te skakel.”

En onthou, sê sy: “Niemand kom na jôu toe nie – jy moet na hulle toe gaan.”

Ná sewe jaar op my eie het ek dieselfde geleer, maar ook: Beperk uitgawes, maar gee geld uit op 'n goeie internetdiensverskaffer; werk volgens 'n roetine; werk aan jou “veldikte” en moenie “nee” as verwerping beskou nie; sien 'n moontlike storie in enigiets; wees beskikbaar; soek die gapings in die storiemark; bly ingelig; bied jou dienste aan; en nege-tot-vyf bestaan nie.

Terwyl die joernalistieke omgewing sidder oor die afdankings en sluiting van tydskrifte en koerante is daar 'n ligpunt. Pas het die land se jongste universiteit, Akademia, aangekondig hy begin in 2021 'n departement vir kommunikasie en joernalistiek. Dis enersyds 'n omgewing wat dosente op 'n vaste én 'n ad hoc-grondslag nodig het en andersyds een wat hopelik landingsplek vir afgestudeerdes gaan bied.

Niemand kan hom 'n wêreld sonder die media indink nie, en dit sluit die nuusmedia in. “Solank daar 'n behoefte is aan 'n produk of diens, is daar 'n mark. Die manier waarop inligting aangebied word, mag dalk

verander, maar ons gaan altyd 'n honger hê na inligting.”

So sê dr. Alé Steyn, hoof van die nuwe departement kommunikasie en joernalistiek aan Akademia wat sy deure in 2021 open, met toelating van 40 permanente studente op die Centurion-kampus.

“En wat die Afrikaanse mark betref ... ons gedrukte koerante en tydskrifte sluit dalk, maar as jy kyk hoe Netwerk24 en Maroela Media groei – die twee groot aanlyn platforms vir Afrikaanse nuus – dui dit daarop dat daar 'n groot groep mense is wat steeds in Afrikaans wil lees.”

Steyn meen 'n vryskutloopbaan word toenemend belangrik. “Joernaliste en kommunikasiekundiges gaan vorentoe méér vir hulself werk. Studente moet toegerus word om vas te byt, geleenthede raak te sien en te skep, hulself te bemark, aan te pas, voortdurend nuwe vaardighede aan te leer en ook om die praktiese dinge te doen, soos om stories aan te bied, te ontwikkel, vir vergoeding te onderhandel en hul geldsake te laat klop.”

Wat kan joernaliste en die kleiner nuusmedia doen om voort te bestaan – volgens Sanef.

- Kom self met vars idees vir volhoubaarheid vorendag en neem 'n sakegerigte benadering in om inkomste te genereer.
- Wees meer mededingend en werk op dieselfde vlak van gehalte as groter mediahuise.
- Doen aansoek by die hulpfonds.
- Op plaaslike vlak moet die media hande vat met universiteite en korporatiewe maatskappye vir reddingspakkette en ondersteuning. ♡

DEUR MARLENE MALAN

Changing the Fourth Estate: Essays on South African journalism: Edited by Adrian Hadland; HSRC Press; 2005.





OUBAAS SE BREKER

HONDE IS DALK NIE
DIE EERSTE DING WAT
BY 'N MENS OPKOM.
WANNEER DAAR VAN
TEENSTROPINGS-
EENHEDE GEPRAAAT
WORD NIE, MAAR IN
DIE KRUGER-WILDTUIN
VORM HULLE 'N
ONLOSMAAKLIKE DEEL
VAN DIE POGINGS OM
DIE NATUURLEWE TE
BESKERM ...



JESSE, JONG DOBERMANN-BLOED-
HOND-KRUISING EN HAAR
HANTEERDER PRESENCE MASEKO.

By 'n helderrooi “Geen toegang”-bordjie in die suide van die Krugerwildtuin draai jy af om by die honde-eenheid uit te kom. Dáár maak die jong honde, wat aangekoop is vir dié park se teenstropings-eenheid, kennis met die taak en die omgewing wat op hulle wag.

Netjiese hondehokke huisves sowat tien tot 12 van dié vierpotiges en daar is groot speelkampe waar hulle nog hond kan wees. Elke hok is netjies toegespan met dik diamantdraad om enige honger luiperd weg te hou. Dié roofdier sal blykbaar nie huiwer om 'n hond as prooi aan te val nie. Daar is ook kameras en 'n alarmstelsel om onder meer te keer dat die diere vergif word.

Op die perseel is daar ook blyplek vir die hanteerders, wat soms daar moet tuisgaan wanneer hulle help om 'n jong hond al die kunsies van spoorsny en die aankeer van stropers te leer. Dit is ook die tuiste van Johan de Beer, bestuurder van die park se K9-eenheid. Hy is sedert 2012 by die eenheid betrokke.

“Die eerste drie honde wat in die Krugerwildtuin ontplooi is, was al drie Belgiese malinois-honde: Killer, sy suster Ngwenya en Loco. Tussen hierdie drie honde is honderde stropers aangekeer. Ongelukkig is Killer en sy sussie nou al albei dood, maar Loco is werksaam in die Addo Nasionale Park. Hy tree ook binnekort af,” sê Johan.

In Junie is die slegte nuus, dat Killer van kant gemaak moes word, in sosiale media gedeel. Hy was reeds 11 jaar oud en afgetree, maar het erge pyn ervaar. Johan vertel dis veral 'n moeilike besluit wanneer dit 'n besonderse hond is. Killer is juis in 2016 met 'n Britse organisasie, People's Dispensary for Sick Animals, se goue medalje vereer vir sy bydrae in Sanparke se teenstropingsprogram. Killer se hanteerder, Amos Mzimba, het verlede jaar saam met Killer afgetree. Hy was by totdat sy jare lange beste vriend, wat op 'n keer ook

sy lewe gered het, sy laaste asem uitgeblaas het.

ELKE HOND HET SY HANTEERDER

Teen einde Julie was daar 46 honde oor die wildtuin heen aan diens. Elke hond is onder die heeltidse toesig van 'n opgeleide hanteerder en hulle patrolleer in 'n bepaalde sektor. Wanneer 'n hanteerder met verlof gaan, word sy hond na die K9-eenheid geneem waar hy of sy saam met die ander jong honde versorg word. In daardie tyd is die hond ook “op vakansie” en hy of sy doen geen amptelike werk nie.

Saam met sy ander take soos die aankoop van kos, die bestuur van die honde-eenheid se bedrywighede en die opleiding van die hanteerders koop Johan ook nuwe honde aan. Wanneer 'n hond aftree of siek word, word hy of sy vervang. Die nuwelinge is gewoonlik tussen 14 en 18 maande oud wanneer hulle na die eenheid gebring word.

Hulle word getoets om te sien of hulle in hierdie omstandighede sal aanpas en indien nie, word hulle teruggestuur. Die honde is dan reeds by opleidingsentrums deur hul passies gesit. Dit sluit basiese gehoorsaamheid, spoorsny en die opspoor van vuurwapens en ammunisie in. Hul verdere opleiding sluit die opspoor van ivoor en renosterhoring in.

Tydens ons besoek lewer van die hanteerders 'n demonstrasie. Tiaan Potgieter en Don is eerste aan die beurt en die hond snuffel blitsig die ammunisie en geweer uit wat in 'n bos versteek is, asook 'n stukkie ivoor en renosterhoring. Elke keer wanneer hy die item opspoor, gaan lê Don netjies en wag vir sy beloning: sy geliefde speelbal. Vinnig-vinnig moet Tiaan weer die bal by hom afneem sodat hy na die volgende voorwerp kan soek.

Nog 'n hanteerder wat met sy jong hond kom spog, is Presence Maseko. Sy vorige hond is drie maande gelede

KILLER, DIE DAPPER BELGIESE MALINOIS, WAT IN SY LEEFTYD TALLE STROPSERS HELP AANKEER HET. FOTO: VERSKAF



“NATUURLIK IS DAAR IN DIE LOOP VAN HIERDIE WERK BAIE KEER TELEURSTELLINGS EN HARTSEER WANNEER 'N HOND WAT NOG UITSTEKEND KAN WERK, BESEER WORD, VREK OF WEENS POSTTRAUMATIESE STRES MOET AFTREE.”

dood aan kanker. Die jong tefie, Jesse, is 'n Doberman-bloedhond-kruising en duidelik baie erg oor haar hanteerder. Johan sê Presence se vorige hond was baie aggressief en vinnig en Jesse, wat duidelik 'n "sagter" hond is, gaan besonder goed by Presence pas. Die Doberman-bloedhond-kruising werk baie goed, juis omdat hierdie honde kleiner is en nie so gou moeg word in die veld nie.

Johan-hulle werk met twee groepe honde. Die eerste is dié wat 'n koue spoor kan volg. Die stropers sou dalk die vorige nag iewers ingekom het en vroegoggend moet dié honde die spoor volg. Dit is veral honde soos dobermans, bloedhonde en bloedhond-kruisings. Hulle is harde werkers wat nie sommer moed opgee nie. Die tweede groep is die "free tracking"-honde en hulle sny 'n warm spoor. Hulle beweeg sonder 'n leiband en op hul eie en word altyd vergesel van 'n helikopter, wat seker maak hulle raak nie verlore of word deur roofdiere aangeval nie. Wanneer hulle by die stropers kom, sal hulle bly sirkel totdat hulp opdaag.



JOHAN DE BEER, BESTUURDER VAN DIE KRUGERPARK SE K9-EENHEID.

NIE TROETELDIERE, MAAR WERKERS

Omdat die honde van uitstekende bloedlyne kom en eers deur instellings soos die Suider-Afrikaanse Natuurleweskollege en die Paramount-groep opgelei word, is hulle besonder duur – tussen R60 000 en R80 000 per hond. Die honde-eenheid staan onder die beskermende vlerk van Sanparke se ereveldwagters. Hulle samel geld in wat die koste van kos, die opleiding en veeartsdienste moet dek.

"Tydens die inperkingstyd het ons normaalweg met ons teenstropingsaksies voortgegaan en al die hondehanteerders en hul honde was op hul pos hier in die park," sê Johan. "Ons het die ereveldwagters, wat onder normale omstandighede oor naweke hierheen kom om ons 'n bietjie met die honde te help, egter baie gemis. Hulle doen ook wonderlike werk om te help soek na strikke en dit het alles agterweë gebly."

Johan, 'n oudpolisiesman, het 29 jaar ondervinding met

honde. Hy sê 'n mens moet onthou hulle is nie troeteldiere nie, maar werkende honde. Tog is daar 'n besondere band tussen hanteerder en hond. Onder die leiding van 'n hanteerder wat regtig moeite doen en die nodige aandag aan die hond gee sal só 'n dier uitstekende werk verrig.

"Natuurlik is daar in die loop van hierdie werk baie keer teleurstellings en hartseer wanneer 'n hond wat nog uitstekend kan werk beseer word, vrek of weens posttraumatische stres moet aftree," sê Johan. "Om 'n hond saam met wie jy tien, 11 jaar gewerk het te sien oud word en uiteindelik doodgaan is ook nie lekker nie. Jy weet dit gaan jou lank neem om weer 'n hond op daardie vlak te hê. Tog is die negatiewe dinge baie minder as die beloning."

"Om te sien hoe 'n hond saam met sy hanteerder uitgaan en suksesvol is in die aankeer van 'n stropers bly nou maar die heel beste beloning."

Gaan kyk by <https://www.youtube.com/watch?v=vpv-tnOJgSQ> hoe 'n dag in die lewe van 'n teenstropingshond lyk.

Strikke se verwoesting

In die Krugerwildtuin is strikke, naas stropers, die natuur se grootste vyand. Strikke van draad en kables word in wildspaadjies gespan om iets te ete te kry. Die strik word aan 'n boom of 'n bos geanker en wanneer 'n dier daardeur beweeg, span die strik styf om sy kop, nek of bene. Daardie diere vrek uiteindelik van honger en dors as die stropers nie hul vangs kom haal nie.

Johan de Beer wys na 'n stapel strikke wat by die eenheid ten toon gestel word. Hy gaan haal ook die skedel van 'n buffel, wat gevrek het weens 'n strik wat in sy kop ingesny het.

"Dis uit die oog van die striksteller

baie effektief, maar in wese totaal vernietigend en baie sleg vir die diere. As dit eers styfgetrek het, kom geen dier los nie en dit sny deur enige vleis. Dikwels vermoor die diere indien die strik om hul nek styftrek.

"Ons kry ook gevalle waar stropers draadhouke in die riviere stel om visse te vang. Ander draadhouke in die veld word met 'n bietjie mielies daarin gestel om tarentale, patrysies en klein wild soos hasies te vang. Ons het al selfs 'n ou ystervark uit een van hulle bevry. Hy was gelukkig en kon weer vrylik rondhardloop toe ons die draad om hom verwyder het.

"Strikke is 'n ontsettende groot

probleem. Die ereveldwagters help ons gereeld om gebiede langs die grensdrade en by riviere vir strikke te fynkam. Op een dag het ons in twee areas ten minste 480 strikke verwyder. Wanneer só 'n dier daarin slaag om los te breek en met die strik om hom rond te loop, ontstel dit die toeriste besonder baie. Dit is ook baie gevaarlik. 'n Dier soos die buffel wat met die strik deur sy kopbeen gevrek het, is in elk geval 'n moeilike kalant. Wanneer hy dan konstant in pyn is, is hy dodelik gevaarlik." ♡

DEUR ALITA STEENKAMP
FOTO'S: DE WET POTGIETER



SEKERHEID

IN DIE

HERSENSKIM

JOHAN MYBURG, HERTZOGPRYSWENNER IN 2020 VIR SY VIERDE DIGBUNDEL, *UITTOGBOEK*, DRA VELE HOEDE MET FLAIR; DIÉ VAN DIGTER, KUNSKURATOR, JOERNALIS, RADIOMAN EN RESENT. *TAALGENOOT* HET HOM UITGEVRA OOR KUNS IN KRISISTYE.

Johan Myburg was tuis in die grendeltyd toe die telefoon lui. Dit was Anne-Marie Beukes, uitvoerende hoof van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, met 'n verbluffende tyding: Hy het die Hertzogprys verower – plaaslik die belangrikste eerbetoon vir skrywers.

“Die aankondiging sou eers die volgende dag amptelik in die media gedoen word en ek het gemeen as ek dit kan lees sal dit minder ongelooflik wees,” sê hy.

“Mettertyd het dit begin insink. En 'n diep dankbaarheid het in die plek van die verwarring nes kom maak. Dankbaarheid dat dié letterkundekommissie uit die bundels van die afgelope drie jaar besluit het om die prys ►

aan my toe te vertrou. Dit is aanmoediging van die eerste water.”

Die eerste persoon wat hy gebel het, was sy uitgewer. Gewoon om dié toe nog private nuus te deel. “Daar was op die wynrak ’n bottel vonkelwyn wat ek terstond in die yskas loop sit het. ’n Propperse viering met vrinne moet nog plaasvind.”

BEVESTIGING

“Ek dink die digter se uitgangspunt by die skryf van ’n gedig is: ‘Ek het iets te sê.’ Maar dit kan ook geformuleer word as: ‘Het ek iets te sê?’ Dit is dié spanning waarmee ’n mens die hele tyd sit. Is jou iets wat jy dink jy te sê het én die manier waarop jy dit doen nie eintlik maar jy het niks te sê nie, en jy probeer iets sê?

“’n Prys soos dié is ’n eksterne bevestiging: ‘Ons registreer wat jy sê.’ Daarmee kom ’n bietjie meer sekerheid, en dalk genoeg bravade om verder te waag ... en weer dieselfde soort spanning op die lyf te loop. Sekerheid is ’n hersenskim. Wat ’n goeie ding is. Met volkome sekerheid sal ek kwalik ’n enkele woord kan skryf.

“Die laaste woord oor ’n bundel (werk) word nooit gesê nie. Resensies is kritiese opmerkings wat dalk net so arbitrêr soos pryse is. Dit is waar van ‘gawe’ resensies en gelukkig ook van ‘minder vleierende’ resensies. Die goeie resensie is dié een wat verantwoord en verantwoordelik met ’n bundel of teks omgaan. ’n Positiewe of negatiewe taksering is egter nie die bepalende faktor nie; wat verruimend is en nie al om die resensent draai nie. Niks staan ooit heeltemal buite agendas nie. Nie resensies nie en ook nie pryse nie.”

Nadat Myburg in 1984 met *Vlugskrif* debuteer, verower hy ’n dekade later met sy tweede bundel, *Kontrafak* (1994), die Eugène Marais-prys. In 2008 volg ’n derde bundel, *Kamermusiek*. In 2017 verskyn *Uittogboek* (Protea).

Hy was sewe toe hy D.J. Opperman se *Klein verseboek* as geskenk gekry het; ’n bloemlesing wat hom ure besig gehou het.

“Saam met die bekoring van die verse was dit die swart-wit tekening wat my verbeelding aangegryp het. Wie daarvoor verantwoordelik was weet ek nie, maar dié tekening was vir my so heeltemal deel van die verse.”

Die boek, met plastiek oorgetrek soos ’n mens jou skoolboek oorgetrek het, staan steeds op sy rak. Hy het op hoërskool sy hand aan die digkuns gewaag en in 1972

die tweede plek behaal in ’n poësiekompetisie. Sy inskrywing was “Winter”, ’n Shakespeariaanse sonnet.

“Hoe goed of sleg die sonnet was, dit kan ek nie onthou nie, maar dat dit waardevolle dissipline was om in so ’n definitiewe vorm te skryf, daarvan is ek steeds oortuig,” sê Myburg.

Hy vermoed die grootste prikkels was die digbundels in Potchefstroom Gimnasium se biblioteek, waar hy Van Wyk Louw se *Alleenspraak* die eerste keer teëgekom het. “Ek het nie grootgeword met digbundels in die huis nie. Dit was die radio en die biblioteek, eers die skool en later die universiteit, wat my horisonne verruim het.”

STRENG PRIVAAT

In daardie jare was skryf vir hom ’n private bedryf. “Ek vermoed dié ingesteldheid het bygedra tot skryf in die kamer; die binnekamer; die interieur; ‘studeer-kamerpoësie’, soos Cecile Cilliers in ’n resensie jare gelede na my werk verwys het.

“Miskien het iets van Opperman se opmerking dat ’n mens nie praat oor brood wat in die oond is nie ook bygedra tot dié swye. Ek het moeite met spontaan en maklik. Aan die een kant kom die nuk, gier, impuls, behoefte en drang om woorde op papier te kry spontaan. Maar tegelyk kom daardie respek vir woorde ter sprake. Wat die maklikheid van die onderneming ietwat knot. Skryf vat tyd, só was dit nog altyd vir my. Wat spontaan dan ’n bietjie kwalifiseer.”

Daniel Hugo het op ’n keer in *Beeld* onder meer geskryf: “Die kunste is per definisie ’n elitistiese aangeleentheid.” Hy betoog skynbaar teen internetdigters wat “vlak” versies pleeg. Is die digkuns dan nie vir almal nie?

“Met die verwysing na ‘finale beoordeling’ in gedagte en die kwessie dat die laaste woord oor ’n bundel nooit gesê word nie, is die hekwagters soos Daniel Hugo ná uitgewers, keurders, redakteurs, proeflesers, resensente, bloemlesers en literatuurhistorici onontbeerlik,” sê Myburg.

“En ja, die kunste is per definisie ’n elitistiese aangeleentheid. Dat die digkuns binne bereik van almal moet wees, twyfel ek nie. Ek bedoel dat poësie beskikbaar moet wees sodat enigiemand dit kan lees én dat enigiemand poësie kan skryf. Almal moet toegang tot poësie hê, maar ek meen toeganklike poësie, as ’n soort *sine qua non*, is ’n jammerlike ontwikkeling.

“Enigiemand kan sing, maar nie almal kan sing nie. Dit is nie die kwessie nie. Kan jy dit goed en vernuftig doen, ►



**“ONS GEE TE VEEL EN TE
MAKLIK ONS OPINIE —
SONDER OM DAADWERKLIK
IETS AAN DIE SAAK TE DOEN.”**



dit is waarom die hekwagters moet oordeel. Oor smaak kan daar kwalik oordeel wees, maar oor gehalte wel, en dis waar die elitisme inkom. Alle kunsvorms het maatstawwe wat puik van prul kan onderskei. Dat dié oordeel nie 'finaal' is nie en kan skuif is 'n gegewe.

"Onlangs lees ek kommentaar van 'n gerekende skrywer in sosiale media dat hy geen respek het vir Van Wyk Louw as digter nie. As 'n mens Louw met sy tydgenote in die Westerse kanon vergelyk, voer hy aan, is hy niks anders nie.

"Die skrywer se siening omtrent Louw, lyk dit my, berus nie op smaak nie, maar op gehalte. Nietemin is dit sy mening; 'n mening waarom 'n mens gesprek kan voer. In die beoordeling van verse – van alle verse, ook 'versies' – is dit gerade dat die maatstawwe duidelik is. Wys my jou maatstawwe, dan begryp ek dalk jou oordeel.

"Wat my besorg maak is dat keurders, en uitgewers, soms oorhaastig is om 'n bundel op die rak te kry. 'n Mens vrees altyd dat jou verse mosterd ná die maal kan wees, maar goeie poësie was dit nog nooit. Daardie risiko is kleiner as die risiko om die brood te min te knie, te min te laat rys of die oonddeur te gou oop te maak."

UIT EN TUIS

Reis het vir hom poorte geopen, sê Myburg. "Hoewel reis om al die regte redes, soos die verkenning van nuwe omgewings en die opwindende wat die eksotiese bied, bekoring het, dink ek daar is kwalik iets anders wat 'n mens se vreemdelingskap so op 'n knop trek as juis reis.

"Ek vermoed dit is hierdie 'ongemak' – die inpas en die nie inpas nie; die *impasse* van reis – wat my aantrek. Reis is om te beweeg. Van dié beweeg is stasis die teenhanger. 'n Mens moenie tuis met stasis verwar nie. Daarvan het die grendeltyd my weer bewus gemaak. Dit is waar boeke en kaarte en die geheue en foto's en die internet voertuie vir reis word.

"Tuis word 'n nuwe ervaring met sy eie spel tussen bekendheid en vreemdheid. Ekwililibrium is kwarantyn allermins. Ek besef ook dat 'n mens anders oor 'reis' en 'vreemdheid' dink as jy die luukse van 'huis' het. Om 'tuis te bly', soos die regering jou aansê, is soveel makliker as jy 'n huis hét om in te bly."

Hy bepeins dan ook woordeboeke. "In 'n huldeblyk ná die dood van die Britse skilder Gillian Ayres in 2018 het *The New York Times* haar beskryf as 'besotted by paint – what it felt like physically and what she could do with it'. Van die "verfheid" van verf kon sy kwalik genoeg kry. Dalk is dit 'n bietjie soos ek oor woorde voel. Dit is meer as die medium wat ek gebruik. Ek verwonder my aan die woordheid – glans, kleur, toon ensovoorts – daarvan en aan die moontlikheid wat woorde bied. Ek raak maklik verdwaal in 'n woordeboek op soek na een spesifieke woord."

'N PLEK VIR KUNS?

Hy sê ook: "Ons gee te veel en te maklik ons opinie – sonder om daadwerklik iets aan die saak te doen. Dikwels word 'n mens verlei om eenvoudige uitsprake te maak oor gekompliseerde sake. Wat 'n mens aan onbillikheid en onreg dóén, dit is 'n belangriker vraag. En dit verg 'n konstruktiewe benadering. 'n Betrokke burgerlike samelewing in plaas van 'n morrende een."

In 'n tyd van fopnuus en disinformasie en Trump se Withuis, hoe benader hy die stekelrige kwessie van "waarheid"? Keer ons terug na die Middeleeue?

"Die Middeleeue was nie juis die grootste stempel van sukses op die mens se vermoëns nie. Trump se Withuis het sonder twyfel sy ekwivalent binne die sotheid van die Middeleeue gehad. In dié opsig is soveel mense in leierskapsposisies vandag minstens nie baanbrekers nie. Die ooreenkomste tussen die Middeleeue en ons eietydse bestaan is iets wat my boei en ek het 'n projek daarvoor aan die prut. Die tyd van verwarring en vergissing is die wonderlikste tyd om in te skryf."

Kunsblaai krimp en verdwyn uit dié Afrikaanse publikasies wat nog staande is. Hennie Aucamp het in 1993 al gesê: "Het die digter, die skrywer, die *man of letters*, die kultuurmens nog 'n plek en 'n funksie binne 'n maatskappy wat kultuur en die kunste met wantroue bejeën en selfs openlik as obsoleet en elitêr afmaak?"

Myburg meen die krisistyd is nie dié van 'n opvoering met fabelagtige dekorstelle en kostuums en 'n baldadige rolbesetting nie. "Ons tyd is dié van dekor bou, van 'n verhoog regkry sodat daar later dalk 'n produksie aangebied kan word. Die uitdaging lê daarin om die nederige blog aan die gang te hou, om jou werk te doen om die kunste te dien. Nie om jou in glorie te baai nie, maar om jou werk te doen as gespreksgenoot in die kunste. Dit is wat 'n kunsjoernalis is.


"Mediamagnate en die Jack Kevorkians van die wêreld het die media volgens hulle dalk suksesvol dood verklaar. Maar die media is nie dood nie. Ons is besig met aanvoerwerk vir 'n nuwe hoofstuk. Ons gaan mettertyd deur hierdie troebel tyd kom. Dis belangrik om die kunste nie nou te versak nie.

"Wat belangrik is en wat reeds gebeur is dat individue geld gee vir webwerwe en blogs wat verantwoordelike en belangrike werk doen. Elkeen wat R2,50 kan afstaan en belangstel in die voortbestaan van die media behoort dit te gee aan 'n klein, doelgerigte joernalis of groepie joernaliste wat betroubare inligting die wêreld instuur." 🌱

DEUR SCHALK SCHOOMBIE
FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST / BLACKFRAME
PHOTOGRAPHY

PRODUKSIE-ASSISTENTE: ALAN SAYERS EN KIRSTEN
FERREIRA

*ANDRÉ SKIET MET DIE FUJIFILM GFX 50R



**“NIKS STAAN OOI HEELTEMAL
BUIE AGENDAS NIE. NIE RESENSIES
NIE, EN OOK NIE PRYSE NIE.”**



DIE DAG TOE ÁLLES VERANDER

GESTREMDHEID IN 'N GESIN BRING INGRYPENDE VERANDERING EN SOMS OOK SKEURING. OUIERS IN DIÉ POSISIE EN KENNERS SÊ DIS DEURSLAGGEWEND OM SO GOU MOONTLIK DIE KORREKTE HULP TE KRY ...

Een dag deel Salome Strydom van Pretoria se lewe in twee: 10 Julie 2005.

“Ons was ’n hegte gesin wat alles saam gedoen het,” vertel Strydom (53). Haar mooiste herinnering is van sorgelose dae op hul hoewe buite Kameeldrift. Die groter kinders – Monique, Charmaine en Lianca – spring op die trampolien, terwyl hul babasuster, Bennemie, op die grond rondkruip. Sy en haar man, Ben, kuier om die braaivleisvuur.

Monique en Charmaine is uit haar eerste huwelik gebore en Lianca uit Ben s’n. Klein Bennemie was hul eie bondeltjie vreugde.

Maar op daardie wintersdag in 2005 val Bennemie in ’n visdammetjie en verdrink amper. Sy was 14 maande oud. Hul dogtertjie, wat “100% perfek was en net begin stap het”, het breinskade opgedoen en is serebraal gestrem. “Die ongeluk het die dinamika in ons gesin heeltemal verander,” vertel Strydom.

Toe sy swanger geraak het met Bennemie het sy en Ben planne beraam dat sy kan ophou werk om heeltyds na die kinders om te sien. Hulle het alles fyn uitgewerk sodat hulle kon oorleef op die inkomste uit Ben se veiligheids-onderneming wanneer sy haar werk bedank. “Die meisies was nog almal klein en op laerskool. Ek wou by hulle wees,” vertel sy. “Toe kom Bennemie se ongeluk. En dis duisende, duisende rande ...”

NIE MEER “EEN” GESIN

Therina Wentzel-Du Toit, direkteur van die Nasionale Raad vir Mense met Gestremdhede, sê gesinne reageer elkeen verskillend op ’n gestremde kind. “Dit hang af van die aard van die gestremdheid, persoonlikhede, die tyd dat

die gestremdheid ingetree het ... Natuurlik het só ’n kind meer aandag nodig as die ander kinders.”

Dit kan soms by ouers tot skuldgevoelens lei omdat hulle voel hulle skeep die ander kinders af. Ná Bennemie se ongeluk, vertel Strydom, was daar nie meer tyd of geld vir enigiets anders nie. “Bennemie het tot vyf dae per week terapie gekry, soms twee keer ’n dag. Ek het ver gery met haar. En dan moes ek in die middag die meisies by die skool oplaai en hulle help met huiswerk.”

En ja, erken sy, Bennemie was hul prioriteit. “Dit was vir my baie sleg. Ek het gevoel dit is nie hul skuld dat hulle in só ’n situasie is nie.” Monique en Charmaine kon nog naweke en vakansies by hul pa deurbring, maar nadat Lianca se ma dood is, het Strydom haar aangeneem. Die onderskeie reëlins en die aandag wat Bennemie geverg het, het ’n “definitiewe breek” in die gesin veroorsaak. “Ons was nie meer één gesin nie.”

Dit het ook druk op haar huwelik geplaas. “My tyd het alles na Bennemie toe gegaan. Ek en Ben het nie meer tyd bymekaar gehad nie.” Daar was ook konflik in hul benadering tot hul gestremde kind. Ben wou hê sy moes gaan werk om te help om die mediese uitgawes te dek. Sy het gemeen haar primêre verantwoordelikheid lê by Bennemie.

Hulle is tien jaar gelede geskei. Strydom het intussen weer by die Reserwebank begin werk en sy en hul huiswerker van die afgelope 26 jaar, Anna Ncongwane, versorg vir Bennemie. Ncongwane, sê sy, is Bennemie “se ander ma”, wat presies weet wat die 16-jarige meisie nodig het deur haar lyftaal te lees. Sy kan nie loop of self eet nie en het 24 uur hulp nodig. Sy kon voorheen kruip, maar boet haar mobiliteit in weens probleme met haar heupe en rug. Sy gaan wel skool en is ’n leerling by die Mozart-akademie vir kinders met spesiale behoeftes. ►

“AS JY KANKER HET, KRY ALMAL JOU JAMMER. AS JY ’N GEESTESIEKTE HET, IS JY ’N UITGEWORPENE.”

VERLIES EN BEVRYDING

Wentzel-Du Toit, wat vir haar meestersgraad in kliniese maatskaplike werk op gestremdes gefokus het, se raad aan die ouers van gestremde kinders is om met ander ouers in dieselfde situasie te gesels en by mekaar te leer.

Strydom sê dis juis by só ’n steungroep waar sy daarop voorberei is dat die hegte verhouding tussen haar kinders gaan verander namate hulle ouer word. Monique is nou 25, Charmaine 22 en Lianca 23. Eersgenoemde twee is getroud en minder by Bennemie betrokke. “Jy moet dit nie persoonlik opneem nie. Dit is skielik bevryding vir daardie kinders. Ek verstaan dit. Dis nie meer ’n geval dat hulle gou na Bennemie moet kyk terwyl ek gaan bad nie. Die verantwoordelikheid is van hul skouers af.”

Bennemie kry epileptiese aanvalle en kan net drie woorde sê: Mamma; nog; kom. “Sy kan nie sê sy is honger of dors nie ... as sy só voel, byt sy haarself uit frustrasie.” Omdat Strydom haar kind ken, weet sy wat om in sulke gevalle te doen. Vir enigiemand anders kan dit baie moeilik wees.

Lianca help haar nog baie en gaan kuier naweke saam met Bennemie by hul pa. Dit gee Strydom ’n ruskans. Omdat sy Bennemie, wat 35 kg weeg, oral moet dra, eis dit ook ’n fisieke tol. Wanneer sy op haar eie is, doen sy niks. “Ek raak voor die TV aan die slaap ... net om my lyf ’n breek te gee.”

Benita Theron (67) is hoof van Die Oord PV3, ’n sentrum in Hartbeespoortdam vir volwasse intellektuele gestremdes. Die sentrum is vanjaar 40 jaar “oud”. Theron is nie net in ’n amptelike hoedanigheid betrokke nie; haar seun Wim (38) is weens ’n suurstoftekort by geboorte ook ’n inwoner.

Sy en haar man, Willie (66), het nog ’n seun, Anton (36). Benita sê wanneer daar ’n gestremde kind in die gesin is, is die hele gesin eintlik “gestremd” weens al die aanpassings wat dit verg. “Jy rig jou hele lewe om daardie persoon se tekortkoming in. Dit bepaal waarheen jy gaan vir vakansie, watter aktiwiteite julle as gesin wil doen en of julle dalk naby ’n dokter wil wees.

“Jy word op baie verskillende maniere gekortwiek.”

Dit beteken ouers kan ’n gevoel van verlies ervaar, omdat die lewe – vir hulself en hul kinders – nie lyk soos hulle dit beplan het nie. Volgens Wentzel-Du Toit is dit belangrik dat die gesinslede só ’n situasie nie alleen probeer hanteer nie “en dat mense besef iets het met die gesin gebeur”.

“Dit maak dit ligter om te hanteer. ’n Gesin is ’n eenheid, selfs al is dit ’n wanfunksionerende eenheid.”

’N NAAM VIR DIE PROBLEEM

Marietjie Jansen van Vuuren (58) van Moreletapark in Pretoria het besef iets is fout met haar seun – ’n toppresterder – toe sy akademies in die laaste paar jaar van

sy hoërskoolloopbaan verswak. Rynhard (nou 32) het ook slordig en teruggetrokke geraak. Hy is sy konsentrasievermoë kwyt en sy dryfkrag en sosiale vaardighede het mettertyd ook verdwyn.

“Ons het besef iets is verkeerd,” sê sy. Rynhard het sy matriek oor twee jaar voltooi, terwyl hulle van kliniese sielkundiges en dokters tot pediater besoek het. Op 20 is skisofrenie by hom gediagnoseer. “Die oorsaak is onbekend. Dit kan deur trauma veroorsaak word, maar dit kan nie genees word nie.”

Rynhard se diagnose het ook in sy gesin verandering gebring. “Aan die een kant was daar goeie verandering,” sê Jansen van Vuuren. “Jy gee nie om vir die diagnose nie, jy soek net ’n naam vir die probleem. Toe die psigiater dit vir my gee, het dit gevoel of iemand die asem uit my lyf druk. Dit was baie swaar, maar terselfdertyd ’n verligting. Dis nou nie meer iets onbekends nie, maar iets wat ons kan hanteer.”

Rynhard se suster, Ane (29), het ’n “ongelooflike empatie” teenoor haar broer. Sy was aanvanklik van plan om drama te studeer, maar Jansen van Vuuren vermoed Rynhard het daartoe bygedra dat Ane ’n dokter geword het. “Sy hanteer Rynhard met die grootste waardigheid, omgee en geduld.”

Wentzel-Du Toit beklemtoon dis meestal die gemeenskap wat gestremheid “veroorzaak”. Die persoon wat ingeperk is, sal in sekere omstandighede nie as ’n gestremde gesien word nie, maar kom te staan teen stigmatisering of uitsluiting. Jansen van Vuuren meen dis anders as jou kind ’n geestesiekte het. “As jy kanker het, kry almal jou jammer. As jy ’n geestesiekte het, is jy ’n uitgeworpene.”

Rynhard gebruik medikasie, maar kan nie in ’n werkplek funksioneer nie, sê sy. “Dis op en dis af. Daar is goeie dae en slegte dae.”

Dit het gehelp dat sy en Willie albei uit die onderwys kom. “Partykeer voel dit tog vir my dat só iets ook ’n gesin uitmekaar kan skeur. Dit gaan baie keer oor tyd. Die kind wat die beperkte vermoë het, vereis dat een ouer intree en meer aandag gee. Dit beroof die res van die gesin van jou tyd.”

Rynhard se siekte het ook druk geplaas op sy ouers se huwelik, maar Jansen van Vuuren sê daar was nog probleme. Andrew, haar gewese man, se benadering tot Rynhard het verskil van hare en dit het dikwels tot konflik gelei. Hulle is twee jaar gelede geskei.

Haar raad aan ouers met ’n gestremde kind is om te sorg dat die kind die hulp kry wat hy of sy nodig het. “En vat dit dag vir dag. Dis een van die moeilikste goed in die lewe om vir ’n ander volwassene se lewe verantwoordelik te wees.”

DEUR JOHANNA VAN EEDEN
ILLUSTRASIE: CHRIS VALENTINE



via.

DStv-kanaal 147

Die liefde-eksperiment

'n Kans op liefde **VIA** 36 persoonlike vrae

Woensdae 20:30

www

viatv.co.za



VIATV



viatv

SANKOFA



SLAG

DIE HEILIGE KOEIE!

HOE GEMAAK MET DIE OPROEPE DAT SUID-AFRIKAANSE
INSTELLINGS SOOS UNIVERSITEITE MOET BREEK MET HUL
EUROPESE WORTELS? IS DIE "DEKOLONISERING" VAN KUNS EN
KURRIKULA IN SUID-AFRIKA ENIGSINS MOONTLIK?



Die nabetragting van die grootskaalse uitbuiting van die Derde Wêreld met sy natuurlike hulpbronne duur voort in wat deesdae “dekolonisering” genoem word. Maar om sin van die koloniale nalatenskap in Suid-Afrika te maak blyk so eenvoudig te wees as om ’n geklitste eier te skei.

Geweld was dikwels ’n onlosmaaklike deel van voormalige kolonies se aandrang op onafhanklikheid aan die begin van die 20ste eeu. Tog kon die koloniale moondhede se spore allermens so maklik uitgewis word nadat hulle hul vlae gestryk en vertrek het. Dis steeds ’n brandpunt, dié diep spore wat nog in die landskap te sien is.

Reste van koloniale kultuur

Die rede moet dalk gesoek word in die koloniale kultuur wat nog in regeringsvorme, infrastruktuur en ekonomiese, onderwys- en regstelsels te sien is, sê prof. Willem J. Botha, emeritus professor in taalkunde aan die Universiteit van Johannesburg. Daar is geen sfeer van die samelewing wat die koloniale invloed vrygespring het nie; dit het wortel in die taal,

denkstruktuur en identiteit geskiet.

In akademiese diskoerse word dikwels op tone getrap oor die wenslike manier om vorentoe te beweeg. Op politieke terrein is dit nog gevaarliker, want as jy eers ’n ondeurdagte, politiek inkorrekt uitlating maak, kry jy ’n etiket waarvan jy moeilik ontslae raak. Vra maar vir Helen Zille, deesdae voorsitter van die DA se federale raad. Sy is deur vriend en vyand verguis nadat sy getwiet het kolonialisme was nie nêr sleg nie, want dit het onder meer vir vervoerinfrastruktuur, ’n onafhanklike regstelsel en waterpypleidings gesorg.

Om konkrete en abstrakte vorms van koloniale meerderwaardigheid te bekamp en aan inheemse waardes hul regmatige plek te gee, kan net goed wees. Maar word die baba soms saam met die badwater uitgegooi? In ’n onlangse paneelbespreking aan die Universiteit van Kaapstad is “die dekolonisering van Westerse wetenskap aan ’n gedekoloniseerde Afrika-universiteit” bespreek.

Een deelnemer het die insluiting van bygelowe bepleit, soos dat inwoners van ’n gebied in KwaZulu-Natal weerlig kan stuur om iemand te tref.

Daarmee het sy groot skade aan die diskoers oor die dekolonisering van die onderwys in Suid-Afrika aangerig, want kenners redeneer die nalatenskap ►



“DAAR IS DUS GEEN GEBIED WAT KOLONIALE INVLOED VRYGESPRING HET NIE; DIT HET SELFS DEEL VAN KOLONIES SE TALE, DENKSTRUKTUUR EN IDENTITEIT GEWORD.”

Indië, wat 'n IT-groep punt geword het hoofsaaklik vanweë Engels, wat as amptelike taal tussen 23 inheemse tale pryk.

Die praktiese herwaardering en inkorporering van inheemse erfgoed is weliswaar makliker as die teoretiese soort. 'n Voorbeeld is boustyle en -materiale wat vroeër as primitief beskou is en wat vandag opnuut na waarde geskat word. Die tradisionele modder-en-kliprondawels van die Xhosa, gedek met gras, word nageboots in streke met 'n warm klimaat. Zoelochutte in 'n byekorfvorm is gemaak van dekgras en riete, gewoonlik ondersteun deur stupale van hout.

Natuurlike boustowwe van die onmiddellike omgewing het die voordeel dat dit by uitstek geskik is vir plaaslike toestande soos snikhete somers, rukwind en reën, terwyl sinkdakke hitte vaskeer en gereeld afgewaai word.

Put uit alle invloede

Wat beteken dit vir die liefhebbers van musiek, kuns of letterkunde? Moet hulle een van twee botsende sienings aanhang om 'n bydrae te

van Westerse wetenskap is wêreldbesit. Selfoontechnologie is byvoorbeeld tot die beskikking van alle mense.

Ebrahim Harvey en Saliem Fakir skryf in *Mail & Guardian* dit is wel nodig om die ideologiese beginsels van universiteitsopleiding te bevraagteken, mits dit nie gebaseer is op historiese onkunde en 'n “amateuragtige” ondersoek na kennis nie.

Hier is sekerlik 'n botsing ter sprake tussen wat Botha beskryf as twee kognitiewe denksisteme wat wedersyds vreemd aandoen.

“Afrikaniseer” impliseer vir hom die ideaal van die aanpassing en transformasie van die koloniale denkpatroon wat positief bejeën sou kon word, in teenstelling met “dekoloniseer”, wat “afbreek” impliseer.

Afrikaans se erflating

Afrikaans se sprekers kan nie netjies by hierdie groepe ingedeel word nie en het daardeur die slegste van albei wêreldes geërf. Aanvanklik was

Nederland die koloniale mag wat taalimperialisme bedryf het; daarna is die taal en getalle van dié setlaars aktief benadeel deur Britse beleid en militêre optrede.

Sommige geskiedskrywers meen ongesonde Afrikaner-nasionalisme is daardeur bevorder en dit het tot apartheid gelei, maar dit is gevaarlike terrein. Afrikaans sal nog lank moet veg teen die etiket van 'n onderdrukkerstaal. Ironies genoeg word Engels, by uitstek 'n koloniale taal, gebruik om veral die onderwys in Suid-Afrika te dekoloniseer, sê Botha. Afrikaners was dus slagoffers én veroweraars.

As 'n mens in ag neem dat meer as 2 000 afsonderlike inheemse tale in Afrika gebruik word, hou die imperiale tale Engels en Frans inderdaad voordele in vandag se globale wêreld in. Dink maar aan

LEES MEER:

<https://vanuitdietaalkunde.blogspot.com/2016/11/die-mite-van-dekolonialiseringdekolonia.html>
https://www.jstor.org/stable/10.1163/j.ctt1w8h2zm.5?seq=1#metadata_info_tab_contents
<https://mg.co.za/article/2016-10-21-00-decolonise-science-at-your-peril/>
<https://study.com/academy/lesson/south-african-architecture-history-examples.html>
 Decolonialising the South African Art Curriculum deur C.J. Smith geraadpleeg 7/24/20

kan lewer?

Die Kaapse kunstenaar Thembaethu Manqunyana (37) het aan die universiteite Nelson Mandela en Rhodes gestudeer en 'n breë kunsagtergrond opgedoen deurdat hy as grafiese kunstenaar opgelei is. Hy sê “daar is niks nuuts onder die son nie” en kunstenaars het die reg om te put uit alle invloede.

In haar verhandeling oor die dekoloniserings van die Suid-Afrikaanse kunsprogram stel Candice Smith hoe moeilik dit is om Westerse modernisme, waarvan Picasso een van die vernaamste eksponente is, van die Afrika-weergawe te skei. Manqunyana noem Picasso sy grootste invloed. Hy het geen erg aan politieke korrektheid nie en glo uiteenlopende style en invloede kan net die kunstenaar se werk verryk.

Cecile Blevi, kunskenner en galery-eienaar op die wynplaas Muratie, sê aanvanklik was die funksie van kuns in Afrika deel van spirituele rituele. Westerse invloed het dit onherroeplik verander en die spirituele rituele

bestaan nie werklik meer nie. Kuns word nou gesien as iets geskep deur 'n spesifieke persoon wat hom of haar 'n kunstenaar ag en wat kommersiële waarde daaraan heg. Kunstenaars soos Noria Mobasa, Helen Sebidi en Jackson Hlungwani is slegs deur hul eie kultuur beïnvloed en Esther Mahlangu het haar Ndebele-kuns op 'n Duitse luukse motor verewig.

Blevi meen in Suid-Afrika is daar sedert 1994 onder die invloed van die nuwe politieke bedeling 'n soort vertraagde reaksie op kolonialisme, terwyl die wêreld intussen al hoe meer 'n globale dorp geword het; ontvanklik vir invloede van buite. Daar is 'n behoefte aan “vryheid van koloniale patrone”, sê sy, maar die duidelike skeidslyne tussen kulture is aan die vervaag.

Vir die musikoloog dr. Etienne Viviers is 'n stuk Westerse kamermusiek soos 'n Rhodes-standbeeld – iets wat aanstoot gee. Dit is vir hom belangrik dat “almal moet leer dat musiek altyd kontekstueel met betekenis gelaai word en dat hierdie

betekenis nie outomaties onskuldig is nie”. Hy sê die argument oor dekoloniserings gaan nie oor die uitbreiding van die Westerse leerplan om vroue- en swart komponiste in te sluit wat vroeër grootliks geïgnoreer is nie, maar oor die vervanging van daardie leerplan deur plaaslike kultuurkennis en kunsmusieksoorte.

Dit blyk onmoontlik, en selfs onwenslik, te wees om die twee pole teenoor mekaar op te stel. Daarom klink dit die produktiefste om kennis en ervaring met 'n respekvolle gesindheid uit alle oorde aan boord te neem. Dit word vergesalt deur die mitologiese voël wat die Akanvolk van Ghana in Swahili *sankofa* noem. Dit is 'n voël wat se pote vorentoe wys, maar sy nek draai na agter, waar hy iets waardevol vind en in sy snawel hou. Dit simboliseer 'n kritiese, maar intelligente soeke na waardevolle invloede uit die verlede waarop die toekoms gebou kan word. ♡

DEUR ELKARIEN FOURIE
FOTO: ANDRÉ BADENHORST

Wanneer jy Cashback-begrafnisdekking by AVBOB uitneem, kry jy spesiale voordele wat *niemand anders* jou kan bied nie, soos:

GRATIS begrafnisvoordele ter waarde van tot en met R17 000* van AVBOB Begrafnisdiens



GRATIS lidvoordele*



5^{de} jaar se premies terug in kontant*



Jou VOLLE POLISUITBETALING

AVBOB. Ons is hier vir jou®. Vir meer inligting:

SMS 30776 – GRATIS + ons sal jou bel
0861 28 26 21 #DieNommerOmTeHou Standaardtariewe geld.

AFDA ASISU A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA









*Bepalings en voorwaardes geld. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien AVBOB Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. AVBOB is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer. AVBOB is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek www.AVBOB.co.za

©genewest/AVB-TAL-200912

Ons is hier vir jou®
IN UITDAGENDE TYE.
WAS NOG ALTYD.
EN SAL ALTYD WEES.

AVBOB

ONDERLINGE GENOOTSAP



ALLERMINS 'SHORT & SWEET'

DIE BLACK LIVES MATTER-HUTSWOORD HET 'N WÊRELDWYDE PROTESBEWEGING VAN STAPEL GESTUUR WAT DALK NIE DEUR ALMAL GESTEUN WORD NIE, MAAR WAT KWALIK DEUR ENIGIEMAND GEÏGNOREER KAN WORD ...

Op 25 Mei vanjaar is 'n Amerikaanse man dood. Sy naam was George Floyd.

Die 46-jarige Floyd is in 'n heftige geneem nadat hy na bewering 'n vervalste \$20-noot by 'n kruidenierswinkel in die Powderhorn Park-woonbuurt in Minneapolis gebruik het. Hy is dood nadat Derek Chauvin, 'n wit polisieman, tydens die arrestasie vir amper agt minute met sy knie op Floyd se nek gehurk het. Floyd het met sy gesig teen die straatoppervlak gelê en was geboei. Omstanders het die polisielede gewaarsku dat Floyd se lewe in die gedrang is. In 'n video-opname van die voorval sê Floyd herhaaldelik "Ek kry nie asem nie" en later "Ek is besig om dood te gaan". Toe Chauvin

uiteindelik sy knie van Floyd se nek haal, was dié reeds dood.

Floyd was nie die eerste swart Amerikaner wat weens polisiebrutaliteit gesterf het nie, maar sy dood was die vonk in die BLM-kruitvat. Dié beweging se reikwydte was en is eendag baie groter as die probleem van polisiegeweld teenoor swart mense in die VSA.

By werkplekke en universiteite, in sportspanne en op feitlik elke vlak van die samelewing het BLM 'n simbool geword van sistemiese diskriminasie teen swart mense. Op die dag van Floyd se dood het #BlackLivesMatter amper oornag wêreldwyd 'n houvas gekry en daar was maande lank protesoptogte – sommige gewelddadig.

VAN HUTSWOORD TOT BEWEGING

Hierdie gebeure het van #BlackLivesMatter, of #BLM, een van die invloedrykste hutswoorde tot nog toe gemaak – te midde van die wurggreep wat die Covid-19-pandemie op die wêreld het. Aan die een kant is daar dié wat hulle met die BLM-beginsels vereenselwig, ongeag hul ras, en dié wat reken dit ondermyn ander, ewe belangrike of belangriker kwessies.

BLM is nie 'n nuwe konsep nie. Dit het reeds in Julie 2013 begin toe George Zimmerman vrygespreek is van moord nadat hy Trayvon Martin in die deelstaat Florida doodgeskiet ►

het. Martin was 17 jaar oud en op pad terug huis toe nadat hy lekkergoed en ystee by 'n winkel gekoop het. Zimmerman, die plaaslike buurtwagkoördineerder, se verweer was dat die jong Martin “verdag” gelyk het. Die feit dat hy vrygespreek is, en dat daar aanvaar is hy het uit selfverdediging opgetree, hoewel Martin ongewapen was, het die begin van die BLM-beweging ingelui.

Hoewel daar sedertdien verskeie soortgelyke voorvalle was, was dit die dood van Floyd in Mei wat die beweging vierkant in die internasionale kollig geplaas het. Na raming het 15 miljoen tot 26 miljoen mense reeds vanjaar deelgeneem aan die BLM-protosoptogte, wat daarvan een van die grootste bewegings in die Amerikaanse geskiedenis maak.

Sowat twee maande ná Floyd se dood het wetgewers in Minnesota 'n wetsontwerp aanvaar wat die polisie aanspreeklik hou vir die gebruik van fisieke geweld. Die wet plaas 'n verbod op wurggrepe en aggressiewe “gevegstyl”-opleiding en vereis dat kollegas ingryp wanneer 'n kollega buitensporige geweld gebruik. Ander deelstate in die VSA doen dieselfde.

Die beweging het ook deurgesyfer na die beelde van historiese figure wat diskriminasie verteenwoordig en die gebruik van “blackfacing” opnuut op die agenda geplaas.

DIE WÊRELD IN OPROER

Protosoptogte is van Amsterdam tot Nairobi gehou soos mense nie net simpatie met die VSA se swart bevolking getoon het nie, maar ook die aandag op gespanne ras-verhoudinge in hul eie land wou vestig.

Maar nie almal in Europa het hulle by die betogers geskaar nie. Spanje se verregse Vox-party en Nederland se Partij voor de Vrijheid, bekend om sy anti-Islam-sentiment, het die betogers “terroriste” genoem. Daarby het pres. Donald Trump van die VSA al jare lank geen ooghere vir die BLM-beweging nie en hy het dit al onder meer 'n “simbool van haat” genoem.

AMERIKAANSE KULTUURINVLOED IS STERK IN SA

In Suid-Afrika is daar ook sterk steun vir BLM, maar ook hewige teenkanting.

Baie swart mense identifiseer daarmee, nie net omdat swart trauma en swart pyn geen landsgrense ken nie, maar ook omdat swart Amerikaners die Suid-Afrikaanse bevrydingstryd

gesteun het, skryf *National Museum Publications*.

Andries Bezuidenhout, sosiologieprofessor by die Fort Hare-universiteit, sê die Amerikaanse politieke kultuur kom van links én regs oorgewaaï via die sosiale media, maar ook deur internettrolle se propaganda, wat as nuus opgedis word.

“Soms wonder ek of die giftige aard van die Amerikaanse kulturele oorlog ons help om deur plaaslike kwessies te werk,” sê hy.

“Ek is simpatiek jeens die BLM-boodskap in ons konteks, omdat ek al soveel keer negatiewe ervarings saam met swart vriende in openbare plekke beleef het. Hierdie sosiale konteks word ook in elite-sport soos rugby en krieket gereflekteer – hoogs simboliese plekke waar kwessies om verdienstelikheid, meriete en bevoorregting onderhandel word.

“Hier praat ons nie net van ras nie, maar ook van sosiale klas en 'n sekere tipe manlikheid. Sport staan soms in vir gesprekke wat ons sukkel om elders te voer.”

Bezuidenhout voeg by dat prominente swart sportlui in die VSA op simboliese vlak 'n belangrike rol gespeel het, maar die kwessie gaan uiteindelik oor die kriminalisering van swart mense op straat en polisiegeweld.

“ALL LIVES MATTER” HET 'N TEENSLAGSPREUK GEWORD EN DAAR IS ONDER MEER GESÊ: WAT VAN AL DIE PLAASAANVALLE EN -MOORDE?

“Geweld deur wit lede van die polisie teenoor swart burgers is minder van ’n kwessie in Suid-Afrika as in die VSA. Hier is die kwessie doodeenvoudig onaanvaarbare vlakke van geweld in die algemeen. Neem nou maar die moord op Nathaniel Julies [op 26 Augustus] in Westbury. Die BLM-beweging het ’n geleentheid geskep om die aandag daarop te vestig, dalk in teenstelling met die VSA.”

Die “oorneem” van Amerikaanse kwessies ter plaatse is niks nuut nie, sê Bezuidenhout.

“Daar is lank reeds ’n wisselwerking tussen Amerikaanse identiteitspolitiek en swart studente aan die Wes-Kaapse elite-universiteite, waar hulle dalk nog in die minderheid is.

“Dink maar aan uitdrukkings soos *black tax* vir die feit dat swart mense uit die werkersklas ’n uitgebreide familie moet steun as hulle beursgeld of salarisse ontvang.

“Maar dis nie net aan die linkerkant van die politieke spektrum dat die Amerikaanse taal en politieke woordeskat hierheen oorwaai nie. ’n Mens dink soms dat regse Suid-Afrikaners meer in Donald Trump as in plaaslike politiek belangstel. Hulle verwys ook na linkses as *liberals* – in die Suid-Afrikaanse konteks heeltemal onjuis. Hier verwys *liberals* tipies na die DA se tradisie. Woorde soos *snowflake* en *sheeple* word ook graag gebruik.”

GEWELD IN SA BAIE ANDERS

Plaaslike aktiviste soos Thandiwe Ntshinga van BLM Solidarity SA sê “swart Amerikaners se swaarkry is ook ons swaarkry”.

Geweld teenoor swart mense in Suid-Afrika is egter baie anders as in die VSA en die oortreders is mense van alle rasse, geslagte, klasse en agtergronde. BLM Solidarity SA fokus ook op swart vroue, die queer-gemeenskap en Afrika-immigrante. Geslagsgeweld, onverdraagsaamheid teenoor die LGBTQI+-gemeenskap en vreemdelinge haat is van die kwessies wat BLM Solidarity SA wil pak. Dit

gaan dus oor diskriminasie om verskillende redes en in uiteenlopende kontekste en beklemtoon die ingewikkelde aard van rassisme en diskriminasie in Suid-Afrika.

Maar nie almal ervaar dit só nie en baie mense wil weet waarom juis swart lewens uitgesonder word. “All lives matter” het ’n teenslagspreuk geword en daar is in dié verband veral verwys na die verskerpte plaasaanvalle en -moorde in die land.

Verskeie wit bekendes wat die BLM-saak steun, het onder hewige kritiek deurgeloopt, maar ook swart mense en veral sportlui, wat in die openbaar hul ervaring van diskriminasie gedeel het, is oor die kole gehaal.

By sportwedstryde is daar onenigheid oor die kniebuiging wat sommige spelers uit steun vir BLM doen en die vonke het tot in die parlement gespat soos politici met hul vertolking van rassisme na vore gekom het.

ONTHOU DIE VERLEDE

Mondli Makhanya, politieke ontleder en redakteur van *City Press*, meen die geskiedkundige konteks in Suid-Afrika moet nie buite rekening gelaat word nie.

“Met ons geskiedenis van rasonderdrukking het die lewe van swart mense deur die eeue heen minder saak gemaak. Tydens apartheid was die uitgangspunt dat sommige rasse minderwaardig is en as sodanig behandel kon word,” sê hy.

“Derhalwe was swart sterftes bloot statistieke – hetsy by die myne, waar trekarbeiders weinig meer as werkesels was; in misdaad, waar ’n moord op ’n wit persoon baie meer gewig gedra het; in die verskaffing van gesondheidsorg, waar daar twee uiteenlopende standaarde bestaan het; of in die onderdrukking van politieke aktiwiteite waarin die veiligheidsmagte protesteerders na willekeur doodgeskiet het.

“Natuurlik het baie in die demokratiese Suid-Afrika verander,

maar die verskande nalatenskap van apartheid het beteken dat swart lewens in die nasionale psige steeds minder saak maak. Selfs die demokratiese regering – gelei deur ’n party wat geveg het om waardigheid en waarde vir alle burgers te bring – beskou die meerderheid blykbaar as mindere burgers, soos blyk uit minderwaardige dienslewering in swart gemeenskappe. Dit kom neer op siektes en sterftes wat voorkom kan word.”

‘ALLE LEWENS MOET SAAK MAAK’

Volgens Makhanya is dit belangrik om oor BLM te praat, maar dit help nie om op hol te gaan oor die gehalte van swart lewens aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan, terwyl Suid-Afrika sy eie probleme het nie.

“Ons betoog oor George Floyd en ander swart Amerikaners wat deur die polisie vermoor is, maar ons kom nie in opstand oor Collins Khosa nie, al is hy op ’n wrede manier deur beampptes van ons demokratiese staat vermoor. “Ons lig skaars ’n wenkbrou wanneer daar jaarliks talle (meestal arm) swart, jong mans in die Oos-Kaap tydens inisiasierituele sterf. Dit is maar net statistieke en elke jaar wag ons vir die jongste sterftesyfer. Dit is die gesprekke wat ons moet voer voordat BLM ware betekenis in Suid-Afrika kan hê.”

Maar, sê hy, eindelik maak alle lewens saak.

“Dit is presies die punt: Alle lewens moet saak maak, maar om alle lewens ewe belangrik te maak, moet die aaklige nalatenskap van onreg in die verlede eers erken en hanteer word. Daar is ’n mense in ons samelewing wat weier om met daardie verlede te worstel en te begryp dat die gevolge daarvan nie in 1994 verdwyn het nie.

“As ons eerlik praat oor ons samelewing se probleme, kan ons die monsters wat tussen ons skuil, sáám aanpak.”

DEUR RIAAN GROBLER
FOTO: ANDRÉ BADENHORST





DIE MITOLOGIE VAN SEKERHEID

'N MENS SOU DINK IN 'N HOOGS TEGNOLOGIESE ERA SOOS ONS S'N SOU DAAR NIE MEER RUIMTE WEES VIR KWAKSALWERY, SAMESWERINGSTEORIEË EN SKYNWETENSKAP NIE. WAAROM LYK DIT DAN OF SOVEEL MENSE NOG ALTE VINNIG IS OM DIE FEITE TE IGNOREER?

Die kontras tussen mense wat die feite en prosesse van die mediese wetenskap aanvaar en diegene wat dit ontken, kan nie groter wees nie. Die verskillende leefwêreld op een planeet is nóg duideliker sigbaar tydens die snelgroeiendste pandemie die afgelope eeu. Is daar 'n beweging teen bewese wetenskap, of pootjie sosiale media die feite?

Ten spyte van die magdom wetenskaplike bewyse wat in 'n baie kort tyd wêreldwyd oor Covid-19 ingesamel is, is daar steeds 'n groot deel van die bevolking wat botweg weier om te glo dié siekte is ernstig, of selfs dat dit bestaan. Hulle dra nie maskers nie en weier om hul afstand te hou.

Dieselfde geld 'n groot groep mense wat gekant is teen entstowwe – al is dit die veld in gesondheid wat aan die strengste regulasies en toetsing voldoen. Noem maar op, die samesweringsteorieë en verkeerde inligting oor veral geneeskunde is legio.

VALSE SEKERHEID

Dr. George Claassen, wetenskapjoernalis en News24.com se ombudsman, vertel een van die grootste probleme is mense se basiese onkunde oor wetenskap en veral die wetenskaplike prosesse. “Die wetenskap het groot onsekerhede; hy pas aan en hersien homself die hele tyd. Daar is bitter min absolute, soos byvoorbeeld van die natuurwette en onder meer swaartekrag.”

Van die beste voorbeelde is kankerdiagnoses, sê hy. “Dokters sal vir iemand sê hulle het net ses weke of ses maande om te leef. Wat nét 'n aanduiding is; dan leef hulle ►

langer en pak die skuld op die wetenskap wat ‘verkeerd’ bewys is. Dit is baie moeilik om mense wat nie begryp hoe wetenskap werk nie te oortuig daar is nooit ’n 100%-antwoord nie.

“Daar is vreeslik baie kwaksalwers daarbuite wat wel vir jou besliste en seker antwoorde sal gee, maar dit is nie waar nie. Hulle teer op mense se liggelowigheid. Die koronavirus is nou weer ’n voorbeeld. Die wetenskap beskerm die mensdom juis teen sy eie vernietiging deur herhaaldelik te toets en aan te pas, want as iets nie werk nie, dan word dit uitgegooi.”

Claassen meen mense wat bewese wetenskap ontken se mening behoort nie in die hoofstroommedia aandag te kry nie. “Pseudowetenskap het nie ’n plek nie, omdat dit nie op feite gegrond is nie. Hulle behoort glad nie ’n platform in die media te kry nie, omdat hul kant van die saak nie meriete verdien nie. In die geval van wetenskap is daar nie iets soos die ander kant van die saak nie.”

Dit is vreemd dat mense wetenskap sal bevraagteken, maar bril dra, ’n selfoon en sjampoe gebruik en ’n motor besit. Dit is alles produkte van die wetenskap en dis onlogies om aan die een kant feite te verwerp en mites aan te hang.

“Die wetenskap vorder tree vir tree, veral die mediese wetenskap, wat in die 20ste eeu veel bygedra het. Entstowwe het dermiljoene mense se lewe gered, maar samesweringsteorieë, veral in sosiale media, dryf onkunde daaroor. Dit is nie so moeilik om jouself te bemagtig met die regte kennis en inligting te verifieer nie. Die rol van die wetenskapjoernalis is veral nou krities om behoorlike inligting met die publiek te deel,” sê Claassen.



GOEIE VERSLAGGEWING NODIG

Mandi Smallhorne, president van die Suid-Afrikaanse Wetenskapjoernalistevereniging en vise-president van die Wêreldfederasie van Wetenskapjoernaliste, sê Covid-19 het gewys hoe wetenskapjoernalistiek jare lank in nuuskantore afgeskeep is. “Hulle is nie ernstig opgeneem nie en daar is nie geld aan hulle bestee nie; nou sien jy hoe inligting deur algemene joernaliste verkeerd verwerk word. Wetenskapjoernaliste is bewus van die onsekerheid in wetenskap.”

Mense verloor mettertyd vertroue in die wetenskap, omdat hulle nie verstaan wat hulle lees nie en een dag dié hoor en die volgende dag dáárdie, sê sy. “Wat die ontkenners van wetenskap dan doen is om dié onsekerhede uit te buit. Baie is al so goed daarin dat dit baie geloofwaardig lyk. Dit raak moeilik om onderskeid te tref as jy nie weet nie. Die nie-wetenskaplike, alternatiewe velde sal altyd aan jou absolute sekerhede gee, en dit is wat mense soek.

“’n Homeopaat se middels werk nie, ons weet dit. Dit is bewys. Maar wat hulle wel doen is om aandagtig vir ’n uur of langer na ál jou klagtes te luister. Hulle wys empatie. Wát ook uiteindelik ‘werk’ is óf die aandag óf die sterk plasebo.”

Wat kennis oor wetenskap bemoeilik is dat baie mense nie verstaan wat hulle nie kan sien nie. In plaas daarvan om mense met kwaai argumente te probeer oortuig, gee Smallhorne eerder voorbeelde om vrees te probeer temper. “Die rol van die wetenskapjoernalis en wetenskap-kommunikeerder is hier belangrik, want hulle sal woorde gebruik soos ‘waarskynlik’, ‘dalk’ of ‘voorlopig bewys’ en dit is nie verkeerd nie. Dit is die boodskap van wetenskap.”

BEGRIIP EN ONKUNDE

As buitengewone professor in die departement filosofie aan die Universiteit Stellenbosch is Willem Landman se spesialiteitsgebied mediese etiek aan die Sentrum vir Toegepaste Etiek. Hy verduidelik dit is in die aard van die mens om met sy sintuie waar te neem en verklarings te vind vir waarneembare gebeure.

Verklarings is altyd óf oorsaaklik volgens onpersoonlike natuurwette óf persoonlik vanweë menslike motivering en gevolglike optredes. Iets gebeur óf omdat dit ’n natuurverskynsel is óf omdat mense dit laat gebeur deur hul oortuigings en beweegredes, wat in handelinge uitdrukking vind. Uiteraard ook binne die konteks van natuurwette, want die menslike liggaam is ’n natuurlike voorwerp wat binne natuurwette bestaan.

“Om waarnemings te kan verklaar het ons kennis van die natuur, insluitende die mens, nodig,” sê Landman. “Ons kennis kan in ’n mindere of meerdere mate (on-)volledig wees. Onkunde kan wissel en dit kan ’n funksie van die gebrekkige opvoeding van individue wees of ’n funksie van die stand van wetenskaplike kennis in ’n gegewe era.

“Wetenskaplike of natuurwette word in wisselwerking met meer en nuwe waarnemings aangepas of verfyn sodat

“DIE WETENSKAP BESKERM DIE MENS DOM JUIS TEEN SY EIE VERNIETIGING DEUR HERHAALDELIK TE TOETS EN AAN TE PAS, WANT AS IETS NIE WERK NIE WORD DIT UITGEGOOI.”

hulle beter verklarings kan gee en beter afleidings uit hulle gemaak kan word oor hoe die natuurlike werklikheid in gegewe omstandighede sal reageer. Of 'n teorie word vervang deur 'n nuwe een, wat eenvoudiger is en beter verklarings vir ons waarnemings gee, beter of akkurater voorspellings maak en dus in die algemeen meer elegant is. 'n Wetenskaplike teorie is dus 'n verklarende of singewende perspektief, raamwerk of paradigma bestaande uit algemene of teoretiese stellings wat die wêreld op 'n sekere wyse sien en verstaan en verklarings bied.

“Soms is daar 'n paradigmaskuif, soos toe die mens geleer het dat die aarde nie die middelpunt van die heelal is nie en dat hy ook nie plat is nie. Maar al hoe meer verskynsels val binne die verklaringsveld en vermoë van die wetenskaplike metode, hoewel daar steeds botsings is,” sê Landman.

“Gelowiges aanvaar albei paradigmas, die werking van die bestanddele van medisyne op die biologie van die liggaam én die krag van God se hand in genesing. Hulle kan probeer om die twee bymekaar te bring – ‘dit is God se wil dat die medikasie effektief is’ – maar basies is dit om te glo en leef in botsende paradigmas. Is dit nou God of is dit die medisyne? Maar hoe bewerkstellig God die werking van medisyne binne die liggaam, gegee dat hy/sy bestaan; weet van ons pyn; dit sleg vind; dit wil en kan hanteer? Eintlik is hierdie die mees allesoorheersende mite, maar baie gelowiges hou steeds daaraan vas náas hul wetenskaplike benadering en oortuigings.”

IRRASIONELE VERWERPING

Sosiale media dra daartoe by dat mense goed sal sê wat “jy nie eintlik in rasonale geselskap kan verdedig nie”. Het jy al die een gehoor van hoe “die media ons mislei oor Covid-19”? sê Landman.

Vat enige driesyfer-getal (van 100 tot 999) en google dit saam met “new cases”. “Vir watter getal jy ook insit, is daar 'n koerantberig iewers, veral in die VSA, oor die positiewe gevalle vir daardie getal. Dié tipe ding vuur dalk irrasionaliteit oor die wetenskaplikheid van die bestryding van die pandemie aan en selfs die wetenskaplikheid van die bestaan en die impak van die virus,” sê hy.

“Ons aanvaar in die algemeen die mediese wetenskap vir baie goeie redes, soos die enorme sukses daarvan met die red van lewens, die verlenging van lewens, pynverligting en die herstel van siektes en beserings. Die mediese wetenskap


het ons lewenskwaliteit oneindig getransformeer in vergelyking met die arme drommels wat tienduisende jare voor ons geleef het.

“Ons vertrou die mediese wetenskap met al sy ingrypings en kure, al is dit nie altyd effektief nie. Ons weet onsekerhede hang saam met die kompleksiteit en eenlopendheid of verskeidenheid van die mens as 'n eenheid van liggaam en verstand. Ons liggaam en verstand mag verskillend reageer as gevolg van die kompleksiteit van ons biologie, vandaar die gebrek aan 100%-voorspelling van siektes se oorsake, progressie en genesing of die wisselende sukses van behandelings. Ons ‘vergewe’ die onsekerhede in die see van sukses van die mediese wetenskap en die baat wat ons daarby vind.

“In die algemeen sal daar seker altyd mense wees wat gefassineer word deur die obskure, die okkulte, die onwaarskynlike en nie-voor-die-hand-liggende. As stroomop-denke rationeel begrond is, is daar niks mee verkeerd nie. Tewens, dit kan keer dat ons dinge te maklik aanvaar en op 'n dwaalspoor beland. Dit lyk my samesweringsteorieë is dikwels 'n geval van 'n nuwe mitologie. Dan moet die wetenskap weer intree en met feite veg, maar dit neem lank.” ♡

DEUR ELSABE BRITS
ILLUSTRASIES: WILLEM SAMUEL





DIE WORTEL VAN TRAUMA- GENESING

IBOGAINE IS 'N OMSTREDE PLANTEKSTRAK VAN WES-AFRIKA WAT DEUR VOORSTANDERS DAARVAN BESKOU WORD AS 'N WONDERKUUR VIR DWELMVERSLAWING EN POSTTRAUMATIESE STRES. ANDER WAARSKU DIT KAN LEWENSGEVAARLIK WEES ...

Verbeel jou jy gaan flik. Opgewonde sit jy en wag dat die rolprent begin. Die teater is reeds donker en dis doodstil. Die geknars van springmielies ontbreek egter en daar's nie 'n Slush Puppy wat jou breinvries gee nie, want jy's nie in 'n bioskoop nie. Die vertoning is ook nie Hollywood se nuutste lokettreffer nie.

Dis 'n produksie getiteld *Jy – die storie van jou lewe* en word aangebied deur die Magalies Wellness Centre; nie vir vermaak nie, maar verlossing. Hiér, in die rustige omgewing van Mooinooi, woeker die kliniese sielkundige Anso Taljaard al sedert 2016 om gefolterde mense uit die donkerte terug te bring deur nuwe lig op hul verlede te werp.

Haar vennoot, Martie Underwood, beskryf die behandeling waarmee Taljaard al sedert 2012 besig is as 'n "kopomkeer-reis na binne" wat moontlik gemaak word deur ibogaine, die verpoeierde alkaloïed-ekstrak van die *Tabernanthe iboga*-plant van Wes-Afrika. Hoewel daar uit sommige oorde wenkbroue gelig word vir dié struik-kuur wen ibogaine-behandeling wêreldwyd veld in die verbete stryd teen dwelmverslawing en posttraumatische stresversteuring (PTSV).

'N PERSFOTOGRAAF SE TRAUMA

In 'n gewelddadige land soos Suid-Afrika, waar bloedvergieting 'n algemene verskynsel is, het psigose en paranoïese waanbeelde so alledaags geword soos grusame misdadtonele.

Vra maar vir Johann Hattingh, 'n voormalige nuusfotograaf. In sy 17 jaar as joernalis het hy na raming amper 10 000 stories gedek waarvan die oorgrote meerderheid as nuusfotograaf by *Beeld* en as vryskut vir agentskappe soos EPA, AP en Reuters.

"Ek sou op 'n gewone dag soms drie stories cover," sê hy. "Ek sou byvoorbeeld uitgestuur word om Steve Hofmeyr af te neem in die oggend vir 'n Sama-prys wat hy gewen het,

en in die agtermiddag moes ek dieretuin toe gaan vir 'n shoot met Mej. Suid-Afrika. Tussenin is ek gestuur na 'n misdadtoneel in die Johannesburgse middestad waar 'n eenjarige dogtertjie, Khensani Mitileni, op haar ma se rug doodgeskiet is.

"Hoe is 'n mens veronderstel om sulke goed met mekaar te vereenselwig – suksesvolle musikante en skoonheidskoninginne met 'n ma wat sit en huil langs die lyk van haar kind onder 'n *space blanket*?"

In 2007, op aandrang van 'n fotoredakteur en vanweë sy irritasie met en aggressie teenoor kollegas, is PTSV deur 'n kliniese sielkundige by hom gediagnoseer. Hy het verkies om stil te bly daaroor. "Ek het nie gedink my trauma kan vergelyk word met dié van ander, 'groter' shooters soos João Silva nie," sê hy van dié bekende fotograaf, wat albei sy bene in 'n landmynontploffing in Afghanistan verloor het.

Nogtans het die knaagwerk aan sy broser wordende gemoedstoestand voortgeduur. Hattingh het in 'n stadium so 'n groot behoefte daaraan gehad om met mense te kan simpatiseer dat hy gepleit het om begrafnisse te dek. Dit het nie gehelp dat hy onder meer Irak toe is waar hy 'n maand lank aan 'n storie gewerk het oor die honde wat die Amerikaanse magte bystaan nie. Boonop het hy op die kruin van sy loopbaan 'n jaar in die destydse Soedan deurgebring waar hy as fotograaf vir die VN gewerk het.

"Ek dink dit was in 2012 toe ek eenvoudig nie meer kon funksioneer nie. My wile het afgekom toe my verhouding skipbreuk gely en ek my werk verloor het. Die vinnige pas van die daaglikse nuussiklus laat 'n mens nie werklik toe om te verwerk wat met jou gebeur nie. Maar nadat ek uit die mediabedryf weg is, het ek skielik soveel tyd gehad, en dit is toe dat die PTSV my soos 'n tsoenami tref.

"Simptome wat ek ervaar het, was self-isolasie, vervreemding, ontgogeling en ekstreme negatiewe denke oor myself en die wêreld. Ek was *disconnected*. Ek het almal, myself inkluis, gehaat."

Antidepressante het net aanvanklik gehelp om die sluier van sy stilte en selfverwyt te lig. Dit was soos om 'n pleister op 'n sweer te plak. "Ek was in 'n swart gat, het teruggetrek na my ouers toe in Brits en verskeie kere ernstig oorweeg om my eie lewe te neem." ►

OM 'IN TE KYK' OP JOU LEWE

Hattingh het terloops uitgevind dat die ibogaine-behandeling waarvan hy gelees het, aangebied word by 'n nabygeleë sentrum, wat boonop 'n kliënt is van sy pa, 'n arbeidsprokureur. In Februarie verlede jaar is hy by die Magalies Wellness Centre opgeneem.

Hy het intensiewe behandeling ondergaan wat normaalweg van 24 tot 36 uur kan duur – soms selfs langer – maar ironies genoeg uitloop op wat talle reken die “langste” genesing is vir PTSV. “Dit was onbeskryflik,” sê hy.

“Dit het my lewe handomkeer verander. Ek het dinge gesien wat my heeltemal nuwe perspektief gegee het. Ek het myself in heroënskou geneem, aanvaar dat die trauma waaraan ek deur die jare blootgestel is myne is, dat dit legitiem is, 'n unieke rol in my lewe speel en myself weer leer lief kry.”

Underwood, wat besig is met haar doktorsgraad in transpersoonlike sielkunde, beskryf die behandeling as gelykstaande aan 'n “onderbewussynsontbloting” waartydens pasiënte dikwels voel hulle kyk as buitestander na hul lewe. “Dis wat so uniek is van

ibogaine. Jy herleef nie jou verlede nie, maar sien dit voor jou afspeel van 'n onpersoonlike afstand af.”

Tydens 'n aanlyn bespreking in Mei het dr. Nikola Ognienovits van die Royal Australasian College of Physicians' Chapter of Addiction Medicine die volgende gesê oor ibogaine: “Die ervaring kan vergelyk word met beelde wat op 'n skerm geprojekteer word.”

VERBODE IN BAIE LANDE

Ognienovits, wat hom vir die gebruik van ibogaine as 'n “verslawingsontwrigter” en versteuringsgeneesmiddel beywer in 'n land waar dit verbied word, is een van vele internasionaal gerekende sielkundiges wat dit as behandeling voorskryf – onder streng mediese toesig.

“Dis hoekom dit so duur is,” sê Underwood. “Elke



pasiënt word fisiologies en sielkundig geëvalueer, 'n maksimum vlak van ibogaine-toediening word uitgewerk en tydens die behandeling word pasiënte se hartsleg en bloeddruk noukeurig gemonitor.”

Nogtans word dit verbied in lande soos Australië, Amerika en Brittanje. Onder Underwood en Kie. se meer ortodokse eweknieë in die sielkundebedryf is daar ook die persepsie dat ibogaine 'n psigedeliese middel soortgelyk aan LSD is.

“Dit veroorsaak nie hallusinasies nie, maar werk subtiel in op 'n mens se onderbewussyn. Nogtans kan ek verstaan hoekom daar teenkantiing is. Dit spruit uit die feit dat daar nou al 'n paar sterfgevälle met ibogaine was,” sê Underwood. Die sterftekoers is gering, reken Ognienovits. Sommige data dui daarop dat uit 3 414 toedienings tussen 1989 en 2006 daar slegs 11 sterfgevälle was. Ander data toon weer daar was 19 sterftes tussen 1990 en 2008.

Omdat ibogaine-behandeling in soveel lande verbied word en daar baie gevälle is van toediening sonder toesig of mediese oorsig is dié syfers bedrieglik. Nietemin, in vergelyking met die hoofsaaklik kardiovaskulêre gevare wat ibogaine inhou, is die middel se suksessyfer veel hoër (61%) wanneer dit kom by die behandeling van dwelmmisbruik en PTSD, aldus Ognienovits. “Die sukseskurwe is besig om vinnig te styg en behoort uiteindelik omtrent 80% te wees.”

Sover haar kennis strek, sê Underwood, is daar in dié stadium geen middel wat so suksesvol gebruik word om verslawing en PTSD mee te behandel nie.

“Fisiologies verlig dit byvoorbeeld die geweldige onttrekkingsimptome wat heroïenverslaafdes tydens rehabilitasie ervaar en dit voorkom herverslawing. Ongelukkig is die oorgrote meerderheid sterfgevälle tydens die inname van ibogaine juis weens die gelyktydige inname van heroïen en ander opiatiese dwelms. Daarom is dit buite die kwessie vir verslaafdes om ibogaine te gebruik en te dink hulle kan vir oulaas gou 'n *fix* kry.”

Interessant genoeg was dit juis 'n opiaatverslaafde, die Amerikaanse antropoloog Howard Lotsof, wat die voordele van iboga-gebruik tydens 'n besoek aan Gaboen in die sestigs “ontdek” het. In daardie stadium het mense van die Babongo- en Mitsogo-stamme die ibogaplant reeds honderde jare gebruik as deel van hul inlywing- en deurgangsrite in die Bwiti-geloof.

G'n wonder Westerse lande het nie somer vatplek aan dié esoteriese behandeling gekry nie; met die uitsondering van Nederland, waar Lotsof sukses behaal het met die medisinal verwerking van iboga. Omdat dit van 'n plant kom, kan ibogaine nie gepatenteer word nie en farmakologiese maatskappye sien nie groot profytptensiaal daarin nie.

Brad Burge, 'n direkteur van die Multidisciplinary Association for Psychedelic Studies (MAPS) in die VSA, sê: “Die antidepressantbedryf genereer jaarliks omtrent \$309 miljard. Van PTSD-leiers word daar verwag om elke

Kritiek teen die kuur

Ondanks die klaarblyklik oorweldigende bewyse dat ibogaine 'n doeltreffende middel in die behandeling van dwelmverslawing en PTSD is, is daar ook fel teenkantiing teen die “wonderkuur” van Gaboen.

“Gegewe die inwerking daarvan op elektrochemiese prosesse is hierdie regtig 'n aangeleentheid vir psigiater,” sê Ruth Ancer, 'n kliniese sielkundige van Randburg. Sy meen “die hallusinatoriese effek wat ibogaine op 'n mens het, kan veroorsaak dat individue wat reeds naby die afgrond is oor die rand gaan”.

Vier psigiater wat om kommentaar genader is, wou nie reageer op die gebruik van dié middel, wat al tot talle sterftes gelei het weens hartversaking, nie. Volgens data uit Brittanje sterf ten minste een uit elke 400 pasiënte wat met ibogaine behandel word, hoofsaaklik weens die feit dat dit nie gereguleer word nie en dikwels deur geldgierige kwaksalwers uitgebuit word.

Die Londen se terapeut Edward Conn, eens 'n kampvegter vir ibogaine, reken dit word onder hoogs gevaarlike omstandighede toegedien en dat pasiënte se hartritme dikwels nie volgens behoorlike standaarde gemonitor word nie. “Daar is geen tekort aan mense wat sê hulle is genees nie. Ek het dit vir 20 jaar gesien. Hoeveel amptelike klinieke is daar? Geen. Vra jouself hoekom.”

dag middels soos Zolof en Paroxetine te neem. Klim 'n mens uiteindelik daarvan af, bevind jy jou in 'n situasie soos Bill Murray in *Groundhog Day* – jy word elke dag in 'n nuwe weergawe van 'n ou nagmerrie wakker.

“Die hele beginsel van genesing is om uiteindelik heeltemal gesond te word en nie heeltyd pille hoef te drink nie.”

Dis juis in dié opsig dat ibogaine anders is, sê Underwood. “Ons bestudeer nog die neurologiese werking daarvan, maar dit wil voorkom of dit die reseptoriese impulse van die brein, waar dopamien en serotonien vrygestel word, herstel. Dit vee die dekblad van 'n mens se denke skoon, soos 'n rekenaar wat *ge-format* word.”

So suksesvol was Hattingh se behandeling dat hy nou vir Underwood en Taljaard werk. Hy het selfs 'n steungroep op Facebook, PTSD SA, begin. “My lewe het weer betekenis gekry,” sê hy. “Nooit het ek dieselfde bevrediging as joernalis gehad nie. Mense bel my van oral en vra waar hulle hulp kan kry. PTSD hoef nie 'n doodstraf te wees nie.” ♡

DEUR EUGENE GODDARD
ILLUSTRASIE: WILLEM SAMUEL

WOEDE VAN DIE KWAAI MASSAS

IS DIE BOIKOTKULTUUR, DIE WÊRELDWYSE FENOMEEN VAN "CANCEL CULTURE", 'N SINLOSE HISTERIE WAT MENSE SE LEWE VERWOES? OF MAAK DIE VOORSTANDERS VAN VRYHEID VAN SPRAAK 'N BERG VAN 'N IRRITERENDE MOLSHOOP?

Uit haar oogpunt het prof. Nicoli Natrass bloot akademiese kommentaar gepubliseer oor waarom die Universiteit van Kaapstad sukkel om swart Suid-Afrikaners vir sy voorgaande kursus in bewaringsbiologie te werf. Dié ekonomieprofessor van Houtbaai se skrywe in die *Suid-Afrikaanse Wetenskapsjoernaal* het 'n rasherrie ontketen en tot 'n aanval op haar as dosent gelei.


Natrass het onder meer gevind materialisme is een van die redes. Sy kom tot die gevolgtrekking swart studente se kursussekeuse val eerder op beroepe in die reg of finansiële dienste – met dié se beter betaling – vanweë die “relatief benadeelde agtergrond van baie swart Suid-Afrikaners”. Die aanlyn krygers het dié tweeblydsy-

verslag tot raswetenskap en stereotipering verklaar. Die universiteit het vinnig gereageer, maar sonder om eers met Natrass te praat.

“Ek dink ek is voorgehou as 'n bevoorregte wit mens, wat rasstereotipes vergestalt en swart mense wou ondermyn,” sê sy. “Ek het teruggekap en geargumenteer dit was beslis nie die bedoeling nie. Die *cancel culture*-momentum is gestuit, maar dit was 'n goor ervaring; veral om te sien hoe vinnig die universiteitsbestuur op die klagtes van rassisme gereageer het.”

**Wat presies is
'cancel culture'?**

Nicky Falkof, medeprofessor aan die Universiteit van die Witwatersrand in ►





Johannesburg se mediastudie-eenheid, meen daar is twee maniere waarop die fenomeen omskryf kan word.

“Dis ’n gebruik in die kontemporêre kultuur en media waar iemand iets doen wat ander mense dink verkeerd is en dan word daardie persoon ‘gekanselleer’. Dit is ’n ondeurdagte, dwase reaksie deur die massa,” sê Falkof. Volgens haar is dit “nie ’n regte ding nie”. “Dit is ’n histerie oor die feit dat mense ’n geneigdheid het om mense te wil ‘kanselleer’.

“Aanvanklik was dit iets wat gebeur het in die *celeb*-kultuur [in veral die VSA]. Nou het dit ’n politieke kleur. As jy, byvoorbeeld, ’n rassistiese stelling maak, sal jy ‘gekanselleer’ word. Talle waarnemers meen dis ’n verskoning wat deur *woke*-[sosiaalbewuste] mense gebruik word om vryheid van spraak in te perk.”

Natrans glo weer die gebruik is gekoppel aan ’n kritiese sosiale-geregtighedspektief, waarin die onderdrukte stem as die enigste

outentieke stem gesien word. As jy op die een of ander manier as bevoorreg beskou word, is dit of jy aan ’n “vals” bewussyn ly.

“Hierdie soort teoretiese raamwerk laat mense toe om te dink sommige stemme is belangriker as ander. En as jy iemand in ’n bevoorregte posisie kritiseer is die ‘reg’ aan jou kant. Dit bring ’n nuwe totalitêre manier van dink op die voorgrond,” sê sy.

Volgens Johann Rossouw, ’n filosofieprofessor aan die Universiteit van die Vrystaat, is die kanselleerkultuur die simboliese en aanlyn ekwivalent van boendoegeregtigheid. “In albei gevalle word die reg en wie ek dink reg is, in eie hande geneem en vergelding word op eie terme uitgevoer. Boendoegeregtigheid gaan natuurlik ’n stap verder in die sin dat dit dikwels geweldpleging insluit.”

Wat van vryheid van spraak?

Die kanselleerkultuur, *woke* en vryheid van spraak duik dikwels in dieselfde gesprek op. “Daar is hierdie idee dat die kanselleerkultuur en *woke* hierdie slegte ding is en vryheid van spraak hierdie wonderlike ding,” sê Falkof.

“En hierdie veronderstelling, om *woke* te wees en deel te neem aan hierdie sogenaamde kanselleerkultuur, is outomaties die beëindiging van vryheid van spraak. Dis juis hoekom ek nie dink dit is geldige kritiek in die wêreld waarin ons leef nie, want dit is nie wat gebeur nie.

“Met die uitsondering van die werklike hoëprofielsake soos Harvey Weinstein en Jeffrey Epstein in die VSA het die meeste mans wat aangekla en afgedank is weens die #MeToo-beweging ander werk gekry en is steeds in die openbare oog,” sê sy. “Die grootste plaaslike voorbeeld is Steve Hofmeyr. Elke dan en wan raak hy rasbelaaide dinge kwy. Dan het mense weer

genoeg gehad en – meestal wit mense – sê: ‘Dis nou genoeg, *cancel* Steve.’ Dit gebeur heeltyd, maar Hofmeyr is steeds daar.

“As jy reeds naam gemaak het en in ’n posisie van mag is in hierdie sosiale wêreld en jy word by ’n skandaal betrek, sal jy die meeste van die tyd oukei wees. Dit mag dalk op ’n persoonlike vlak baie moeilik vir jou wees, omdat baie mense jou gaan veroordeel, maar jou vryheid van spraak is nie aangetas nie en jou loopbaan in die breë is nie beïnvloed nie.

“Ek dink dit gaan nog lank met ons wees. Sosiale media is maar oppervlakkig en mense rui mekaar op. Veral omdat ons toegang het tot soveel meer inligting. As Helen Zille byvoorbeeld iets simpel kwytraak, weet jy dit dadelik en dan is jy onmiddellik kwaad. As ’n gewone mens kan jy nou uitvaar teen die DA. Hoewel die mense wat mekaar aanhits en die platforms waarop al die drama gebeur oppervlakkig is, is dit nie nêr sleg nie. Dit laat gewone mense terugkap na mense in magposisies wat politiek gesproke baie waardevol is.

“Iets soos rassisme gaan nie verdwyn as mense ophou om rassistiese goed te sê nie, maar as mense dit nie sê nie, is dit reeds een tree nader aan ’n regverdiger samelewing.”

Sensuur

Natrans se groot bekommernis is die toekoms van die akademie en hoe vrylik studente en navorsers die onderwerpe van hul studie sal kan kies. “Ek dink nie universiteite gaan vir die volgende vyf tot tien jaar baie aangename plekke wees nie. Want die boodskap is altyd daar: Jy moet stilbly, jy moenie praat nie, jy moet nadink oor wat jy sê. Ek is nie seker dit is goed vir [tersiêre] onderrig nie,” sê sy.

“Dit kan ’n goeie ding wees as dit mense aanmoedig om ’n bietjie meer te dink oor wát hulle skryf, maar dit kan ook ’n baie slegte ding wees as dit veroorsaak dat mense nie in sekere onderwerpe wil delf nie, byvoorbeeld om na ekonomiese ongelykhede te kyk eerder as rasongelykheid. Wat gebeur





“ONS BEHOORT EERDER OP DIE DAARDIE TRAUMA TE FOKUS EN TE KYK OF ONS MEKAAR KAN HELP OM DIT TE VERWERK.”

as dit net afgemaak word as ’n simptoom van wit sensitiviteit?

“My klein studie, wat gepubliseer is as kommentaar, was ’n eerste kykie in dié rigting en ’n opportunistiese peiling. Ek is aangeval daaroor dat ek nie ’n werklik verteenwoordigende peiling gedoen het nie, al het ek dit duidelik gemaak dat dit net ’n aanvoorstudie is. Ek wou ’n breedvoeriger studie doen, maar nou het ek my bedenkinge. Ek is nie eens seker die universiteit sal my toelaat om dit te doen nie.

“Tog dink ek dit is ’n belangrike onderwerp. Dit ondersoek studentekeuses en -houdings teenoor onderwerpe soos diere en materialisme. Dit is belangrik vir diversiteit in natuurbewaring, maar die hele ding het dit vir my moeiliker gemaak om te werk. In my veld is dit baie belangrik om te weet hoe om meer swart Suid-Afrikaners by

natuurbewaring te betrek.

“En dis hier waar ek voel my ‘aanvallers’ is moedswillig. Hulle sal sê, ‘Nicoli ignoreer die baie swart mense in natuurbewaring’ en natuurlik is daar swart mense betrokke by natuurbewaring, baie van hulle in leierskapsposisies; ons wil net nóg hê. Veral waar daar mens-dier-konflik is in landelike gebiede, wat geneig is om oorwegend swart te wees, sal dit wonderlik wees om meer swart mense betrokke te kry.”

Hoe lyk die plaaslike prentjie?

Rossouw sê daar is drie redes vir die sterk boikotkultuur in Suid-Afrika. “Ons het ’n verdeelde samelewing en wanneer een segment van die samelewing die harnas in gejaag word – wat dikwels gebeur – is ’n boikot

een manier om jou woede te ontlai. Daarby het ons ’n lewendige samelewing wat al oor baie dekades boikotte as ’n doeltreffende vorm van verzet inspan.

“Die land word regeer deur ’n party wat sy eie belange bo die samelewing stel en steeds baie mag oor die staat geniet, en boikotte is een van die instrumente waarmee mense verzet kan toon wanneer hulle misken voel of dat hulle nie behoorlik verteenwoordig word nie.”

Eintlik, sê hy, kom die “kansellering” min hier voor. “Waar dit wel voorkom gaan dit gewoonlik met ’n sterk binêre houding gepaard – as jy nie vir ons is nie, is jy téén ons – waarin die trek van grense voorop staan, pleks van om ‘oop’ te wees vir ander en grense nuut te onderhandel. Verskillende ‘merkers’ van identiteit kan ingespan word om ’n harde grens te trek, of dit nou gender, etnisiteit of ras is.”

Vir Rossouw is openlike gesprekvoering van wesenlike belang. “Sover ek kan sien is ’n vername kenmerk van die uitwissingskultuur dat my eie waarheid as absoluut beskou word sodat ’n gesprek per definisie nie moontlik is nie. Dit sou ek beskryf as die slegte kant daarvan. Ek kan aan niks positief daaromtrent dink nie – en dit is dus nie werklik bevorderlik vir die oorwinning van die trauma wat dikwels agter só iets lê. Ons behoort eerder op daardie trauma te fokus en te kyk of ons mekaar kan help om dit te verwerk.

“Agter enige woedebui lê altyd ’n sensitiewe kwessie en as sodanig is dit seker sinvol dat dit minstens die sensitiewe kwessie op die sakelys plaas, byvoorbeeld hoe die onlangse betogings ná die dood van George Floyd polisiediskriminasie teen sekere groepe op die sakelys geplaas het. Dog, die eintlike vraag is: Hoe gaan ons dan verder? Hoe los ons die sensitiewe kwessie op? En is die woedendes ook bereid om die risiko van die oplossing te neem? Of is die versoeking net te groot om hulle steeds deur hul eie pyn te definieer?” ♡

DEUR ANNAMI MAILOVICH
ILLUSTRASIES: LOUIS VAN DEN HEEVER

DIE HONGER WOLF VOOR DIE DEUR

DIE EEN MAAND HET JY NOG 'N WERK, 'N MOTOR EN 'N WOONSTEL. DAN WORD DIE GANSE WÊRELD INGEPERK EN VOORDAT JY KOM KRY IS JY DEEL VAN DIE ÁL GROTER WORDENDE GROEP HONGER MENSE OP STRAAT ...

“Geen werk. 2 kinders om te voed. Ons is honger. Asb. help.”

'n Man in flenterklere met dié smeekwoorde op 'n stuk karton, só onthou Peter Abraham nog, sou aangestap kom wanneer hy by die verkeerslig stilhou. Hy sou anderpad kyk; oogkontak vermy; wens die lig moet na groen oorslaan sodat hy kan ry, voordat die flenterman tot by sy motorvenster geskuifel kom.

Dis mos die *lazies* of die *druggies* wat só bakhand kom hou, sou hy vir homself sê.

En hy wat Peter is, wou na sy woonstel toe. Die dag by die werk was lank. En hy moet nog iewers stop om vleis, rys en 'n tweeliter-Coke te koop ...

Nou, vier maande later, is dit hy wat bakhand staan. Aan die flenterkant. Werkloos en weerloos. En hy is allermins werksku óf 'n dwelmslaaf. In 'n roomkleurige polonektrui en chino-broek loop die 26-jarige Abraham in Somersetstraat in Groenpunt af, op pad na die “skuiling” waar hy deesdae moet gaan toustaan vir 'n porsie kos. Die gate in sy rooi-en-blou Brooks-tekkies is al wat verklap dat hy in April op die grondpad van die lewe moes afdraai. ►



Hy val in by die ry wat 'n hele ent in die straat af kronkel. Toe hy die skinkbordjie met 'n bakkie groentesop, drie broodrolletjies en 'n appel daarop op die staaltafel plaas en gaan sit, vryf hy eers sy handpalms dankbaar teen mekaar. Voordat hy van hierdie voedingsprojek te hore gekom het, moes hy 'n hele paar keer honger gaan slaap. Honger opstaan.

Wanneer die hongerpyn te erg geknaag het, het hy sy selftrots gesluk en by die verkeerslig gaan staan. Totdat die R7,99 bymekaaargeskraap is om 'n *standard white loaf* te kan bekostig.

KATASTROFIESE WERKVERLIES

Die koronavirus-uitbreking het letterlik die kos uit sy mond gevat, sê Abraham. Hy was vyf jaar motorbestuurder vir Uber en Taxify. Saans het hy sy inkomste aangevul as kroegbestuurder by 'n kuierplek in Loopstraat. Toe die landwyse inperking op Donderdag 26 Maart begin, het sy inkomste oornag opgedroog.

Ingevolge die aanvanklike inperkingsmaatreëls kon hy slegs vir beperkte tye sy taxidiens bedryf. Hy was sy werk as kroegbestuurder kwyt toe restaurante en kroë gedwing is om hul deure te sluit. Aanvanklik kon hy nog kop bo water hou danksy 'n klompie spaargeld, maar met elke verlenging van die inperking het sy neseier gekrimp. Eers het hy met die betaling van sy motorpaaielemente agtergeraak; toe met die woonstelhuurgeld. Ná 'n paar maande kon hy nie eens meer kos koop nie.

“Die dinge waarvoor ek hard gewerk het, het stuk-stuk deur my vingers geglip, en ek kon niks daaraan doen nie,” sê hy en laat rus sy kop op die arm waarmee hy op die tafel stut. Hy haal diep asem. “Ek het 'n goeie, doodgewone lewe gehad. Ek was lief vir my werk. En *well-respected*. Tot Maart toe.”

Die nasionale tesourie raam die werkverlies weens die direkte impak van die pandemie gaan op tussen 690 000

en 1,79 miljoen te staan kom. 'n Peiling deur die National Income Dynamics Coronavirus Rapid Mobile Survey (Nids-Cram) toon egter meer as 3 miljoen mense het reeds tussen Februarie en April hul werk verloor. In dié peiling, waarby 7 000 respondente betrek is, het 47% gesê hul huishouding sit sonder enige inkomste en hulle kon in April nie eens in die mees basiese behoeftes, soos om kos te koop, voorsien nie.

Tot 22% van die respondente het ten minste een lid in hul huishouding gehad wat in die laaste week honger gely het. Dertien persent het gesê hulle het op 'n gereelde grondslag (drie of meer dae per week) nie kos nie en gaan honger slaap. 'n Verdere 7% het gesê hulle ly daaglik (elke dag of byna elke dag) honger.

'n Studie deur die hulporganisasie Oxfam toon dat groeiende werkloosheid en 'n stygende verlies van inkomste 'n direkte impak op voedselsekerheid het. In 'n verslag wat op 9 Julie bekend gemaak is, word 'n donker toekomsprentjie geskets. Teen die einde van vanjaar kan daar wêreldwyd daaglik tot 12 000 mense van honger doodgaan weens Covid-19 se impak op ekonomiese aktiwiteite – “potensieel meer lewens as wat die virussiekte self gaan eis”. Suid-Afrika word as een van die brandpunte genoem.

“Middelinkomste-lande soos Suid-Afrika en Brasilië ervaar snel stygende vlakke van verhongering, omdat die impak van die pandemie die laaste strooi was vir miljoene mense wat reeds op die bestaansminimum geleef het en deur die pandemie oor die hongerte-afgrond gedryf word,” waarsku Oxfam.

'N KOSPAKKIE TEEN DIE HONGER

Volgens Brian Nell, uitvoerende hoof van die nie-regeringsorganisasie Rise Against Hunger, was daar lank voor Covid-19 reeds miljoene huishoudings wat weens verskeie sosio-ekonomiese probleme net-net oorleef het.

“ONS SIEN HOE MENSE VER STAP NA SULKE VOEDINGSKEMAS TOE. HOE HULLE DAN NOG VIER, VYF UUR LANK IN 'N RY STAAN OM NET 'N SNY BROOD EN, AS HULLE GELUKKIG IS, 'N KLEIN BAKKIE SOP TE KRY.”

“PARTYKEER RAAK JOU KOP SO WASIG. JY VOEL PAP EN MOEDELOOS EN GEFRUSTREERD. JOU MAAG IS EERSTE OM TE RAAS. DAN JOU KOP.”

“Meer as 12 miljoen landsburgers was reeds in voedselnood, wat beteken dat ons nou in ’n geweldige krisis gedompel is wat nog baie lank gevoel gaan word.”

Rise Against Hunger het sedert die begin van die inperking landwyd al nagenoeg 3,7 miljoen kospakkies versprei. Daar is honderde organisasies wat dieselfde doen om die nood te probeer verlig. “Ons het nog nie ’n sent van die regering se Solidariteitsfonds ontvang nie,” sê Nell.

“Ons finansiering kom uitsluitlik van bydraes deur goeiehartige korporatiewe instellings en individuele skenkers.”

Was dit nie vir dié voedingskemas nie sou mense soos Peter Abraham teen hierdie tyd lankal ander planne moes beraam om aan die lewe te bly. “Hongerte is ’n baie *tempting feeling*,” sê hy.

“Partykeer raak jou kop so wasig. Jy voel pap en moedeloos en gefrustreerd. Jou maag is eerste om te raas. Dan jou kop.”

Hy sê as ’n mens honger is, kan jy nie helder dink nie. “Ek het planne gemaak oor hoe ek ’n sak papmeel van die kafee se rak gaan gryp en weghardloop, of ’n *mass march* gaan reël dat ons die strate kan invaar en *loot*.”

Dis voordat hy van die voedingskema in die Kaapse middestad gehoor het waar mense drie keer ’n dag kospakkies uitdeel. “Die plek hou my aan die lewe; keer dat ek iets *stupid* aanvang omdat ek desperaat is.”

Al is die koppie groentesop of bakkie mieliepap nie die gekookte kos waaraan hy gewoon was nie, is hy dankbaar daarvoor. “Wanneer jy honger is en iemand sit daai bord kos voor jou neer, raak jy opgewonde soos ’n kind. Wanneer jou maag vol is, is jou hart warm en jou kop raak kalm.”

Weens die beduidende toename van mense in voedselnood kan die helpers nie voorby nie. “Rise Against Hunger is reg van die begin van die inperking oorval met versoeke om hulp vir kospakkies aan individue, gemeenskapsgroepe en nie-regeringsorganisasies,” sê Nell. Volgens hom is die grootste rede daarvoor die feit dat kleiner nie-regeringsorganisasies, wat voorheen gemiddeld tussen 100 en 200 mense in bepaalde gemeenskappe gehelp het, nou skielik dubbel of selfs driedubbel soveel hulpbehoewendes moet versorg.

“Daar is baie stories van die enigste broodwinner wat afgedank is toe ondernemings ondergegaan het, en nou sit die hele huishouding sonder ’n inkomste.”

Dit raak van dié mense wat in die gasvryheidsbedryf gewerk het soos sjefs, kelners en kroegbestuurders tot mense in die skoonheid- en vermaakbedrywe. “Ons sien hoe mense ver stap na sulke voedingskemas toe,” sê Nell. “Hoe hulle dan nog vier, vyf uur lank in ’n ry staan om net ’n sny brood en, as hulle gelukkig is, ’n bakkie sop te kry.”

Volgens hom is daar ’n behoefte aan beter infrastruktuur om die verskaffing van kos aan behoeftiges. Dit sal al die rolspelers moet insluit – van die regering en kerke tot die korporatiewe wêreld, nieregeringsorganisasies en welsynorganisasies. “Daar is in sommige gebiede te veel hulpbronne en dan is daar weer gebiede wat heeltemal te min, of niks, het nie. Daar moet eenvoudig beter samewerking, beplanning en inklusiewe konsultasie plaasvind tussen die regering en die organisasies sonder winsbejag.”

Hy sê menige nieregeringsorganisasie wat daagliks aan honger mense kos gee, ontvang geen hulp van die regering nie en is afhanklik van skenkings. Maar hulle ervaar ook ’n “skenking-uitbranding”.

Namate die ekonomie heropen word en die gelukkiges terugkeer werk toe, vergeet mense van die krisis buite hul werkplek. Skenkings en finansiering begin opdroog, terwyl die vraag na hulp aanhou toeneem.

Peter Abraham het dié groeiende tekort al aan eie lyf ervaar. As hy net 20 minute laat opdaag by die skuiling is daar dikwels nie meer kos oor nie. Dan moet hy wag totdat die volgende ete uitgedeel word. Hy het al gesien hoe mense mekaar te lyf gaan oor ’n broodrolletjie of ’n lemoen. Dit is hoekom hy hom so gou moontlik uit sy benarde situasie wil loswoeker.

“As ek werk kry, kan ek die stukke van my lewe begin optel. Ek sal taxi bestuur, ’n *waiter* wees, sekuriteitwerk doen, enigiets; ek sal skoonmaakwerk doen,” sê hy. “Om in ’n tou te staan vir kos is *degrading*. As ek werk kry, kan ek dalk weer ’n kar koop en ’n woonstel huur en ’n trollie vol *groceries* gaan koop.” ♡

DEUR MIA SPIES
ILLUSTRASIE: CHRIS VALENTINE

MONSTERS OP DIE SMAL WEG

OM DODELIK SIEK IN INTENSIEWE SORG TE LÊ, GEKOPPEL AAN 'N VENTILATOR, IS AL KLAAR 'N NAGMERRIE. VOEG HIERBY NOG 'N VERWARRENDE PSIGOSE EN JY HET AL DIE BESTANDDELE VIR 'N TRAUMATIESE ERVARING, VERTEL RONEL NEL.

Toe ek nog baie klein was, het daar 'n geraamde prentjie op my ouma se stoepkamermuur gehang. Die titel was “De brede en de smalle weg”.

Die smal, opdraande en klipperige pad was die moeilike een, maar die “prys” was ewige saligheid. Die goue stad. Kompleet met 'n reënboog oor die kruin van die berg. Die mooi, wye pad had 'n groot “welkom”-bord gehad en aktiwiteite soos dobbel, drank, feeste en ander “lekker” dinge. Die pad het na die ewige vuur en die hel gelei. O ja, die mense op die brede weg was welaf, met mooi klere en bykomstighede. Die ouens op die smal pad het swaar sakke oor hul skouers gedra en verby 'n gekruisigde Jesus beweeg.

Vreemd genoeg was daar 'n groot, alsierende oog in die lug, tipies in die driehoek wat ook op die Amerikaanse dollarnoot te sien is, wat neerkyk op die hele spul.

Die oorspronklike skildery is deur ene Mary Evans, circa 1900, geskilder. En, het ek onlangs eers uitgevind, is gebaseer op 'n Bybelteks, Matt. 7:13-14.

My eie kruispad

Dié prentjie moes my hele lewe lank in my agterkop gebly het, want sowat 50 jaar later beland ek in die hoësorgeenheid nadat 'n operasie skeefloop – en netjies by dié vurk in die pad. In my geval was daar ook hekke en agter die hekke nie “goed” en “kwaad” nie, maar “moeilik” en “maklik”.

En nee, ek het nie 'n helder lig gesien of musiek gehoor nie. Nog minder het ek geweet wát aan die einde van die twee paaie sou wag – daar was nie 'n einde in sig nie.

“Moeilik” sou die keuse wees om te leef; om 'n ou, geroeste hek oop te forseer en 'n pad, wat toegerank en duidelik ontoeganklik is en geen duidelike rigting inslaan nie, te moet oopkap. My eie pad maak. “Maklik” sou wees om alles wat swaar en seer en onregverdig is agter te laat en in die skoonheid van die ewige niksheid te verdwyn.

Maar dit was 'n drogdroom, 'n ysingwekkende realiteit. Ek het (onbewustelik) die pype uit my keel

geruk, uit my arms, uit my neus. Die verpleegpersoneel moes later my hande vasbind om te keer dat ek veral die allerbelangrike suurstofpyp na die ventilator uitruk. Hulle moes my soms vasdruk teen die bed en seeder – net dat my nagmerries verder kon woel.


Om die een of ander rede het ek geweet dat hierdie kontras van donker en lig – van nou en ewigheid; moeilik en maklik – in daardie steriele bed in die wit kamer finaal éérlik beskou moet word. En ek moet kies, óf lewe óf dood.

Ek was toe al 93 dae in die hoësorgeenheid van die Life Eugene Marais-hospitaal in Pretoria.

'n Groot deel daarvan was ek in 'n koma.

Ná 'n redelik eenvoudige rugoperasie het 'n rits onvoorspelbare dramas hulself uitgespeel. Eers het my lewer ingegee. Toe my longe; daarna my niere. My maag was kort op hul hakke. En my vel ook.

Gewoonlik kan 'n mens doodgaan as net één van daardie organe ingee. En nou moes elkeen boonop op sy eie “versorg” word.



“EK HET MENSE GESIEN WAT VAS GEGLO HET DAAR IS GROEN MANNETJIES TEEN DIE GORDYNE OF LANG, HARIGE GEDROGTE OP DIE DAK. HULLE HET DIE MONSTERS GESIËN, EN JY KON DIE ANGS VAN DIE PASIËNT DUIDELIK WAARNEEM.”

Die stil sindroom

Genadiglik het my brein en my hart (skynbaar) niks oorgekom nie en dis hier waar die eintlike storie inkom: Ek het tydens my drie maande in die hoësonnegeenheid 'n psigose ontwikkel wat, vrylik vertaal, “hoësonne-sindroom” genoem word.

Dis moontlik een van die mees traumatiese ervarings in jou lewe. Veral nou, in die tyd van Covid-19, is dit dalk gepas om oor hierdie “stil” sindroom te praat, want niemand sê ooit enigiets daaroor nie. Die meeste pasiënte wat dit oorleef, hou die een of ander letsel oor. Sommige word behoorlik geknak.

Kortliks: Die ventilator en veral 'n trageostomie, deur die keel direk in die lugpyp om nog asem te kan kry, is allermens net “nog 'n prosedure”. Dit voel letterlik of daar 'n olifant op jou bors kom sit. Jy het nie 'n stem nie; jy kan nie praat of verduidelik wat jy nodig het nie. Die frustrasie is genadeloos.

Jou longe gee in en begin “verdrink” en dit keer dat jou liggaamsvog by jou niere uitkom om verwerk en uitgeskei te word. Jou toraks vul met ekstra vog en later ook jou buik, jou gesig, jou arms en bene. Daar is dreineringsbuis oral. Weens al die medikasie wat jy binnears ingegee word, gee die maag dikwels ook in. 'n Bloeiende maagseer is min of meer jou doodsvonnis.

Die behandeling is deurentyd erg traumaties en die pyn klop sonder ophou. Jy is verward en vreesbevange. En dan, indien jy oorleef, is daar 'n ongekende fisieke swakheid en 'n permanente skaduwee



RONEL NEL KAN VANDAG WONDERBAARLIK HAAR STORIE MET TAALGENOOT DEEL.

wat jou volg. Elke dag. En veral elke nag.

Dr. Willie Theron, my internis en bewaringsengel, sê: “Die ICU-sindroom word informeel gebruik deur diegene wat daar werk om die psigiatriese gevolge van 'n lang verblyf in die eenheid aan te dui. Ons praat hier hoofsaaklik van angs en depressie, wat amper onvermydelik is. Die pasiënte moet/moes veg om hul lewe; moes dikwels sien hoe mense om hulle sterf; kan nie kommunikeer nie; sien hul geliefdes selde; het soms met nors of doodmoeg personeel te doen; sien nie daglig nie; en nog talle uiters onaangename ervarings.

“Die sindroom sluit op formele akademiese vlak ook die drogbeelde of hallusinasies en verwardheid in. Die oorsake daarvan is kompleks en sluit aspekte in soos die persoon se sielkundige toestand, effekte van bakteriële toksiene, gevolge van die ernstige siektetoestand waarvoor hulle in die eerste plek daar is, verminderde breinsirkulasie of suurstof in die bloed, nuwe-effekte van medikasie en, vir die pasiënt, die

angswekkende vreemdheid van die ICU-kultuur. Die hallusinasies is dikwels bedreigend van aard en pasiënte is oortuig dat daar 'n sameswering teen hulle is.”

Hulle soek my bloed!

Dit het met my gebeur. Ek was oortuig van twee goed: Die dokters en die susters is in 'n komplot om my in 'n staat van “onbewussyn” te kry sodat hulle my organe kan oes en verkoop.

Ek het ook geglo hulle wil my doodmaak. (Ek het iewers 'n vurk in die hande gekry en elke nag met die vurk onder die lakens gelê vir selfverdediging.) Daarby het ek vermoed die susters “dobbel” met my pille en maak só geld en dat ek dan nie my medikasie kry nie.

Theron beaam dit en sê: “Soms is dit komies, soos die tannie wat vas oortuig was dat ek en die verpleegsters 'n koor gevorm en haar elke oggend toegesing het. Ander

kere kan die hallusinasies sorgwekkende gevolge hê. 'n Vrou het al byvoorbeeld by haar man beweer dat ek haar seksueel misbruik het. Hy het gelukkig my verduideliking aanvaar dat geen dokter ooit 'n pasiënt mag – of kan – sien in die eenheid sonder die teenwoordigheid van 'n verpleegsuster nie.”

Helena Smit (skuilnaam), 'n voormalige hoërsorgsuster, bevestig dié soort gevalle.

“Ek het mense gesien wat vas geglo het daar is groen mannetjies teen die gordyne of lang, harige gedropte op die dak. Hulle het die monsters gesien en jy kon die angs van die pasiënt duidelik waarneem.”

Oorsake en simptome

Dr. Maureen Welker skryf op MedicineNet.com: “Dit is 'n vorm van ernstige delirium, of akute breinwanfunksie. Die psigose kan baie gevaarlik wees en moet dringend mediese aandag kry. Dit word hoofsaaklik veroorsaak deur sensoriese ontneming. Die pasiënt word gewoonlik in 'n kamer sonder vensters geplaas en is afgesonderd van

familie, vriende en enigiets wat bekend en kalmerend is.”

Ek het 'n sagte speelding, 'n skaap, gehad wat Dirk, my lewensmaat, op die ingewing van die oomblik vir my gebring het. Selfs tydens my koma kon hulle blykbaar nie die skaap uit my hande kry nie. Sy naam was Bees. Hulle moes hom ná die tyd saam met al my klere verbrand sodat niemand aangesteek word nie.

'n Gebrek aan slaap dra ook by tot die sindroom, sê Welker. “En dan is daar nog die aanhoudende geraas en beweging van hospitaalpersoneel, wat te alle tye inkom om na noodsaaklike mediese statistieke te kyk, medisyne toe te dien, ensovoorts. Ander elemente wat 'n groot rol speel, is stres en die gevoel dat jy totale beheer oor jou lewe verloor het.

“Hipoksie, of 'n lae bloedsuurstofvlak, is ook 'n groot bydraer tot die sindroom. En natuurlik die een wat almal vrees: hartversaking.”

Sodra die verpleegpersoneel of dokters agterkom dat jy geweldig angstig of ooropgewonde en rusteloos is, stemme hoor en hallusinasies, nagmerries of paranoia ervaar, besef hulle die pasiënt het die psigose ontwikkel. In kort: Pasiënte word tydelik psigoties. Dit gebeur

gewoonlik skielik en is skrikwekkend vir die pasiënt én die naasbestaandes.

En die behandeling?

Verskeie medici het al aangedui dit is baie moeilik om die psigose te behandel. Daar word eerstens na jou medikasie gekyk. Familielede word aangeraai om kalm met die pasiënt te praat. Slaap-induksie word aanbeveel.

Daarby moet die pasiënt so vinnig moontlik na normale aktiwiteite terugkeer. Deesdae kyk die verpleegpersoneel na die verslapping van die reëls vir besoektyd, meer tyd vir slaap, die voorkoming van onnodige opgewondenheid, die minimalisering van skofveranderings om verwarring te voorkom en om versigtiger te luister na dit wat die pasiënt probeer kommunikeer oor wat haar of hom pla.

In my geval kon ek nie praat nie, maar gelukkig kon ek skryf. En het ek geskryf! Ek het sowat tien notaboekke vol geskryf. Almal vra my gewoonlik wat die eerste ding was wat ek gesê het toe ek weer kon praat. Dis baie eenvoudig: “Fanta Grape, asseblief!”

Hoe het ek toe “uitgekóm” en oorleef?

Dirk het heelwat vroeër in die lang proses eenkeer by my gesit en sag met my gepraat – ek was nie “by” nie. Ek was oortuig hy is deel van die komplot om my dood te maak. Hy het op 'n dringende manier vir my gesê: “Ronel, as jy nie nou omdraai nie, sal ons mekaar nooit weer sien nie. Dink daaraan.”

In my kop het dit oorverdoewend geëggo. En ek het weggedraai en die moeilike hek gekies. Die volgende dag was ek wakker. Psigoseloos. En toe begin die proses van gesondword. Ek weet steeds nie wat dit beteken dat ek die moeilike hek gekies het nie ... ♡

DEUR RONEL NEL
GRAFIKA: JOHAN JACK SMITH



'N SENUTERGEDE ONDERVINDING:
93 DAE IN DIE HOËSORGEENHEID.

**“INDIEN JY OORLEEF,
IS DAAR 'N
ONGEKENDE FISIEKE
SWAKHEID EN 'N
PERMANENTE
SKADUWEE WAT JOU
VOLG. ELKE DAG. EN
VERAL ELKE NAG.”**



HOO' ÔS UNIQUENESS

'N NUWE GENERASIE
KAAPSSPREKERS, OF DAN EERDER
AFRIKAAPS, WIL TOESIEN DAT DIE
TAAL WAT HULLE SO LEKKER
PRAAT GROTER ERKENNING KRY ...


Dat Afrikaaps op teaterverhoë en in die woordkuns van kletsrymers en digters leef en vlerke kry, dis klaa' warrit soe is. Maar wat weet ons van hierdie variëteit van Afrikaans wat Kaaps is, maar tog ook nie?

Jan en Alleman wat die taal nou en dan hoor, beskryf dit as oulik, komies en *sweet*. Is dit maar 'n foefie – 'n taal wat uitgestal en op T-hemde, koffiebekers, verhoë en YouTube verkoop word? Onder taalgeleerdes is daar nie eenstemmigheid oor Afrikaaps en of dit werklik iets anders as Kaaps is nie.

Afrikaaps se praters stel dit onomwonde: Dié is 'n anderste manier van praat. Sy lê anders op die tong, klink anders op die oor en is vry soos 'n voël op 'n tak. Afrikaaps is die moedertaal van 'n nuwe generasie Kaapssprekers wat wil toesien dat hul taal, die taal waarin hulle droom, bid en klets, onder die sambreel van Afrikaans tot haar reg kom.

Maar Afrikaaps sit met 'n dilemma. Behalwe dat daar onder die breë publiek nie duidelikheid oor die nuwe variëteit nie, is jong sprekers skaam om dit buite hul vertroude omgewing te praat én daar hang dikwels 'n wolk van diskriminasie oor hulle.

Praat met onderwysers wat nog by van die min Afrikaanse skole op die Kaapse Vlakte skoolhou en hulle sal jou vertel die Afrikaapssprekende kind skaam hom vir sy moedertaal. Dit is maar een van die redes waarom groepe soos AfriKaaps op die been gebring is. Om die stigma wat steeds kleef aan variëteite van Afrikaans teen te werk. ►





Van Kaaps tot Afrikaaps

Kaaps is een van die oudste moedervariëteite van Afrikaans wat 350 jaar gelede in die mond van Kapenaars van uiteenlopende agtergronde gevorm is.

Die Genootskap van Regte Afrikaners is in 1875 gestig met die doel om Afrikaans te verhoog van spreektaal tot skryftaal deur die opstel van taal- en skryfreëls, die saamstel van woordeboeke en die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Verengelsing aan die Kaap is as 'n bedreiging vir Afrikaans gesien. Deur die standaardisering van Afrikaans is die wedyersydse invloed van wit en swart op die vorming van die taal misken, die taal is “gesuiwer” en variëteite soos Kaaps, Oosgrensafrikaans en Oranjerivierafrikaans is uitgesluit.

Kaaps is lank gesien as 'n kombuistaal, die taal van die onderdrukte en die bendes van die Kaapse Vlakte. Die hedendaagse sprekers dra steeds aan die las van die negatiewe koloniale en apartheidsbeeld van gamtaal, sê prof. Quentin Williams, medeprofessor in taalkunde aan die Universiteit van die Wes-Kaap.

“Maar dekades van navorsing oor die taalkunde van Kaaps en die gebruik daarvan op individuele en gemeenskapsvlak het bewys dat dit vir baie mense in Suid-Afrika 'n belangrike variëteit is,” sê hy. “Dit is die moedertaal van baie individue en gemeenskappe op die Kaapse Vlakte en verder. Omdat daar geen taalbeleid vir Afrikaaps geformuleer is nie, is daar geen moontlikheid om hierdie taalverskeidenheid rêrig 'n sterker plek in skole en universiteite te gee nie. Dit is om hierdie rede dat sprekers van Afrikaaps nie die ekonomiese en politieke potensiaal in die variëteit sien nie. Nog minder sien hulle Afrikaaps as 'n variëteit waarmee hulle mag, stemreg en mobiliteit kan uitoefen.”

Waar pas Afrikaaps in?

Williams sê dis 'n variëteit wat deur die generasie Kaapssprekers gepraat word wat ná 1980 gebore is. “As

hulle praat gebruik hulle 'n mengsel van Engels, Sabela of tsotsitaal [tronktaal], asook ander tale wat spruit uit die invloed van populêre kultuur en die gebruik van sosialemediategnologie [soos WhatsApp-taal].”

Afrikaaps is volgens hom net 'n taalkundige etiket, wat verwys na 'n ontluikende variëteit van Kaaps wat tipies in die Wes-Kaap en op sosialemediaplatforms gebruik word. “Dit is ook 'n etiket wat wys na die transformasie van klankpatrone, leksikale variëteit en grammatikale struktuur van Kaaps wat ons vandag beskou as 'n nuwe manier van praat en wêes.”

Hy sê Afrikaapssprekers wat op hierdie manier gedefinieer word, en veral dié wat deesdae in die Wes-Kaap gebore word, het tipies hierdie variëteit as moedertaal.

Dit word veral deur hiphop-kunstenaars en kletsrymers soos Jitsvinger (Quintin Goliath), Blaq Pearl (Janine van Rooy), Emile Jansen, Bliksemstraal (Charl van der Westhuizen), Monox (Moenier Adams) en Jethro Louw bevorder.

Jitsvinger sê: “Afrikaaps is die gom van die *marginalised* gemeenskappe in ons ongelyke en korrupte Suid-Afrika. Dis die murg in die ruggraat van die sogenaamde kleurling op soek na identiteit. Dis die petrolbom in die slagspreuke van talle werkloses en die kenmerk van oorspronklikheid in 'n uber-kommersiële vermaakwêreld.”

Omdat daar nog geen taal- of grammatikareëls vir Afrikaaps neergepen is nie – weens 'n tekort aan geld vir en data oor dié nuwe variëteit – is daar geen perke aan waarheen haar sprekers die taal vat nie.

In die klaskamer

“Afrikaaps is reg om in die kurrikulum ingewef te word. Inklusiewe onderrig,” sê Eric van der Byl, 'n Afrikaansonderwyser by die Laerskool Parkfields in Hanover Park. “Sodra Afrikaaps as eweknie beskou word, behoort dit die aanleer van Standaardafrikaans en Engels te vergemaklik.”

In sy skrywe *Afrikaanse dialekte in die klaskamer: Kô lat ôs praat*, wat op LitNet gepubliseer is, skryf Elvis Saal, medeprofessor in die departement Afrikaans en algemene literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika, die Afrikaans-klaskamer behoort dialekte te erken, terwyl leerders bemaagtig word om die standaardweergawe te bemeester. “Afrikaansonderwysers behoort te put uit die

“AFRIKAAPS IS DIE GOM VAN DIE MARGINALISED GEMEENSAPPE IN ONS ONGELYKE EN KORRUPT SUID-AFRIKA. DIS DIE MURG IN DIE RUGGRAAT VAN DIE SOGENAAMDE KLEURLING OP SOEK NA IDENTITEIT.”

ryk linguistiese struktuur van leerders se dialekte om hulle te help om Standaardafrikaans te bemeester,” sê hy.

Ria Olivier, projekbestuurder by die Afrikaanse Taalraad, sê hulle werk hard om ouers te oortuig hul kinders kan ander tale makliker bemeester wanneer hulle eers hul moedertaal onder die knie het. “Ons moedig ouers aan om nie weg te beweeg van Kaaps en Afrikaans nie, want deur dit te bemeester sal Engels makliker bemeester word.”

Daar moet nog kopskuiwe gemaak word, veral om Afrikaaps, meen Williams. “Ons het nog te make met negatiewe houdings en ideologieë van onderwysers en die breë publiek wat die insluiting van verskeidenheid in die kurrikulum en ander instellings kan belemmer.”

Taalpuriste mor

Nie almal is ewe opgewonde oor die variëteite van Afrikaans en dat Afrikaans inklusief moet wees nie. Dan Roodt, direkteur van Praag, sê die gedagte dat Afrikaans, waarteen die staat en groot ondernemings diskrimineer, sy karige private hulpbronne aan ’n nuwe mededinger soos Afrikaaps beskikbaar moet stel, steek hom dwars in die krop.

“Indien daar ’n Kaapse taalbeweging bestaan, is dit net reg dat sy lede self en met eie middele die taal as ’n kultuurtaal vestig. Immers het Afrikaans nie op Nederland geteer om hom te vestig nie. Aan die ander kant was Afrikaners nog nooit vyandig teenoor Nederlands nie; Afrikaans is eerder gesien as ’n soort verruiming van Afrika-Nederlands.

“Ek sal Afrikaaps ernstig opneem as daar byvoorbeeld 50 000 artikels in Afrikaaps op Wikipedia beskikbaar is; as daar 5 000 boeke daarin geskryf, geproeflees, uitgelê en gepubliseer is; as Homerus, Vergilius, Dante en Balzac in Afrikaaps vertaal is of as eietydse boeke uit Europese tale jaarliks by die dosyne in Afrikaaps vertaal en uitgegee word. ’n Mens het nie geld nodig om Wikipedia vol te skryf nie; net tyd en ywer. Wanneer sien ons die Kaapse Wikipedia?”

Ander, soos ene Johannes Comestor (skuilnaam), meen

WAT BETEKEN DIÉ AFRIKAAPSE WOORDE?

BREINSUIKER (naamwoord) wanneer jou libido *aroused* word deur iemand se *intelligence*.

“Ek smaak die breinsuiker wat jy sprinkel in jou humorsin.”

KAPA (werkwoord) om te duik of glip.

“Kapa met my tot by die dal.”; “Hoor hoe lekker kapa die waterval oppie rotse.”

NIA (werkwoord) om te adoreer, lief te hê, adoereer.

“Ek nla daai song oppie radio.”

variëteite is ’n besoedeling van ’n taal. Hy skryf in sy brief “Afrikaans: Drie werklikhede”, wat verlede jaar op LitNet gepubliseer is: “Kaaps word as ’n variëteit van Afrikaans beskou en daar word van die veronderstelling uitgegaan dat (die meeste van) die sprekers daarvan Kaapssprekers is. Dit is nie noodwendig die geval nie – baie (dalk die meeste) is (goed) bekend met, en dalk ook in ’n groot mate in staat tot Standaardafrikaans. Wat nodig is vir die bevordering van Afrikaans is dat Afrikaansinstellings alle Afrikaanssprekers tot taalsuiwerheid aanmoedig ...”

Toekoms van Afrikaaps

Organisasies soos die Afrikaanse Taalraad en die Afrikaanse Talmuseum is hard aan die werk om ’n bewustheid van Kaaps in al haar glorie te skep deur onder meer die aanbied van webinare soos “Die toekoms van Kaaps”, wat op Jeugdag gehou is.

Conrad Steenkamp, hoof van die Taalraad, sê enige gesprek oor die toekoms van Kaaps, of enige van die variëteite daarvan, gaan oor die toekoms van Afrikaans in sy geheel.

Oor Afrikaaps sê hy verdere gesprekke moet plaasvind waarin eksponente en voorstanders die breër publiek oor die “essensie” van Afrikaaps inlig. “Die sprekers van ’n taal het die reg tot selfdefinisie. Niemand kan vir enigiemand anders sê wát hul taal genoem word of hoe om hul identiteit te omskryf nie. Wat ons wel kan doen is om te sê dat daar verskillende opinies is, net soos in die geval van Oranjerivierafrikaans teenoor Gariepafrikaans. Ons sal ons uiteindelik deur die sprekers laat lei, iets wat egter gesprek verg.” Jitsvinger voel sterk daaroor dat Afrikaaps op gelyke voet moet meeding op politieke, ekonomiese, akademiese, wetenskaplike en kulturele vlak. “Spesiale voorsiening word gemaak om welsprekendes van ander tale op die voorgrond te plaas. Wat van Afrikaaps met al haar taaljuwele soos ’n aandrok by ’n gala wat die aandag van die skare beveel? Dis haar tyd.

“’n *Expression* soos Afrikaaps kan jy nie *fake* nie. Elke *rapper* kan uniekheid geniet soos ’n vingerafdruk. Afrikaaps verbind nasies dieper as die internet en skakel generasies soos die sleutelgat met dialek.”

* Sien ook die storie op bladsy 20 oor Veronique Jephtha en Afrikaaps.

DEUR MARETHA BOTES
ILLUSTRASIES: LOUIS VAN DEN HEEVER



WANNEER KUNS EN DIE GESKREWE WOORD TROU

Te midde van die Covid-19-pandemie, het die ATKV opnuut besef dat die volhoubare ontwikkeling van kuns en kultuur kernbelangrik is vir 'n gesonde samelewing. Navorsing het herhaaldelik bewys dat kreatiwiteit positiwiteit 'n hupstoot gee. Iets waarvan ons almal – oud en jonk – die afgelope paar maande 'n groot dosis nodig gehad het.

Die ATKV se eerste digitale kunskompetisie het aan deelnemers die geleentheid gegee om die prag van Afrikaanse digkuns op 'n kreatiewe manier visueel te interpreteer deur 'n oorspronklike kunswerk daarvan te skep.

Deelnemers het die beoordelaarspaneel beïndruk met die konsep vir hulle kunswerke, asook die emmersvol oorspronklikheid.

Kunswerke is hierop bepunt en, in 'n kleiner mate, op grond van tegniese vaardigheid.

Bekende Suid-Afrikaanse digters soos Jaco Jacobs, Ingrid Jonker en Antjie Krog was onder die gunsteling om jong kunstenaars se kunswerke te inspireer, terwyl Boerneef en Eugène Marais se digkuns die voorkeurkeuse was by volwasse kunstenaars.

Die wenner se kunswerke sal deel vorm van 'n digitale kunsuitstalling wat na afloop van die kompetisie deur die ATKV aangebied word.

Baie geluk aan elke deelnemer en wenner van die eerste aanbieding van ATKV-DigiKuns. Hou jou oor op die grond vir die tweede kompetisie!



BEELDHOUWERK

Sulize Hennig, 9 tot 12 jaar, geïnspireer deur die gedig "Kameelperd", digter onbekend.

COLLAGE

San-Marie van Niekerk, 5 tot 8 jaar, geïnspireer deur die gedig "See toel", geskryf deur Jaco Jacobs.



BEELDHOUWERK

Nua Doman, 5 tot 8 jaar, geïnspireer deur die gedig "Potkleimannetjie", geskryf deur C. Louis Leipoldt.




BEELDHOUWERK

Anouk vd Walt, 13 tot 18 jaar, geïnspireer deur die gedig "Sien", digter onbekend.

COLLAGE

Emma Bornman, 13 tot 18 jaar, geïnspireer deur die selfgeskrewe gedig "Jou oë".





COLLAGE

James Magee, 9 tot 12 jaar, geïnspireer deur die gedig "Suid-Afrika my hartland", geskryf deur Griet.



DIGITALE ILLUSTRASIE

Hildegard Schraader, 9 tot 12 jaar, geïnspireer deur die selfgeskrewe gedig, "Tippie-tone".



DIGITALE ILLUSTRASIE

Mia Marais, 13 tot 18 jaar, geïnspireer deur die gedig "Winternag", geskryf deur Eugène Marais.

DIGITALE ILLUSTRASIE

Chanelle Volschenk, volwassenes (26+ jaar), geïnspireer deur die gedig "Agterkamers", geskryf deur Marnus Breed.



FOTOGRAFIE

Joshua de Beer, 5 tot 8 jaar, geïnspireer deur die selfgeskrewe gedig "Yster van die plaas".





FOTOGRAFIE

Stefan Heyneke, 9 tot 12 jaar,
geinspireer deur die gedig "Ek
is nie nou hier nie", geskryf deur
Jaco Jacobs.



FOTOGRAFIE

Stefan Verhoef, 13 tot 18 jaar,
geinspireer deur die gedig "Dis weer
winter", geskryf deur Lukas Engelbrecht.



FOTOGRAFIE

Megan Coetzee, 19 tot 25 jaar,
geinspireer deur die gedig "Welkom,
vreemdeling vergetelheid", geskryf deur
Wilma Stockenström.

FOTOGRAFIE

Linda Brink, senior burgers (60+ jaar),
geinspireer deur die selfgeskrewe
gedig, "Waterspeël".



FOTOGRAFIE

Lindy Phaal, volwassenes (26+ jaar),
geinspireer deur die selfgeskrewe
gedig, "2020".





TEKEN

Adele van Zyl, volwassenes (26+ jaar), geïnspireer deur die gedig "Weemoed", geskryf deur D.J. Opperman.

TEKEN

Tiara Thompson, 13 tot 18 jaar, geïnspireer deur die selfgeskrewe gedig, "Kaalwoorde".



TEKEN

Lome du Plessis, 5 tot 8 jaar, geïnspireer deur die gedig "Maskers", geskryf deur Elzane Brand.



VERF

Liam Spies, 5 tot 8 jaar, geïnspireer deur die gedig "Polisieman Jan", digter onbekend.

TEKEN

Madri van Niekerk, 9 tot 12 jaar, geïnspireer deur die gedig "Die sokkievreter", geskryf deur Jaco Jacobs.





VERF

Abigail Cullen, 9 tot 12 jaar, geïnspireer deur die gedig "Ek het 'n huisie by die see", geskryf deur F.A. Fagan.


VERF

Rene Lubbe, senior burgers (60+ jaar), geïnspireer deur die selfgeskrewe gedig, "Soms in stille tyd".



VERF

Minante Jonker, 13 tot 18 jaar, geïnspireer deur die gedig "Ken jy die see...", geskryf deur Uys Krige.



VERF

Emily van der Linde, 19 tot 25 jaar, geïnspireer deur die gedig "Only one mother", geskryf deur George Cooper.

VERF

Elzeth Jacobs, volwassenes (26+ jaar), geïnspireer deur die selfgeskrewe gedig, "Vrye wil".





ATKV-DIGISKRYF HET VIR OUD EN JONK
DIE GELEENTHEID GEGEE OM MET HUL
PENNEVRUG TE SPOG. HIER IS DIE
WENSKRYFSTUKKE VIR JOU LEESGENOT.

* DIE SKRYFSTUKKE IS NIE GEREDIGEER
NIE EN WORD GEPUBLISEER SOOS WAT
DIT VAN DIE DEELNEMERS ONTVANG IS.

WIE NIE SKRYF NIE, WEN NIE!

Kitchen Dutch

Sawubona! Ciao! Goeiedag! Die mooiste groet is Afrikaans!

Afrikaans is 'n wonderlike taal met interessante spelling. Afrikaans, my taal, is 'n mengsel van vele tale.

My taal klink mooi op die oor en rol lekker van die tong. Afrikaans het met die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap ontstaan uit meestal Nederlands – 90 tot 95% van Afrikaanse woorde kom van Nederlands.

Daar is ook Duitse, Franse, Maleisiese, sowel as Khoisan-woorde en klanke. Afrikaans is eers “Kitchen Dutch” genoem en is beskou as 'n “swak” taal. Dit het die taal nie gestop nie.

Vandag praat meer as 17 miljoen mense wêreldwyd Afrikaans – 69ste op die lys van “100 Most Spoken Languages Around the World”.

Afrikaans is 'n pragtige taal, dis my taal, my trots, my herkoms en ek verkies Afrikaans bo enige ander taal. Ek leer, dink en droom in my taal.

Hamba kahle! Addios! Totsiens! Wees gegroet in elke taal, veral in die mooiste taal – Afrikaans!

– MILKA NIEUWENHUIS

(IN DIE KATEGORIE GRAAD 4 TOT GRAAD 5)

Die magtige dreuning van die ATKV se 90ste bestaansjaar

Hoor jy die magtige dreuning? Oor die veld kom dit wyd gesweef: die lied van 'n volk se ontwaking, wat harte laat sidder en beef ...

Kan jy dit voel? Dit is die ATKV se 90ste bestaansjaar! Hartlik geluk! 'n Organisasie om op trots te wees, wat ons mooiste moedertaal – Afrikaans – beskerm en bevorder.

Die ATKV bied talle geleenthede vir oud en jonk. Opwindend, innoverend met een doel voor oë: om 'n liefde te kweek vir tale en Afrikaans vlerke te gee!

Vakansies, vure wat brand, Hartenbos, die see en menigte kompetisies is van my kosbaarste herinneringe. Julle voel soos familie en laat my hart warm klop vir Afrikaans.

Eers was dit net 'n sagte geritsel in die wind; nou is dit 'n magtige dreuning! Mag julle van krag tot krag gaan en mag die Here julle ryklik seën.

Van 90 jaar gelede tot nou,

ATKV – ek's trots op jou!

Hou aan handhaaf en bou, ons sal jou ondersteun – onthou.

Hoor jy die magtige dreuning?

– ABIGAIL CULLEN

(IN DIE KATEGORIE GRAAD 6 EN GRAAD 7)

Nege dekades

'n Bestaansjaar van nege dekades. Een dekade weg van 'n eeu. Alles het begin deur 'n saadjie wat geplant is as 'n idee en het ontkom in een van die grootste verenigings regstreeks.

220 000 mense word ingesluit in al die wonderlike projekte wat aangebied word. Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), gee kultuur vlerke; dit bied 'n platform vir alle ouderdomme om hul gawes prys te gee of dinge te beproef.

Die ATKV bou al vir nege dekades aan die Afrikaanse taal sonder enige mislukking.

Mense droom om die goedkeuring van die ATKV te ontvang. Vandat hulle jonk is, droom aspirantdigters of -skrywers om eendag 'n Woordveertjie te ontvang en hul gawes met die wêreld te deel.

Akteurs en aktrises kry die kans om hul loopbaan betyds te loods deur die Tienertoneelprojek en toekomstige politieke leiers word gebore in die debat- en redenaarskategorie.

Met swetende hande staan mens voordat jy bepunt word

en voel die verligting wat deur jou are swem indien jy na die tyd net 'n glimlag van 'n beoordelaar ontvang.

Nadat mens jou skryfwerk instuur, sit jy en jou familie hande gevou totdat jy die uitslae ontvang het. Skrywers se loopbaan begin tóg by die ATKV se skryfkompetisies.

'n Uitgawe van die *Taalgenoot* maak seisoenaal 'n verskyning in mense se lewens en verlig mens se donker tye. Mens kan agteroor sit, ontspan en merkwaardige artikels se woorde oor jou laat vloei. Mens lees artikels oor interessante, unieke onderwerpe, wat jou verbeelding vrye teuels gee.

Die ATKV is 'n veilige tuiste vir elkeen van ons. Vir nege dekades bied hulle vir ons 'n kultuurtuiste, waar ons veilig kan voel. Afrikaansliefhebbers kan elkeen bymekaar kom.

Die ATKV bied 'n platform vir leer en probeer, hulle bied 'n stem vir 'n diversiteit van mense en verbind elkeen wat lief is vir die Afrikaanse taal.

Met harde werk, kan hulle na nege dekades stéeds die vrugte van die boom pluk.

– BIANCA VAN DER WALT (IS EEN VAN TWEE WENNERS IN DIE GRAAD 8- TOT GRAAD 9-KATEGORIE)

Die skrif teen die spieël

Anneke sit teen die parkie-eikeboom. Om haar sweef verbygangers se woorde, asemwolkies in die yskoue oggendlug. In haar kop dwaal gedagtes in duisende rigtings, tref mure van ongeslypte woorde en sinne wat sy self nog nie verstaan nie. Nou en dan stop iemand om te groet, maar loop verbysterd weg wanneer slegs stilte teruggroet.

Dit hang oor haar, agtervolg haar soos 'n skaduwee, hierdie vloek wat haar lewe oorgeneem het. Blaartjies reën troostend op haar neer.

Ná 'n rukkie staan sy op en dwaal doelloos paadjielangs, oorfone in haar ore, klanke wat soos golwe oor haar spoel. Verby die winkel waar sy niks kan bekostig nie en die skool wat haar ouers (nou ook slegs skimme) nie kon bekostig nie.

Sy was nog altyd lief vir taal – háár taal. Van kleins af was dit al waarna sy geluister het, waarin sy gedink en gedroom het. Dit bekoor haar om vir skamele oomblikke te vergeet van haar rigtinglose toekoms en gebroke lewe. Hoe ironies dat die een persoon wat deesdae nog enigsins waardering vir die pragtaal het, die onvermoë het om dit uit te leef.

Dis al donker toe sy uiteindelik by haar woonstel instrompel. Sy val op haar bed, staar na die dak soos telkemale tevore. Verby die muf en enkele gloeilamp sien sy woorde van allerhande vorms en groottes in die lug dryf. Asof sy net haar hand moet uitsteek, alles gryp wat haar inspireer en dit vinnig aanmekaar weef om alles wat sy ooit voel uit te blaker.

Sy raak opgewonde, besef dat haar mond onwillekeurig die woorde vorm.

Wanneer daar telkens net stomme stilte volg, ruk sy terug na die werklikheid, staan teësinnig op en stop voor haar spieël. Sy raak vir die eerste keer bewus van die notaboekie daarby. Deur haar rou oor haar gebrek, het sy nooit gedink om haar stem só te laat hoor nie!

Sy weet dis onmoontlik, maar haar hart bly hoop dat sy eendag haar eie stembande sal hoor. Vir nou, pen haar vinger 'n enkele aanmoediging teen die spieël waar die verwarmer haar weerkaatsing toewasem: Afrikaans is vir almal – jou ook.

– MIA LE ROUX (IS EEN VAN TWEE WENNERS IN DIE GRAAD 8- TOT GRAAD 9-KATEGORIE)

Afrikaans ... my lewe

Flaterwater. Kafoefel. Wispelturig. Karnallie!

Roekeloos ... rondomtalie, bollemakiesie! Swerkater! Asemrowend! Afrikaans is 'n kleurvolle taal. Dit is die taal waarin ek lag, die taal waarin ek droom, die taal waarin ek bid.

Afrikaans is my identiteit. Die vars oggendreuk kielie my neus. Ek sien die stalletjies, met biltong en boeretrouers. Fees word gevier. Almal lag en gesels in die taal wat al vir 425 jaar lank gebruik word. Dít is Afrikaners!

Ek is omring met protea- en springboktafeldoeke, stroopsoet koeksisters, melkert en Afrikaners ... My mense. 'n Afrikaansfees is 'n magneet wat mense aantrek. Dit is nie net Afrikaanssprekendes wat deel het aan Afrikaans nie, maar 'n roesemoes gemeenskap wat dit as hul eie kultuur aangeneem het.

Mense van enige taal van heinde en verre word betrek om deel te hê aan hierdie unieke, passievolle taal. Almal lag, gesels en kuier saam in dieselfde taal – ons hartstaal.

Die son het nog nie eers begin om sy kop te knik nie, maar die tyd vir braai het aangebreek. Die tjoppies fluit op die oop vuur.

Gesinne van noord en suid en landswyd kuier saam aan tafel. Hartsvriendskappe word in die knetterende vlamme van die vuur gesmee. Om nie te glo dat Afrikaans mense saambring nie, is soos om die slaap te probeer vermy. Die waarheid wen altyd.

Die braaivleis word binne sekondes verorber. Tuisgemaakte botter sytel in die stomende roosterkoeke in. Biltong – 'n stukkie uit ons verlede – verdwyn in 'n oogwink. Melkert (wat as nagereg gekies word) sluit die perfekte dag af.


Soos die man op die maan sy lig aanskakel en ons Luna sigbaar word, die dou op die gras vorm en die aandluggie koel deur jou klere sny, breek 'n nuwe dag aan.

Douvoordag begin die boere om hul Kalahari-Ferrari's reg te kry vir die lang rit huiswaarts. Natuurlik, word vetkoeke vir oulaas vir die pad gekoop.

Afrikaans is nie net die taal wat my voorouers gepraat het nie, dit is nié net die taal wat my moeder praat nie. Afrikaans is dié taal waarin ek lag, die taal waarin ek droom, die taal waarin ek bid. Afrikaans is my identiteit.

– MARÍ VENTER

(IN DIE KATEGORIE GRAAD 10 TOT GRAAD 12)



Ouma se geheim

Haar kombuis ruik soos anysbeskuit en moerkoffie en ek kan my verwonder aan haar boekrakke met werke van Adam Small, Ingrid Jonker, Irma Joubert en Hemelbesem om maar net 'n paar te noem.

Op haar mure hang foto's van ons by verskeie feeste. Daar is ons saam met Anna-Mart by die KKNK en hier is 'n selfie van ons twee in die gehoor van Emo se konsert by Aardklop.

Dis terwyl ek my nog so verwonder aan die herinneringsflitse toe ek ouma hoor sê: "Kom my kind, kry solank die album. Ek sit die ketel aan. Ek kan sien jy is bietjie nostalgies, maar moenie bekommerd wees nie dit kom ons almal oor hier rondom verjaarsdae."

'n Paar minute later sit ons elkeen met 'n beker stomende koffie in die hand op haar blou bank en ons slaan die ou leer omslag oop. Die kiekies neem haar terug na haar geboortedag waarlangs 1930 staan.

"Dit was moeilike tye," sê sy. "So midde in die resessie, maar my ouers was tawwe mense wat 'n pad sou bou waar daar nie een is nie en as dit nie daarvoor was nie was ek sekerlik nie hier vandag nie."

Dan blaai ons om en sien ouma as agtjarige op 'n perd se rug in 'n oop veld.

Sy sê: "Jy sien daardie oop veld is vandag die tuiste van die Voortrekkermonument, maar daardie dag is die hoeksteen van die gebou gelê."

'n Paar bladsye later kom ons op 'n foto af waar sy saam met 'n klompie mense poseer vir 'n foto met 'n trofee en langs die foto staan "Die eerste van baie Cresendo-kompetisies".

Ons sien ook 'n foto van haar wat my ma se hand vashou met haar eerste Tienertoneelkompetisie. Die heel laaste foto is van ons en ons kampbure, die Januaries, se kampvuurkonsert op Hartenbos verlede Desember en soos altyd is ouma voor in die koor.

Later die aand kyk ons 'n flik van 'n vrou wat se liggaam weens elektriese skokke wat sy opgedoen het nie ouer kon word nie en dit laat my dink aan ouma.

Sy is miskien 90 jaar oud en sy het die vermoë om jou al haar wonderlike herinneringe van die afgelope 90 jaar te vertel, maar sy het ook die wonderlike vermoë om haar gees jonk en nuut te hou.

Sy verstaan my ma wat 55 jaar oud is net so goed soos sy vir my verstaan wat 'n student is. Nou die dag het ek haar gevra hoe sy dit regkry en haar antwoord was eenvoudig: "Luister my kind, luister. Almal – oud of jonk, wil net voel hulle word gehoor en waardeer."

Hierdie woorde bly my vandag by waar ons ouma se 90ste verjaarsdag vier. Kompleet met 90 kersies wat my wil laat uitroep: "Hugo, bel die brandweer!"

Hierdie woorde is ouma ATKV se geheim, want sy laat jou altyd voel asof sy na jou wil luister, jou wil verstaan en jou waardeer ongeag wie jy is.

– ELBE VAN DER MERWE
(IN DIE KATEGORIE VIR STUDENTE)



Afrikaans vir Almal

Ek staan by die kasregister in die supermark. Ek laai my koffiebone op die toonbank soos die jong dame agter my na die voorblad van 'n glanstydskrif beduie waarop 'n blonde prikkelpop pronk.

"Check 'it uit, mô", sê sy in haar swaarste Pretoria-aksent. "Kyk hoe *awesome* lyk haar hare. Dink Mô nie ek sal *great* lyk met so 'n *pony* nie?"

Ek sug, lui my inkopies op en stoot die waentjie na my kar toe terwyl ek die woorde van die gerekende Afrikaanse-historikus, Fransjohan Pretorius, herroep.

Hy het gesê dat Afrikaans se meesterverhaal nie moet word soos 'n klippie wat jy in 'n plaasdam gooi nie: "Dit maak vir 'n tyd lank rimpels, maar mettertyd skuif die rimpels uit en verdwyn."

As mens die interaksie tussen die ma en haar taalvermengende tiener moet neem as maatstaf, steek daar beslis waarheid in hierdie stelling. 'n Waarheid wat jou laat vrees vir die behoud van Afrikaans. 'n Taal wat in die twintigste eeu gegroei het van 'n jong Nederlandse dialek na 'n volwasse akademiese taal met volmondwoorde soos steekproefkorrelasiekoëffisiënt en gespikkelde-miniatuurgroentekewer.

Ek sit later op die stoep met 'n koppie boeretroos en doop 'n stafie karringmelkbekuit in die pikswart mengsel en dink "Basta! So 'n negatiewe houding staan my glad nie aan nie."

Afrikaans as akademiese taal is gewis in gedrang, maar as 'n taal wat hartsnare roer met poësie, prosa en musiek, is Afrikaans nog lank nie onder die kluite nie.

Sels al word die volk wat die taal praat, wêreldwyd gespat deur die aanloklikheid van groener weivelde in Kanada, Australië en die grys en grou Verenigde Koninkryk.

Soos ek die saak sien, sal Afrikaans eers in gedrang kom wanneer ouers ophou om volksliedjies uit die FAK vir hul kinders te sing. ►

Die laaste stuiptrekkings sal eers kom wanneer tienerseuns ophou om liefdesbriewe aan blomende dames te skryf.

Werklik, die witvlag sal eers gehys word wanneer die laaste Afrikaner ophou om die volslae vreugde en ware wonderlikheid te ervaar van nuwe woorde skep vir 'n nuwe wêreld.

Afrikaans se behoud rus dus nie op die skouers van die handjievol akademici wat die taal stylgetrou toepas nie.

Dit rus eerder in die hande van Jan en San Alleman wie die taal gebruik en soms ter wille van eksperimentasie en vernuwing – misbruik. Maak g'n fout nie, dit is nie altyd maklik nie en ons moet harder

werk as die dame in die winkelsentrum wat woorde soos “fantasies” en “asemrowend” opsy skuif vir hul Engelse eweknieë.

Die feit dat die Afrikaanse volk nou meer wyd verspreid as ooit is, is ook 'n geleentheid. Ons kan van Kaapstad na Calgary en van Pretoria na Perth elkeen klein klippies van Afrikaans in die see gooi.

Ons kan woorde aan volksvreemde tale leen en inspirasie uit ander se volksmond put. Sodoende kan Afrikaans se rimpelings in golwe verander en werklik 'n taal vir almal wees en bly.

– CHARL COWLEY

(IN DIE KATEGORIE VIR VOLWASSENES 25+)

Ligloop vir slagspreuk-slaggate

Van al die verkoopstegnieke wat suksesvol ingespan word, is 'n slagspreuk seker die gewildste. “Afrikaans vir Almal” lê gemaklik op die tong. Dis klankryk, met so 'n ietsie van assonansie en 'n bysmakie van populisme.

Met die regte grafika daarby sou dit só maklik 'n geslaagde slagspreuk kon wees. Maar 'n slagspreuk sonder 'n geloofwaardige onderbou kan maklik 'n slaggate word.

Die 1987 HNP slagspreuk “Bly Blank, my Volk” versprei dekades later steeds 'n bitter walm, terwyl daar meer onlangs 'n morele storm losgebars het oor Reebok se advertensiemantia “Cheat on your girlfriend, not on your workout.”

“Afrikaans vir Almal” vra dus dat ons taal moet ligloop vir slaggate: 'n taal wat gemaklik 'n vlaktepadd trap, wat 'n klipperige bergpas kan aandurf, en wat in die sand 'n duidelike voetspoor kan los.

Só loop 'n taal 'n vlaktepadd: met gesellige gemeenskapheid. Die taal proe palet-pikant, met die talmende nostalgie van eertydse lourierblare en vinkel, en met 'n lekker pittige peperbyt van humor.

Dis kruierik, maar nie oormatig gekrui nie; plattelandse, maar nie platvloerse nie (Casper de Vries, hou verby!). Die taal is gul en gasvry: dit het plek vir halaal, Hajj, halala Afrika, hosanna en hallelujah. Die taal kan grom en gasgee, kan troos en sus. Dit omsluit die borrelende geesdrif van Emo Adams se Shongololo Shuffle, dit kopknik saam met die ritmiese woordvernuf van Hemelbesem, dit drenteldroom saam met Coenie de Villiers. En die taal is hutsmerk cool, oukei!

Só klim 'n taal 'n klipperige bergpas: met ontsag en empatie en eerlikheid. Dit erken die eerste publikasie in 1845 in Afrikaans: 'n Arabiese-Afrikaanse geskrif, die Gabomatliem.

Dit verwerp “hulle” en “ons” drogredenansies. Dit kies bemiddeling bo hofsake. Dit is losgewikkel uit die doringtakke van Bloedrivier, gesuiwer deur Sharpeville en die Soweto-opstande, en staangemaak in Distrik Ses.

Die taal praat Pretoriaans en Kaaps. Dit is sielgewortel in

die grond, saam met dr Mathews Phosa. Dit sê saam met NP van Wyk Louw die heilige, nooit-gehoorde dinge wat flikker om die grense van ons duister woorde, én erken saam met Nathan Trantraal die gif in vergifnis, wat ôs ammel siek gemaak het.

“Afrikaans vir Almal” moet ook 'n duidelike voetspoor laat vir ons land se kinders en ons kinders se kinders. Dit vra suiwer kommunikasie. Dit vra wedersydse respek vir elkeen se taal van heimat en heimwee. Dit vra ook 'n kindervriendelike leeromgewing.


Die kurrikulum vir Afrikaans as Eerste Addisionele Taal (wát vir 'n bekvol is dit?) behoort klakkelose taalleer uit te gooi.

Wat gaan kennis van voornaamwoorde, persoonlik, onpersoonlik, aanwysend en ... bid jou aan ... betreklik (vir negejariges!) ons help om Afrikaans toeganklik te maak vir ander taalgroep-kindere?

Hier waar dit nie meer net Sus en Daan is wat maats is nie, maar ook Sus en Sizwe, en Daan en Desai. Die daaglikse voorlees, memoriseer en giggelgeniet van Jaco Jacobs se verseboek *Moenie hierdie boek eet nie* sal 'n veel meer sinvolle leerervaring wees!

Afrikaans vir Almal ... ja, inderdaad. Vryvoetig in verskeidenheid op die vlaktepadd van elke dag se omgaan, eerbaar met integriteit op die klipperige bergpas van inklusiwiteit, en met 'n duidelik-volgbare spoor in die sand, wat lei van gister na môre. 'n Slagspreuk sonder snelstrikke, sonder slenters, en veral ... sonder slaggate. ♡

– LINDA BRINK (IN DIE KATEGORIE VIR SENIOR BURGERS)



ATKV-TIENERTONEEL FINAAL 2020

SKAKEL AANLYN IN VIR DIE
ATKV-TIENERTONEELFINAAL!

14 November 2020 | 18:00

Op die ATKV se sosialemediaplatforms:



@ATKVSA



ATKVBemarking

Stem vanaf **19 Oktober** vir jou gunsteling via die ATKV se webwerf en skakel regstreeks in op **14 November** om te sien wie as vanjaar se wenner gekroon gaan word.

Hierdie aanlyn produksie gaan jou skerm laat ontplof met vanjaar se **TOP 10-Tienertoneeltalent**.

Die tekste is vernuwend en die stemme helder.

KOM DEEL IN 'N FEES VAN TALENT.

Die ATKV-Tienertoneelfinaal word met trots na jou gebring deur:

NETWERK24

one★book

Appointments quick & easy


JAKKALSVLEI
PRIVATE CELLAR


YANAGEMENT
GLOBAL SUPERIOR FACILITY AND PROPERTY MANAGEMENT

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

Forever Friday
our seeds grow forests



'N VERENIGING BELOON SY LEDE

ELKE ATKV-TAK SPEEL 'N ONMISBARE ROL IN SY GEMEENSKAP EN HELP VERSEKER DAT DIE ATKV SE WERK OP KUNS-, TAAL-, GEMEENSKAP- EN ONDERWYSGBIED NIE STOOM VERLOOR NIE. VERSKEIE TAKKE HET ONLANGS PRYSE ONTVANG VIR HUL HARDE WERK ...

Al is ons lewe die laaste paar maande op sy kop gekeer, het ATKV-takke in die tyd van die pandemie steeds hoop gebring en 'n verskil in hul gemeenskappe gemaak.

Op die Kaapse Vlakte woeker die plaaslike tak met sy rieldansgroep ten spyte van die voortslepende bendegegeweld en werkloosheid daar. In Mosselbaai fokus die ATKV-tak Langsous op die welstand van leerders in sy gebied, terwyl die Comienzo-tak, aan die verre Wes-Rand, lees bevorder deur elke weeksgogend 'n "lees-uur" by laerskole in die omgewing te hou.

Een ding is seker, van noord na suid en van oos na wes is die ATKV se takke onverpoos besig om Afrikaans en die kunste te bevorder en terselfdertyd verligting in hul omgewing te bring.

Die vereniging se takke speel op vele terreine in Suid-Afrika en Namibië 'n groot rol daarin om gestalte te gee aan sy missie en visie. Met van die kleinste tot die grootste projek slaag takke daarin om die ATKV se voetspoor te vergroot en aan mense 'n kultuurtuiste in Afrikaans te bied. Daarom is dit belangrik dat takke die erkenning kry wat hulle toekom.

Sonél Brits, besturende direkteur van ATKV-MSW, sê die ATKV se takke is die "uitvoerders" van die vereniging se gemeenskaps-betrokkenheid.

Een van sy hoofdoelwitte is dat die ATKV, en veral die takke, 'n katalisator vir hoop en verandering in hul gemeenskap word sodat elke gemeenskap homsêlf kan begin verander.

Die vereniging het sy takke oor die land heen vanjaar in die volgende kategorieë met pryse beloon: Takke met 'n baie hoë graad van funksionaliteit; takke wat met projekte nasiebou of lees bevorder; en takke wat 'n gehalteprojek aanbied wat in pas is met een van die ATKV se fokusareas – taal, kuns, gemeenskap en onderwys.

Hoewel ons 'n hele tydskrif sal kan vul met die wonderlike projekte wat vanjaar deur takke bedryf is, kan ons nie elkeen noem nie. Die onderskeie streekbestuurders het dus hul hoogtepunte uitgelig.

DIÉ TOPPROJEKTE HET NASIEBOU OF LEES BEVORDER

ATKV-tak Comienzo (Randfontein)

Comienzo het vanjaar met 'n projek begin waarin hy elke oggend 'n lees-uur by laerskole in Randfontein aangebied het. In daardie uur het

taklede aan die leerders voorgelees. Die kinders het ook die geleentheid gehad om "leeshoekies" in te rig en aan mekaar voor te lees. Comienzo deel ook amper elke week kospakkies en klere uit.

ATKV-tak Empangeni

Dié tak in KwaZulu-Natal het besluit om 'n verskil te maak in die lewe van Makhosazane Phumzile Gazu – 'n Zoeloesprekende vrou van Esikhaleni. As enkelma van ses kinders doen sy naaldwerk om die pot aan die kook te hou. Haar naaldwerkmasjien het egter begin ingee en Empangeni het haar nie net met 'n nuwe masjien verras nie, maar ook met kruideniersware en smulkos.

"Die gevoel wat 'n mens kry wanneer jy gee sonder om te terug te ontvang, is beslis regte kos vir die ►



DIE ATKV-TAK
COLESBERG
WOEKER MET SY
LOOP VIR
HOOP-PROJEK.

JAN BRAND HET
'N IDIOOM-PLAK-
KAATKOMPETISIE
GEHOU
WAARAAN
LEERDERS VAN
LADYBRAND EN
CLOCOLAN SE
LAERSKOLE
DEELGENEEM HET.



“DIE ATKV SE TAKKE SPEEL OP VELE TERREINE IN SUID-AFRIKA EN NAMIBIË ’N GROOT ROL DAARIN OM GESTALTE TE GEE AAN SY MISSIE EN VISIE.”



DIE ATKV-TAK ATLANTIS HET IN SAMEWERKING MET DIE PLAAS-LIKE LAERSKOLE MET LEESWERK-SESSIES BEGIN.

ATKV-TAK GEMEENSAP-TEATER HET DIE PRODUKSIE *HANNA* AANGEBIED.



OM DIE JONG-MENSE UIT DIE KWAAD TE HOU HET DIE ATKV-TAK WESBANK SY EIE RIELDANS-GROEPIE BEGIN.

siel,” sê Jaco Schutte, takvoorsitter.

ATKV-tak Colesberg

Dié tak woeker met sy Loop vir Hoop-projek. Dié staptog ten bate van kankerlyers is ’n hoogtepunt op Colesberg se kalender en ’n inspirerende manier om die jaar mee te begin – veral wanneer 150 deelnemers hul stapskoene daarvoor aantrek.

Colesberg bied ook jaarliks op 16 Desember ’n *Kerssang by Kerslig*-geleentheid in die buitelug aan.

HIERDIE TAALPROJEKTE IS BOBAAS

ATKV-tak Vorentoe (Soweto)

Die ATKV-tak Vorentoe se Afrikaans in Soweto (Afrikaans vir Almal)-projek is daarop gemik om aan die deelnemers (van jonk tot oud) op ’n informele manier selfvertroue in Afrikaans te gee.

Die deelnemers kom weekliks vir twee uur by verskeie sentra in Gauteng bymekaar om Afrikaans te praat, te dans en te sing.

ATKV-tak Paulpietersburg

Dié tak het ’n geleentheid aangebied waarop hy erkenning gegee het aan die plaaslike skrywer Corné van Rooyen, wat haar tiende boek, *Robynprinses*, by LAPA Uitgewers uitgegee het. ’n Aansit-ete is bedien en Corné het R1 000 en ’n sertifikaat ontvang.

ATKV-tak Jan Brand (Ladybrand)

Jan Brand het ’n idioom-plakkaatkompetisie gehou waaraan leerders van Ladybrand en Clocolan se laerskole deelgeneem het. Die leerders kon in enige medium ’n idioom op ’n plakkaat uitbeeld. Twintig LAPA-boeke en kontantpryse is aan die

wenners oorhandig, asook 40 troosprijs aan al die naaswenners. Elke leerder het ook 'n sertifikaat van deelname ontvang.

ATKV-tak Atlantis

Dié Weskus-tak het besef dat kinders van die omgewing weens 'n leesagterstand nie goed vaar op skool nie.

Die tak het in samewerking met die plaaslike laerskole met leeswerkssessies begin en volgens die terugvoering kon die skole 'n aansienlike verbetering by die kinders opmerk. Nie net hul leesvermoë het verbeter nie, maar ook die dissipline in die klaskamer.

HULLE LAAT DIE KUNSTE SEËVIER

ATKV-tak Durban

Dié tak het 'n "interkulturele" wynproegeeentheid aangebied waartydens Suid-Afrikaanse wyne geproe is en 'n wynkenner het meer oor elke versnit vertel. Daar was tradisionele Italiaanse kos op die spyskaart en tradisionele Italiaanse musiek is op 'n trekklavier gespeel. 'n Kunsuitstalling was ook deel van die geleentheid, wat deur 125 mense bygewoon is.

ATKV-tak Gemeenskapsteater (Bloemfontein)

Dié tak het die produksie *Hanna* aangebied. Die teks is deur Maretha Maartens geskryf en Louis Britz se Psalmberymings is as liedere gebruik. Susan Coetzer was in die naamrol te sien. *Hanna* is die grootste Afrikaanse gemeenskapsteaterprojek in Suid-Afrika en meer as 80 akteurs, sangers, dansers en ekstras was op die verhoog te sien.

Terwyl die hoofrolle deur heeltydse akteurs vertolk word, is lede van die plaaslike gemeenskap in die kleiner rolle te sien. Drie opvoerings was in



DIE ATKV-TAK FICKSBURG IN DIE OOS-VRYSTAAT HET 'N PRYS ONTVANG VIR SY OM DIE WÊRELD ETE-PROJEK.

die Sand du Plessis-teater op die planke en dit is deur 2 257 teatergangers bygewoon.

ATKV-tak Wesbank (Kaapse Vlakte)

Dié tak is twee jaar gelede gestig as teenvoeter vir die benedegeeweld, werkloosheid en armoede daar. Om die jongmense uit die kwaad te hou het die tak sy eie rieldansgroepie begin en het met sy tweede probeerslag in die ATKV se Rieldanskompetisie met die louere weggestap.

HULLE PROJEKTE DRA DIE GEMEENSAP OP DIE HART

ATKV-tak Kosmosrand (Secunda)

Kosmosrand is vir sy projek *Trippe Trappe Trone*, Kouse vir jou Tone vereer. Dit behels die insameling van kouse vir minder bevoorregte kinders in koshuise in Secunda en die omliggende gebied.

Nog 'n projek heet *Omgee-kos* en daarin word gesinne gesteun wat weens een lid se verswakke gesondheid nie vir hulself of hul gesin kan kos berei nie.

ATKV-tak Ficksburg

Dié tak in die Oos-Vrystaat het 'n prys ontvang vir sy Om die wêreld ete-projek, waarin daar gesmul is aan die heerlikste geregte van oor die wêreld heen. Uiteenlopende koskulture is van naderby leer ken en waardering is geskep vir elkeen se andersheid, maar ook eendersheid.

ATKV-tak Rhénosterberg (Middelburg, Oos-Kaap)

In sy #Weesdieverskil-jeugprojek het dié tak daadwerklik opgetree om te keer dat jongmense ledig is. 'n Opstelkompetisie, loopbaan-ontwikkelingsgeleenthede is aangebied en daar was selfs springmielie-fliekaande, waartydens tieners terselfdertyd bewus gemaak is van die gevare van dwelmgebruik. Die kunste word bevorder deur teater na die gemeenskap te neem tydens "talentaande".

HIER IS DIE TOPONDERWYS-PROJEKTE

ATKV-tak Langsous (Mosselbaai)

Langsous is beloon vir sy fokus op die welstand en ontwikkeling van leerders in die Mosselbaai-omgewing. Die lede het skryfbehoeftes en kos aan leerders

voorsien en gehelp met leesontwikkeling en die bied van taalhulp. Skryfgeletterdheid is in skryfkunsprojekte bevorder.

ATKV-tak Spandaukop (Graaff-Reinet)

Spandaukop het in samewerking met Graaff-Reinet se jeugtakke (Volksmond, Kletsers sonder Grense en Graaffies) 'n "dinamiese beroepsaand" aangebied. Sowat 400 leerders van drie skole het dit bygewoon en 35 beroepe is bespreek. As deel van die verrigtinge kon leerders op bepaalde loopbane fokus en met 'n kundige daaroor gesels.

DEUR JACQUES MYBURGH

HIER IS 'N VOLLEDIGE LYS VAN TAKKE WAT VANJAAR VEREER IS VIR HUL HARDE WERK EN TOEWYDING:

TAKKE MET 'N BAIE HOË GRAAD VAN FUNKSIONALITEIT

Gauteng en Limpopo

ATKV-jeugtak Mondjievool en ATKV-tak Vereniging!

Gauteng en Mpumalanga

ATKV-jeugtak Jonge Bomme en ATKV-tak Arendsnes!

Noordwes, Noord-Kaap en Namibië

ATKV-jeugtak Naba en ATKV-tak Klerksdorp!

Vrystaat

ATKV-jeugtak Vooruit en ATKV-tak Gemeenskapsteater!

Oos- en Suid-Kaap

ATKV-jeugtak Annibrand en ATKV-tak Oudtshoorn & ATKV-tak Sonneblom (deel toekenning)!

KwaZulu-Natal en Oos-Vrystaat

ATKV-jeugtak Vrede Vonk en ATKV-tak Glencoe!

Boland en Karoo

ATKV-jeugtak Calvies en ATKV-tak Wellington!

Die Skiereiland en Weskus

ATKV-jeugtak Parel Vallei en

ATKV-tak Overberg!

Noord-Oos-Kaap

ATKV-jeugtak HSD Delf Diep en

ATKV-tak Rouxville!

TAKKE WAT MET PROJEKTE NASIEBOU OF LEES BEVORDER HET

Gauteng en Limpopo

ATKV-tak Ennerdale Baanbrekers vir 'n leesprojek by die Primêre Skool Mid-Ennerdale.

Gauteng en Mpumalanga

ATKV-tak Comienzo het vir twee weke elke oggend 'n uur lank vir kinders van Randfontein-laerskole gelees.

Noordwes, Noord-Kaap en Namibië

ATKV-tak Kathu het 'n boek met verhale oor die Kalahari gepubliseer.

Vrystaat

ATKV-tak Wesselsbron oorhandig sertifikate – "Dankie dat jy my in Afrikaans bedien" – aan besighede.

Vrystaat

ATKV-tak Philippolis bied 'n lentestap aan om die "inwyding" van die nuwe brug tussen Philippolis en Poding-Tse-Rolo te vier.

KwaZulu-Natal en Oos-Vrystaat

ATKV-tak Empangeni verras 'n enkelma van ses op Mandeladag met 'n nuwe naaldwerkmassien om haar besigheid uit te brei.

Oos- en Suid-Kaap

ATKV-tak Sommer Net Ons word vereer vir sy holistiese ontwikkeling van gemeenskapslede van Pacaltsdorp.

Boland en Karoo

ATKV-jeugtak Kultuurmafia samel 500 kg se boeke in en oorhandig dit aan drie instellings.

Die Skiereiland en Weskus

ATKV-tak Ubuntu help 'n ander tak om 'n uitstappie vir bejaardes moontlik te maak.

Noord-Oos-Kaap

ATKV-tak Colesberg bied 'n loop vir hoop aan om 150 mense te motiveer en inspireer.

TAKKE WAT 'N GEHALTE-PROJEK TEN OPSIGTE VAN DIE ATKV SE VIER HOOFFOKUSSE AANBIED: TAAL

Gauteng en Limpopo

ATKV-tak Suid-Gauteng-Spanredenaars vir sy kompetisie wat 440 sprekers en 2400 toeskouers lok.

Gauteng en Mpumalanga

ATKV-tak Vorentoe se Afrikaans vir Almal-projek is met 'n toekenning van die Taalraad vereer vir die bevordering van Afrikaans.

Noordwes, Noord-Kaap en Namibië

ATKV-tak Windhoek bied 'n nasionale skryfskool aan.

Vrystaat

ATKV-tak Jan Brand bied 'n Idioomplakkaatkompetisie aan.

KwaZulu-Natal en Oos-Vrystaat

ATKV-tak Paulpietersburg vereer Corné van Rooyen, skrywer, vir haar tiende boek.

Oos- en Suid-Kaap

ATKV-tak Brandervolts bied produksies vir taalliefhebbers aan met 'n fokus op voorlesing, toneel en sang.

Boland en Karoo

ATKV-gesinstak Worcester bied 'n kreatiewe taal-en-kunskompetisie "Afrikaans, jou lekker ding!" aan.

Die Skiereiland en Weskus

ATKV-tak Atlantis help kinders met leesprobleme met sy Atlantis-leesprojek.

Noord-Oos-Kaap

ATKV-jeugtak Taalkibboets bied 'n Idioom-dag vir die leerders van die Zastron Gekombineerde Skool aan.

Noord-Oos-Kaap

ATKV-jeugtak Prieska se Idioom-skatte jag was 'n groot treffer.

TAKKE WAT 'N GEHALTE-PROJEK TEN OPSIGTE VAN DIE ATKV SE VIER HOOFFOKUSSE AANBIED: **KUNSTE**

Gauteng en Limpopo

ATKV-tak Waterberg se Waterberg Kunstefees word goed deur 20 naburige skole ondersteun.

Gauteng en Mpumalanga

ATKV-jeugtak Kwinkslag Brigade stel 'n kwartaallike skoolkoerant bekend.

Noordwes, Noord-Kaap en Namibië

ATKV-tak Duine bied boekbekendstellers aan om skryfkuns te bevorder.

Vrystaat

ATKV-tak Gemeenskapsteater se produksie Hanna lok 2257 teatergangers.

KwaZulu-Natal en Oos-Vrystaat

ATKV-tak Durban hou 'n interkulturele wynproe met Suid-Afrikaanse en Italiaanse wyne.

Oos- en Suid-Kaap

ATKV-tak Kirkwood se koffiewinkel by die Kirkwood Wildsfees het moë feesgangers met vermaak en versnaperinge gelawe.

Oos- en Suid-Kaap

ATKV-tak Peaat se jaarlikse teaterproduksie slaag daarin om amateur-teater uit te bou.

Boland en Karoo

ATKV-tak Atlantic Stars se jaarlikse gesinskultuurdag lok 700 mense uit die gemeenskap.

Die Skiereiland en Weskus

ATKV-tak Wesbank ondersteun die jeug om by die ATKV se rieldanskompetisie betrokke te raak.

Noord-Oos-Kaap

ATKV-jeugtak Kletsers Sonder Grense laat die vreugde van Paasfees herleef met sy Passiespel.

Noord-Oos-Kaap

ATKV-jeugtak Marlow se Plaasteater samel R39 000 in om die skoolsaal op te knap.

TAKKE WAT 'N GEHALTE-PROJEK TEN OPSIGTE VAN DIE ATKV SE VIER HOOFFOKUSSE AANBIED: **GEMEENSAP**

Gauteng en Limpopo

ATKV-tak Vereeniging se Oophandprojek verskaf hulp aan verskeie instellings.

Gauteng en Mpumalanga

ATKV-jeugtak Kosmosrand se Trippe Trappe Trone, Kouse vir jou Toneprojek samel kouse vir behoeftige kinders in.

Noordwes, Noord-Kaap en Namibië

ATKV-tak Thabazimbi bied Tambotie-tehuiskonserte vir verswakke bejaardes by die Kunstegrot aan.

Vrystaat

ATKV-tak Senekal rig onder meer 'n biblioteek vir Tehuis Westerson in.

Vrystaat

ATKV-tak Ficksburg ontdek 'n gastronomiese wêreld met sy Om die Wêreld-ete.

KwaZulu-Natal en Oos-Vrystaat

ATKV-jeugtak Lekkerjoli hou 'n swierige winterbal om fondse in te samel vir leerders wat nie skoolklere/skryfbehoeftes kan bekostig nie.

Oos- en Suid-Kaap

ATKV-tak Gamtoosvallei bederf "Oudorings" (65 en ouer) tydens 'n gesellige kuieroggend. ATKV-tak Blinkers vier taal, kuns en kultuur met 'n spogtee.

Boland en Karoo

ATKV-gesinstak Wellington bied 'n kultuurpiekniek en plaashekmark ten bate van Huis Serenata by Arauna aan.

Die Skiereiland en Weskus

ATKV-tak Helderberg bemagtig weerlose vroue van die gemeenskap met projekte.

Noord-Oos-Kaap

ATKV-jeugtak Rhenosterberg spreek saam met ander rolspelers ledigheid onder die jeug in Middelburg aan.

TAKKE WAT 'N GEHALTE-PROJEK TEN OPSIGTE VAN DIE ATKV SE VIER HOOFFOKUSSE AANBIED: **ONDERWYS**

Gauteng en Limpopo

ATKV-tak Centurion vereer honderde Afrikaanse leerders met PPS-skouerbande.

Gauteng en Mpumalanga

ATKV-jeugtak Comienzo ondersteun plaaslike skole met hul jaarlikse gemeenskapsdiens en leerdershandleiding.

Noordwes, Noord-Kaap en Namibië

ATKV-Rooiduin gee 'n resepteboek uit waarin al die voorgeskrewe resepte vir Verbruikerstudies in die Noord-Kaap verskyn.

Vrystaat

ATKV-tak Andalusia toets leerders se algemene kennis met 'n prettige kompetisie.

KwaZulu-Natal en Oos-Vrystaat

ATKV-gesinstak Reitz bederf matrieks tydens 'n Matriek-erkenningsereemonie.

Oos- en Suid-Kaap

ATKV-tak Langsous vir hul algehele fokus op die welstand van Mosselbaaise leerders.

Boland en Karoo

ATKV-tak Tehilah bied 'n motiveringseminaar vir opvoeders van Touwsrivier aan.

Die Skiereiland en Weskus

ATKV-tak Twaalfuurkop bemagtig onderwysers en leerders met 'n onderwyssimposium.

Noord-Oos-Kaap

ATKV-tak Spandaukop bied in samewerking met Graaff-Reinet se jeugtakke 'n dinamiese beroepsaand aan. ♡



n (regs), voormalige staatspresident
at ook veertien jaar lank beskermheer
, ontvang sy erelidmaatskap van die
ertie Heckroodt, voorsitter van die



nnie Venter (regs) van Pretoria, ontvang sy serti-
ir erelidmaatskap van mnr. Bertie Heckroodt.
enter, voormalige hoofvoorsitter van die ATKB,
belangrike rol gespeel in die eenwording van die
en die ATKB.





VARS VISIE VIR 'NUWE' SA

IN HIERDIE LAASTE HOOFSTUK OOR
DIE ATKV SE KULTURBYDRAE OOR
90 JAAR VAL DIE FOKUS OP DIE
AFGELOPE DRIE DEKADES: OP DIE
ATKV SE ROL AS INKLUSIEWE
ORGANISASIE, WAT 'N BYDRAE WIL
LEWER TOT 'N BETER SUID-AFRIKA ...

Die jaar 1990 was 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse politiek nadat pres. F.W. de Klerk die dramatiese veranderinge aangekondig het wat tot die 1994-verkiesing en 'n nuwe demokratiese bestel vir alle Suid-Afrikaners gelei het.

Die ATKV het hierdie veranderinge nie vrygespring nie, maar verskeie maniere gevind om daarby aan te pas. Seker die belangrikste besluit wat die organisasie destyds geneem het, was om in 1991 sy lidmaatskap vir alle rasse oop te stel. ►

Dit sou die grondslag lê vir pogings om die ATKV se beeld as 'n organisasie eksklusief vir Afrikaners te verander na een van inklusiwiteit vir alle Afrikaanssprekendes en vir enige Suid-Afrikaner wat hom of haar met die vereniging se doelstellings vereenselwig.

'n Belangrike deel van die ATKV se visie is dat hy 'n bydrae wil lewer tot 'n suksesvolle Suid-Afrika. Die nuwe staatsbestel het die organisasie in die 90's gedaag om daad by die woord te voeg en die ATKV het hom met oorgawe in die stryd gewerp – en sy verbintenis tot die vestiging van 'n verenigde samelewing op verskeie maniere bevestig.

“Nkosi Sikelel' iAfrika” is deur prof. Hans du Plessis van die ATKV-Skryfskool in Afrikaans vertaal. In 1993 fasiliteer die ATKV 'n Nasionale Kultuurforum bestaande uit 'n hele kompie kultuurgroepe, wat op 'n gereelde basis sake van kulturele belang bespreek het. Daaruit het 'n “Multikulturele dag” ontstaan, wat jaarliks gehou is om Suid-Afrika se rykdom aan kulture te vier. Die ATKV was ook betrokke by die landwyse Vredesveldtog, wat in 1993 momentum gekry het.

Sy betrokkenheid by instellings soos die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, die nasionale taakgroep vir kuns en kultuur (Actag), die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid, die Nasionale Vrouekoalisie en die grondwetskrywende komitee het verseker die ATKV

was op nasionale vlak deel van die besluitneming oor taal- en kultuurkwessies.

Een van die veelseggendste pogings om na die nuwe maghebbers uit te reik was toe die destydse presidente Nelson Mandela (1995) en Thabo Mbeki (1998) genooi is om as openingsprekers by ATKV-kongresse op te tree.

FEESTE EN OPSKOPPE

Sedertdien het die organisasie voortgegaan om op groot skaal sy bestaande projekte uit te brei en nuwes van stapel te stuur; met 'n toenemende fokus op inklusiwiteit en deelname.

Hoogtepunte in dié verband in die laaste 30 jaar sluit in:

- In 1993 word J.P. van der Walt Uitgewers aangekoop en dit staan sedert 2000 bekend as LAPA (Lees Afrikaans, praat Afrikaans) Uitgewers;
- In 1993 amalgameer die Afrikaanse Taal- en Kulturbond van die Poskantoor met die ATKV en projekte soos Applous en die nasionale



Van links na regs: Theo Vos (eerste vise-president), Alice Moortens (President), en Iris van Schaer. Agter van links is mev. Tracey van Wyk, Dorret du Toit, Dolly de Wet en Louise Carson.



“ ’N BELANGRIKE ASPEK VAN DIE ATKV SE VISIE IS DAT HY ’N BYDRAE WIL LEWER TOT ’N SUKSESVOLLE SUID-AFRIKA.”

redenaarskompetisie vir hoër- en laerskole en vir studente word deel van die ATKV se kultuurprodukt-aanbod. In 2000 sou ook die Suid-Afrikaanse Polisiediens se kultuurorganisasie, Akpol, met die ATKV amalgameer;

- Sedert 1998 is die ATKV by die meeste kunstefeeste landwyd betrokke;
- ’n Vennootskap ter bevordering van kinderlektuur word met die provinsie Antwerpen in België gesluit;
- Projek Handevat word ingestel met die doel om goeie en arm gemeenskappe te laat saamwerk tot voordeel van albei;
- Die ATKV vier sy 75ste verjaardag in 2005 met ’n landwye produksie bekend as *Afrikiti* as deel van sy “Afrikaans kook!”-veldtog;
- In 2006 word die eerste Rieldanskompetisie by die Taalmonument aangebied en dit het sedertdien al hoe gewilder geword;
- In 2008 begin die ATKV-Dames hul sosiaal-maatskaplike projek bekend as AbbAsorg;
- In 2011 neem die ATKV-Skryfskool aan die Noordwes-Universiteit afskeid van prof. Hans du Plessis, wat sedert die ontstaan daarvan in 1990 die leiding geneem het;
- In 2014 word die ATKV se visiestelling aangepas om te lui: “Vir die ATKV is die Afrikaanse taal, kultuur,

kennis en kreatiwiteit *deel van nasiebou en versoening* en ’n suksesvolle Suid-Afrika”;

- Die ATKV verdeel van 1 Maart 2016 in twee afsonderlike maatskappye, ’n houermaatskappy bekend as ATKV-MSW (maatskappy sonder winsbejag) en ’n 100%-sakefiliaal bekend as ATKV-Sake;
- Sedert 2017 fokus die ATKV toenemend op die posisie van Afrikaans in ’n meertalige Suid-Afrika. Moedertaalonderrig word as prioriteit bevorder;
- ’n Spelkompetisie vir eerste- en tweedetaalsprekers, ATKV-Spelathon, word in 2017 landwyd uitgebrei en projekte in skryf-en-leesgeletterdheid word steeds aangebied; en
- Teen 2019 was daar 312 ATKV-takke landwyd en die vereniging se ledetal het gestaan op 69 953 en die personeelgetal op 865.

In die woorde van Sonél Brits, besturende direkteur van ATKV-MSW, is die ATKV se “selfopgelegde taak” in 2020 steeds om “om te sien na die diverse Afrikaanse gemeenskap se taal- en kultuurbehoefes met sy fisieke, intellektuele en morele komponente”.

Ná 90 jaar wil die organisasie steeds die verskil maak wat hy al dekades lank vir Afrikaans in Suid-Afrika is. ♣

DEUR DR. EVELYN D. FERREIRA

Seefront Solders
« SUITE 10 - 15

KRY JOU BLEEK LYF IN DIE ATKV-SON!

NÁ 'N UITMERGELENDE GREDELTYD EN 'N YSKOUE WINTER IS DIE MEESTE VAN ONS MAAR BLEEK. MOEG VIR ONS HUIS EN LUS VIR 'N LEKKER WEGBREEK. EN WAAR DAN BETER AS 'N VRIENDELIKE, VEILIGE ATKV-OORD?





Vra maar vir enigiemand wat hy of sy die meeste tydens die staat van inperking gemis het, en die meeste van hulle se antwoord gaan dalk dieselfde wees: Vryheid.

Die vryheid om provinsiale en selfs nasionale grense te kan oorsteek.

Om sorgelose dae langs die viswater te kan deurbring of te kyk hoe die branders aangerol kom, terwyl jy met jou tone in die sand grawe en die seemmeue bo jou kop swiep.

Die Covid-19-pandemie en die staat van inperking het ons vir maande in ons huis en ons buurt vasgekeer en vakansiebestemmings soos die ATKV-oorde was gesluit.

Nou, danksy die verslapping van die regulasies, is dié beproewing eers verby en jy kan weer jou woonwa haak, jou baaikostuum inpak en vir 'n paar dae by enige van dié vereniging se spoggerige oorde gaan uitspan.



ONTSPAN, JY'S VEILIG HIER

Die departement van toerisme het tydens die inperkingstyd opdrag aan die gasvryheidsbedryf gegee om maatreëls in te stel om die veiligheid van vakansiegangers te verseker. Volgens Schalk Cilliers, besturende direkteur van ATKV-Sake, voldoen al die oorde aan dié vereistes.

“Die Toerismeraad van Suid-Afrika het in samewerking met Fedhasa [die nasionale vereniging vir die gasvryheidsbedryf] ’n baie volledige stel protokols en regulasies saamgestel en dit is by die ATKV-oorde in

werking gestel,” sê Schalk.

“Ons personeel het die nodige opleiding ontvang om in die nuwe, veranderende omstandighede hul dienste te verrig. Daar is ook duidelike aanduidings oor die skoonmaak van eenhede, ablusieblokke en openbare en ontspanningsareas.”

Die volledige reëls is op die ATKV se webwerf te kry (<https://www.atkvoorde.co.za/covid-19-protokol/>).

“Die ontspanningsareas word in sessies besoek om te keer dat te veel mense op een slag daar is, en tweedens om alle toerusting, meubels en areas te ontsmet en te berook om die veiligheid van vakansiegangers te verseker,” sê Schalk.

Al die oorde het teen 18 September weer hul deure oopgemaak, maar ingevolge die jongste regulasies word hulle tot die helfte van hul verblyfvermoë beperk. ►

Geen dagbesoekers word nog toegelaat nie. Desondanks word hulle deur voornemende besoekers oorval sedert reis oor provinsiale grense weer toegelaat word, sê Schalk.

“Die naweekbesprekings tel mooi op, maar daar is nog uitdagings met die maak van middelweek-besprekings. Ons hoop dat ons teen Oktober die gemiddelde besetting van 50% sal behaal. Sodra die lente aanbreek en die somer kom, word veral die naweke beter beset en hopelik is dit ook vanjaar die geval.”

Hulle poog om van die oorde ’n “veilige hawe” vir vakansiegangers te maak. “Baie mense wil as gevolg van die lang inperking net ’n bietjie uitkom en dan is die ATKV-oorde die regte plek om na te ontsnap. Die personeel sal verseker dat die oorde veilig is en as almal die regulasies nakom, hul afstand handhaaf, hande was en hul maskers dra waar nodig, sal die omgewing van ’n oord veilig wees om te kan ontspan en rus.”

DIE EILAND WYS HOE

Volgens Bennie Steenkamp, oordbestuurder by die ATKV-Eiland Spa, is hulle verras deur die steun wat hulle van oordgangers ontvang. Dit was een van die eerste oorde wat oopgemaak het en hulle doen reeds sedert 17 Augustus weer sake.

“Dit gaan regtig goed met die oord en mense kom kuier. Ons is steeds onder 50% van kapasiteit en aanvaar steeds besprekings,” sê Bennie. Hulle is veral oor naweke besig en verwag dit gaan oor die langnaweke in dié tyd van die jaar toeneem.

“Die oordgangers is gemoedelik en almal handhaaf hul afstand. Hulle verstaan die regulasies en probeer daarby hou.”

Volgens Bennie word die stoele en die swembadarea ’n paar keer per dag ontsmet. “Die chloor in die swembadwater help dat enige kieme doodgemaak word!”

By die onderdakswembad word daar slegs 20 mense op ’n slag toegelaat en Bennie sê oordgangers word gevra om dié swembad slegs vir ’n halfuur te gebruik om ander ook ’n kans te gee.

“In die woonwapark het ons al die nodige kennisgewings op om te verseker almal is bewus van die regulasies. Ook word net elke tweede woonwastaanplek gebruik. Die rondawels gebruik ons almal, omdat hulle ver van mekaar is.

“Ná elke bespreking saniteer en berook ons elke eenheid deeglik om te verseker dat dit skoon is voordat

“DIE OORDGANGERS IS GEMOEDELIK EN ALMAL HANDHAAF HUL AFSTAND. HULLE VERSTAAN DIE REGULASIES EN PROBEER DAARBY HOU.”



die volgende gaste kom.”

Selfs die Swaeltjies, meestal pensioentrekkers wat jaarliks daar kom staan, het teruggekeer. “Hier is ’n hele klomp van hulle,” sê Bennie. “Baie van hulle sê dit is die eerste keer in tien jaar dat hulle die winter moes trotseer omdat hulle nie hier kon wees nie. Sommige moes selfs ’n hele klerekas wintersklere gaan koop het.”

Hulle is erg opgewonde om weer oordgangers te kan verwelkom. “Dit is so lekker om weer mense in die oord te sien en te ervaar hoe heerlik gesinne ontspan, ondanks die virus.” 🌿

DEUR JACQUES MYBURGH

DIE GRENS TUSSEN PRAAT EN DOEN

DEUR KOOS KOMBUIJS

Toe die vreeslike herrie 'n ruk gelede begin losbars oor die slagspreuk “Black Lives Matter” (BLM) het ek in 'n diepe depressie verval.

Ek kon nie verstaan hoekom nie. Die saak van BLM het tog duidelike en ooglopende meriete gehad. Die feit dat sistemiese rassisme in Westerse lande bestaan, is tog nie iets wat ons nou eers ontdek het nie. Dit bestaan al lankal.

Reeds in 1975 het Bob Dylan in sy liedjie “The Hurricane” gesing:

“If you're black you might as well not show up on the street
'Less you wanna draw the heat”

Wat ek nie kon verstaan nie, was waarom ek, ten spyte van die feit dat ek die idee van BLM verstaan en ondersteun het, nie die gebruiklike swart *status updates* in my sosiale media kon plaas nie.

Iets het my gekeer.

Net soos iets my sou gekeer het as iemand, hetsy 'n vertroueling of 'n ANC-minister, van my sou verwag het om te kniel ter wille van die ideologie van BLM. (Durf ek dit 'n ideologie noem? Is naasteliefde 'n ideologie?)

Die knielery sou ek dalk nog kon regkry. Hoewel 'n mens aan die een kant sou kon sê “ek kniel slegs voor God, en nie voor 'n mens nie”, is dit 'n feit dat Jesus die idee van mekaar se voete was goedgekeur het. En al is voete-was net 'n metafoor behels dit tog dat jy voor 'n ander mens kniel. Al is dit net in jou hart.

Maar ek het geweet ek sou nooit kniel nie, en ek wou nie swart *status updates* plaas nie. Ek het vir myself gesê ek is bang vir *virtue signalling* (om vir almal te wys hoe 'n goeie mens ek is). En dalk was daar iets in daardie verskoning.

Om 'n swart prentjie as *status update* te plaas neem per slot van rekening slegs 'n oomblik. Dit verg geen heldemoed nie. En om voor iemand te kniel, of sommer net te kniel, om watter rede ook al, is regtig die maklikste ding ter wêreld. Ek kniel gereeld in my plaaslike biblioteek om te sien watter boeke is op die onderste rak.

Om waarlik rassisme in jouself te herken en te oorwin, is 'n ietwat langer proses.

Op die ou end het ek besluit dit gaan nie slegs oor my vrees vir *virtue signalling* nie. Die opofferings wat BLM van my vereis het, was eenvoudig te maklik. Dit het te veel soos *gimmicks* gevoel.

Ons weet almal daar is 'n enorme groot grens tussen praat en doen, tussen die meme op die T-hemp en die innerlike oortuiging. Die feit dat rassisme bestaan, dat dit geweldig wyd verspreid is, is nie iets waarmee enige regdenkende mens sal verskil nie.

Maar daar is ander maniere om die probleem te takel. Vir my as sogenaamde “blanke”, en boonop as Afrikaanssprekende man – drie kenmerke wat ek deel met miljoene ander, kenmerke wat ek nie gekies het nie, maar waarmee ek gebore is sonder dat ek enigets daaraan kon verander – is daar ander dinge wat ek kan doen om die rassisme in myself te genees en te oorkom.

Want so is dit: Selfs al is ek nie van nature rassisties nie, het ek as kind grootgeword in 'n samelewing waarin rassisme nie alleen goedgepraat is nie, maar waarin dit amptelike beleid was.

Goed, ek het geprotesteer teen apartheid. Hoe effektief die protes van Voëlvry werklik was, polities gesproke, weet ek nie nou meer vir seker nie. Dit was waarskynlik meer effektief om Afrikaanse mense aan die sing te kry as om apartheid af te breek of die Nasionale Party tot 'n val te bring. En daarvoor vra ek nie om verskoning nie.

Daar is ander dinge wat ek probeer doen, op my klein manier, om 'n bydrae te maak tot gelykheid en respek teenoor alle mense en veral teenoor swart mense. Ek het my kinders grootgemaak in 'n huis waar die k-woord nooit gebruik is nie. Ek is besig om Xhosa te leer. Ek koop soms *The Big Issue* op straathoeke.

Aan my vriende wat fanaties is oor BLM wil ek sê: Ek het geen probleem met julle passie nie. Om die waarheid te sê, ek ondersteun jul passie. Maar ek kies om daardie selfde passie op 'n effens ander maniere uit te leef.

So help, my God, hier staan ek, sonder om te kniel, en sonder 'n swart profiel-prentjie op Instagram.

Moet my asseblief nie oordeel nie. Dit sal my depressie net erger maak. 🍀

Foto: Shutterstock

DIE BLIKSEMSE GOLIAT

DEUR FOURIE ROSSOUW

“D is ’n tragedie op tragedies,” breek ’n vriend die stilte nadat ons woorde opgeraak het oor die vuurdood van drie gesinne in die Kalahari. Die houthuis waarin hulle vir die naweek uitgespan het, het in die middel van die nag aan die brand geslaan. Binne enkele minute was alles verby. Uit die 13 mense het slegs drie oorleef, van wie een ’n baba is. Vir weke daarna het ’n lendelamheid my beetgepak. As ek my kon kry, was my gedagtes daar by hulle in die vuur, saam met dié wat gesterf het en dié wat oorleef het.

’n Klompie weke voor hierdie hartseer gebeurtenis het ek en my vrou wakker geword van ’n groot slag, gevolg deur ’n tweede, en selfs groter, een.

Ek was vinnig uit die bed en het my weg gevind deur die donker huis na waar ek die geluid gehoor het. Toe ek tot verhaal kom, het ek met ’n skok ontdek dat een of meer skarminkels ons garagedeur oopgeruk en my fiets gesteel het. Sedertdien hou ons ou huis se nagkrake my meer gereeld wakker.

Ons het moedig probeer om die inbraak van ons kleuters se ore weg te hou, maar helaas luister hulle fyners as wat ’n mens dink.

Tussen die aan- en afsit van alarms, die gesprekke met die sekuriteitsmaatskappy en die installering van ’n formidabele nuwe hek voor ons oprit, was dit net ’n kwessie van tyd voor dit ook in ons kinders se menswees vatplek gekry het.

So droom ons seuntjie toe die ander aand van Goliat. Angsbevange het hy na my geroep en toe ek by hom kom, was al wat kon uitkry dat Goliat in ons huis is. Gelukkig het ons darem die verhaal redelik goed onder die knie en kon ek hom herinner dat Dawid vir Goliat met ’n klip teen die kop katswink gegooi het en daarna sy kop met ’n swaard afgekap het.

“Goliat is dood, my kind. Jy hoef nie vir hom bang te wees nie,” het ek hom getroos totdat hy weer aan die slaap geraak het. Vir ’n goeie week of wat het hy daarna

elke aand voor slaaptyd gevra waar Goliat is. Deur die loop van die aand wanneer hy met sy blokkies op die mat speel, sal hy soms uit die bloute vra of die alarm aan is, net soos ek en my vrou gereeld vir mekaar vra.

Op die voorlaaste dag van die hek se installasie het die werkers ’n man betrap wat probeer het om ’n gereedskapskas uit een van hulle bakkies te steel. Hulle het hom agterna gesit en met ’n groot gevloek en geraas terug gesleep tot reg voor ons huis. Daar het hulle hom vasgebind en op die polisie gewag.

Tussendeur het die beweerde dief deurgeloopt onder sedepreke en dwarsklappe. Die volgende dag het hy ’n saak van aanranding by die polisie teen die hekmanne aanhangig gemaak.

“You know, I’m so gatvol for this country,” sê die voorman nadat hy die nuus van die aanrandingsaak met my gedeel het. Dít terwyl ons albei staan en kyk na die vele foute wat hy en sy span gemaak het met die bou en insit van die hek. In die week vooraf het ons bykans elke dag vasgesit oor hul swak vakmanskap en hul stadige, sloerende diens.

Sy woorde laat my gedagtes vir ’n oomblik dwaal. Ek dink weer aan die ouers wat in die brand dood is om hul kinders te red. Ek dink aan my nagwandelings in die huis om te kyk of alles oukei is. Ek dink aan my seuntjie wat te vroeg in sy lewe moet wonder oor alarms en hekke. Ek dink aan die man wat op sy hurke voor ons huis sit met sy hande agter hom vasgebind.

Die bliksemse Goliat bly spook by ons.

“We’ll make it work,” antwoord ek hom oor die skewe planke in die hek.

Hy dink ek praat oor die land en antwoord: “You’re right. We’ve come a long way.”

En toe sê hy: “Waar is jou kerk nou weer? My wife and I have been trying to do it on our own with the kids and God. Maar die Here weet, hulle het baie vrae en al wat ek ken, is die storie van Dawid en Goliat.” ♣